(Bantoes 75 (44), Asiate — (1), Kleurlinge 2 (—)).

	Blankes	*Bantoes*	*Asiate*	*Kleurlinge*
Op spoorweë	2 (—)	6 (2)	— (—)	—(—)
Per motor, padvoertuie (buiten motorfietse)	37 (17)	37 (16)	— (—)	1 (—)
Per motorfietse	2 (10)	— (—)	— (—)	— (—)
Per giftige diere	— (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per traffietse	— (3)	— (—)	— (—)	— (—)
Per padvoertuie (nie motor nie)	— (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per brandwonde (nie verwoestende brande nie)	— (—)	6 (2)	— (—)	— (—)
Per werktuiglike verstikking	1 (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per verdrinking	2 (1)	1 (4)	— (—)	— (—)
Per val	7 (4)	8 (4)	— (—)	— (—)
Per verwoestende brand	— (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per narkosemiddels	4 (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per gifgasse	— (1)	1 (—)	— (—)	— (—)
Per sny- of steekvoorwerpe	— (—)	1 (1)	— (—)	— (—)
Per vergiftiging (nie met gas nie)	1 (1)	— (2)	— (1)	— (—)
Per masjinerie	— (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per vuurwapens	— (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Per elektriese stroom	1 (1)	1 (1)	— (—)	— (—)
Ander en onaangeduide ongelukke	22 (2)	13 (12)	— (—)	1 (—)
Per weerlig	— (1)	1 (—)	— (—)	— (—)
	79 (41)	75 (44)	— (1)	2 (—)

BESONDERHEDE VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES WAT GEDURENDE DIE JAAR AANGEMELD IS

Alle syfers vir verlede jaar (1 Januarie tot 31 Desember 1959) verskyn tussen hakies. Tabelle wat gebiedsverspreiding, ouderdom, voorkoms en seisoensverspreiding aandui, verskyn aan die end van die verslag. Syfers ten opsigte van Vlakfontein, die lokasie wat onder munisipale beheer staan en ongeveer tien myl ten ooste van die munisiaple grens geleë is, word by die verslag ingesluit.

Lees die verslag saam met die gedeelte oor die Afsonderingshospitaal.

	Blankes	*Nieblankes*	*Totaal*
TIFOÏDE:			
Plaaslike gevalle	5 (6)	17 (26)	22 (32)
Ingevoerde gevalle	9 (12)	51 (91)	60 (103)
Voorkomssyfer per 100,000 (plaaslike gevalle)	3.2 (3.8)	8.7 (14.03)	6.5 (9.4)
Sterftes onder plaaslike gevalle	— (1)	— (7)	— (8)

Plaaslike gevalle:

Al die Nieblanke gevalle was Bantoes.

Dit is verblydend om te merk dat geen sterfgevalle aangemeld is nie.

Agtien (5 Blankes en 13 Bantoes) van die gevalle is na die Afsonderingshospitaal verwyder. Drie (almal Bantoes) is in die Militêre Hospitaal te Voortrekkerhoogte en 1 ('n Bantoe) in die Yskorkamponghospitaal vir behandeling opgeneem. Geen sekondêre besmettings is aangeteken nie. Daar was geen uitbrekings deur melk veroorsaak nie.

Gedurende nasporings is 4 verdagtes getoets vir die moontlike draertoestand.

Die verslae oor bloedmonsters van een was Vi (+) maar daar is geen ingewandsbasille by herhaalde ontlastings- en urinetoetse opgespoor nie.

TOETSE IN VERBAND MET DIE TIFOÏDE-DRAERTOESTAND

	Getal persone getoets vir Vi	*Bloed Vi-positief bevind*	*Ontlasting en urien positief bevind*
Tifoïdetoetsing	4	1	—
Moontlike melkerywerkers	155	13	—
Ander voedselhanteerders	75	4	—

Hoewel sommige gesaghebbendes beweer dat die Vi-toets onbetroubaar is, is daarop gewys dat dit uiters belangrik is dat voornemende werknemers by die Waterwerke, melkerywerkers en, waar moontlik, voedselhanteerders hierdie toets ondergaan. In die afgelope paar jaar het ons twee baie aktiewe draers ontdek onder diegene wat aldus getoets is. Hierdie twee draers is nou by die Stadsraad in diens en word gedurig op nougesette wyse waargeneem.

Tifoïde-draerkamp.

Nieblanke melkerywerkers, werknemers by die munisipale waterwerke, en ander Nieblanke werknemers wat met voedsel werk en persone wat met 'n geval van tifoïde in aanraking was, word gereeld deur die Gesondheidsafdeling ondersoek. Manlike gevalle wat Vi-positief is, word onmiddellik deur die Raad in diens geneem en in die tifoïde-draerkamp gehuisves, wat uit ses hutte met die nodige kook- en wasgeriewe bestaan. Hier word hul ontlasting en urine gereeld ondersoek en hulle word onder beheer gehou.

Getal inwoners in die tifoïde-draerkamp op 1 Januarie 1960	10
Getal gedurende die jaar opgeneem	9
	19
Getal gedurende die jaar ontslaan	8
Nog in kamp of 31 Desember 1960	11

Ingevoerde gevalle:

Van die ingevoerde gevalle was 4 (2 Blankes en 2 Bantoes) inwoners van Pretoria wat die siekte buite die Pretoriase munisipale gebied opgedoen het. Die origes, 7 Blankes, 3 Kleurlinge en 46 Bantoes, is pasiënte wat regstreeks van buite die munisipale gebied af in die hospitaal opgeneem is.

POLIOMIËLITIS:

Dit is verblydend om op te merk dat die siekte weer 'n tydperk van lae voorkoms getoon het, maar daar bestaan alle rede om aan te neem dat sommige van die gevalle vermy kon geword het, as die publiek nie nalatig was om hul kinders teen die siekte te immuniseer nie. Die aandag van die publiek is dikwels deur middel van die pers, radio en deur lesings gevestig op die belangrikheid van immunisering teen poliomiëlitis.

	Blankes		*Nieblankes*		*Totaal*	
Plaaslike gevalle.....	17	(13)	10	(11)	27	(24)
Ingevoerde gevalle.....	22	(13)	16	(16)	38	(29)
Voorkomssyfer by plaaslike gevalle per 100,000.....	10.9	(8.4)	5.2	(5.9)	7.7	(7.07)
Sterftes by plaaslike gevalle.....	4	(—)	—	(—)	4	(—)

Plaaslike gevalle:

Van die tien Nieblankes wat aangemeld is, was 2 Asiate, 1 'n Kleurling en 7 Bantoes.

Soos in vorige jare bly die ouderdomsgroep 1–5 jaar steeds die vatbaarste, soos in die volgende tabel aangedui word:—

VOORKOMS VOLGENS OUDERDOM.

	0–1 *jaar*	1–5 *jaar*	6–10 *jaar*	11–15 *jaar*	16–20 *jaar*	21 *jaar* *en ouer*	*Totaal*
Manlikes.....	—	14	—	—	—	—	14
Vroulikes.....	2	8	—	—	2	1	13
TOTAAL....	2	22	—	—	2	1	27

Drie (2) van die pasiënte was volwassenes, geen (7) was skoliere en 24 (15) was kinders van voorskoolse ouderdom.

Al die pasiënte is vir behandeling in die Afsonderingshospitaal opgeneem, behalwe een geval wat in die Boksburghospitaal opgeneem is. Daar was geen bekende sekondêre besmetting nie.

Van die 27 gevalle het 18 (10 Blankes, 1 Asiaat en 7 Bantoes) verskillende grade van verlamming opgedoen en 4 (3 Blankes en 1 Asiaat) het slegs spierverswakking (parese) ondervind. Vyf gevalle (almal Blankes) het geen verlamming of parese hoegenaamd gehad nie.

Vier van die pasiënte, almal Blankes, is ongelukkig dood. Drie van hulle was manlik met ouderdomme 4, 4 en 2½ jaar en een 'n vrou van 32 jaar.

Gedurende die jaar is twee immuniseringsveldtogte gehou.

Gedurende die eerste veldtog is 'n poging aangewend om soveel skoolgaande kinders soos moontlik in Pretoria met die Salktipe-entstof te immuniseer.

Ten einde vas te stel hoeveel kinders immunisering vereis, is omsendbrief-/vraelys-/toestemmingsvorms deur die samewerking van die skoolpersonele aan die ouers van alle skoolgaande kinders gestuur. Op hierdie vorms, wat aan skoolhoofde teruggestuur moes word, moes ouers besonderhede verstrek van vorige immuniserings teen poliomiëlitis en moes hulle hul toestemming gee dat die Gesondheidsafdeling verdere dosisse kon toedien, indien nodig.

Die sorteer en saambring van die inligting wat aldus verkry is, was 'n groot taak. Dit het 16 inspekteurs 3½ dae geneem om hierdie vorms in groepe te sorteer, d.w.s. dié wat 1 inspuiting, 2 inspuitings ens. vereis het. Uit hierdie inligting is bevind dat uit 37,000 skoliere in Pretoria, ± 17,000 òf 3, 2 of 1 verdere inspuiting of die hele kursus vereis het. Die origes het òf hul kursus van inspuitings voltooi òf het nie belang gestel nie.

Programme is opgestel en al die skoolhoofde verwittig van die prosedure wat gevolg moes word wanneer die immuniseringspanne die skole besoek.

Twee spanne, elk bestaande uit 'n dokter en twee gekwalifiseerde verpleegsusters, is gebruik om die werk te verrig. Hulle is bygestaan deur die Gesondheidsinspekteur in wie se gebied die skool geleë is. Hy het die administrasiewerk gedoen en die geld ingevorder. (Daar was 'n nominale heffing van 1/– per inspuiting vir Blankes). Een van die verpleegsusters in elke span is goedgunstiglik uit die personeel van die Mediese Inspektrise van Skole aan die Afdeling geleen.

Die aantal kinders wat daagliks deur die spanne geïmmuniseer is, het afgehang van die mate van samewerking en organisasie by die verskillende skole. By een geleentheid is meer as 600 kinders deur een span van 8.45 vm. tot 1 nm. geïmmuniseer maar gemiddeld is van 350 tot 400 kinders in 'n oggend geïmmuniseer.

Die twee spanne het die eerste ronde van immunisering by die 65 skole in die 6 weke, 19 April tot 4 Junie 1960, voltooi, toe die aantal skoliere wat geïmmuniseer was, soos volg was:—

Dié wat 1ste inspuiting moes kry	10,626
„ 2de „ „ „	138
3de „ „ „	481
4de „ „ „	6,047
TOTAAL.....	17,292

Gedurende Julie en November 1960 is twee verdere besoeke aan al die skole gebring om skoliere te immuniseer in gevalle waar dit tyd vir die inspuitings was. Die tweede en derde rondes het in elke geval een maand vereis om voltooi te word.

Dit is verontrustend om daarop te let dat van die 17,292 kinders wat by die eerste besoek aan die skole geïmmuniseer is 10,626 kinders was van ouers wat, hoewel hulle bereid was om die immunisering te laat toedien, nagelaat het om hul kinders te laat immuniseer op die ouderdom toe die gevaar om poliomiëlitis op te doen die grootste was, d.w.s. tussen die ouderdomme van 1 en 5 jaar.

Die mening word gehuldig dat ongeveer 75% van alle skoolgaande kinders teen die einde van die derde fase van die veldtog met die Salkentstof geïmmuniseer is.

Die tweede veldtog was die gevolg van 'n beslissing van die Unieregering om die lewende verswakte poliomiëlitisvirus gedurende Oktober 1960 aan die publiek beskikbaar te stel vir immunisering teen die siekte.

Hierdie veldtog was baie uitgebreider deurdat dit van toepassing was op Blankes, Kleurlinge, Asiate en Bantoes in sekere ouderdomsgroepe. (Blankes 6 maande tot 30 jaar en alle Nieblankes van 6 maande tot 16 jaar).

Op 19 Oktober 1960 is ons deur die Regering in kennis gestel dat so 'n veldtog gehou sou word. Die goedkeuring van die Raad is verkry en 'n oorbesteding van £12,000 is binne die volgende paar dae vir die doel bewillig. Dit was nodig om die veldtog te hou voordat die baie warm weer begin het en met die oog hierop moes alles met die grootste spoed gereël word.

Die drie vrywillige organisasies, die Rooikruisvereniging, Noodhulpliga en St. John-ambulansvereniging, het gehelp om personeel vir die immuniseringspanne te verskaf. Die Departement van Verdediging het onderneem om die militêre personeel en hul gesinne te immuniseer en Yskor het vir hul personeel en hul gesinne dieselfde gedoen.

Die veldtog is in vier fases gehou: Blanke skoolkinders, die algemene Blanke publiek, Nieblanke skoliere en die algemene Nieblanke publiek.

In die skoolskema is immuniseringspanne na die skole gestuur om die immuniserings daar te doen. In twee dae se werk gedurende skoolure het 47 spanne 27,845 Blanke skoolkinders geïmmuniseer en in nog twee dae het 16 spanne 26,994 Nieblanke skoolkinders geïmmuniseer. Die spanne wat die werk by die Blanke skole verrig het, het bestaan uit lede van die drie vrywillege hulpverenigings onder toesig van en bygestaan deur Gesondheidsinspekteurs. By die Nieblankeskole het die, Gesondheidsinspekteurs die werk verrig. Hulle is weer bygestaan en beheer deur Toesighoudende Gesondheidsinspekteurs. Immuniserings by kleuterskole is deur twee spanne van Gesondheidsbesoeksters onderneem.

Toe die algemene publiek aan die beurt kom, is 31 sentrums deur die hele stad vir Blankes en 11 in die lokasies vir Nieblankes geopen vir twee agtereenvolgende dae in elke geval. Ook in hierdie geval het die spanne in die Blanke gebiede bestaan uit lede van die vrywillige hulpverenigings, onder toesig van en bygestaan deur Gesondheidsinspekteurs en deur Gesondheidsinspekteurs alleen in die Nieblanke gebiede.

'n Kamer is by die Afdeling afgesonder waar entstof verdun is en waar voorrade en toerusting vir die immuniseringspanne voorberei is. Die personeel van hierdie seksie het bestaan uit 'n Gesondheidsinspekteur en 'n Gesondheidsbesoekster. Die dienste van baie ander persone in die Afdeling is in meerdere of mindere mate gebruik om die veldtog voor te berei en te organiseer.

Omsendbriewe met 'n verduideliking van die behoefte aan immunisering en die versoek om hul steun is per pos aan elke huisbewoner in die stad gestuur.

Gereelde artikels is ook in die koerante wat in Pretoria sirkuleer voor en gedurende die veldtog geplaas.

Op 10 November 1960, drie weke na die aanvang van die veldtog, is n begin–gemaak met die immuniserings en hulle is op 30 November 1960 voltooi. Gedurende dié tydperk is die volgende getal persone geïmmuniseer:—

Blanke skoliere by 72 skole	27,845
Nieblanke skoliere by 58 skole	22,845
Blanke publiek by 31 sentrums	22,671
Nieblanke publiek by 11 sentrums	31,521
Polisiekollege, Gevangenisafdeling, Yskor en ander kleiner groepe	8,297
TOTAAL	112,819

Verder is weeklikse immuniseringsklinieke by die Gesondheidsafdeling gehou vir diegene wat nie gedurende die veldtog geïmmuniseer is nie.

Die resultaat in beide die Blanke- en Nieblankeskole, waar 80% van die skoliere geïmmuniseer is, was bemoedigend. Daarteenoor het slegs 36% van die beraamde getal Blankes in die ouderdomsgroep ses maande tot dertig jaar, behalwe die skoliere, hulle vir immunisering aangemeld. Dit is moontlik dat ongunstige weerstoestande destyds iets te doen gehad het met die swak reaksie. Aangesien daar geen betroubare syfers vir Nieblankes in die ouderdomsgroep van ses maande tot 16 jaar beskikbaar is nie, kon die persentasie nie bereken word nie, maar daar word gemeen dat die resultate wat verkry is, ietwat beter was as dié van die Blanke publiek.

Oor die algemeen het die veldtog egter suksesvol en sonder enige onaangename insidente verloop.

In hierdie veldtog is slegs van lewende verswakte virus tipe I gebruik gemaak. Hoewel besef word dat slegs een toediening van slegs een tipe nie genoeg is om voldoende immuniteit te verleen nie, is ons tog van mening dat 'n redelike groot aantal skoliere 'n mate van beskerming geniet het. Ons is egter nie tevrede met die reaksie van die nie-skoolgaande publiek nie en ons vertrou dat daar in hierdie komende jaar beter ondersteuning sal wees wanneer ons, met tussenpose van ongeveer twee maande, dosisse wat aldrie tipes lewende verswakte poliomiëlitisvirusse bevat, sal toedien. Hoewel die toekomstige veldtog 'n groot persentasie van die vatbare groepe immuun sal maak, moet 'n hoë mate van immuniteit in die bevolking gehandhaaf word.

Ten einde hierdie immuniteit te handhaaf, sal in die toekoms nog groter pogings aangewend moet word, met besondere aandag aan kinders in die groep 3 maande tot 5 jaar oud, maar veral aan babas nadat hulle die ouderdom van drie maande bereik het.

SKARLAKENKOORS:

	Blankes	*Nieblankes*	*Totaal*
Plaaslike gevalle	79 (95)	— (—)	79 (95)
Ingevoerde gevalle	4 (4)	— (—)	4 (4)

Plaaslike gevalle:

Daar was 'n verdere afname in die voorkoms van hierdie siekte gedurende die onderhawige tydperk. Soos voorheen bly die siekte lig van aard, met komplikasies net in uitsonderlike gevalle.

Een van die gevalle was 'n volwassene, 55 was skoliere en 23 was kinders van voorskoolse ouderdom. Sewe van die gevalle is in die Afsonderingshopsitaal opgeneem en 72 is geïsoleer en tuis behandel.

Daar was 3 sekondêre gevalle. Al die sekondêre gevalle het voorgekom in wonings waaruit 'n onlangse vorige geval berig is. Die ingevoerde gevalle was almal pasiënte wat regstreeks van buite die munisipale gebied in die hospitaal opgeneem is.

DIFTERIE:

	Blankes	*Nieblankes*	*Totaal*
Plaaslike gevalle	22 (13)	61 (73)	83 (86)
Ingevoerde gevalle	18 (20)	80 (54)	98 (74)
Sterftes onder plaaslike gevalle	3 (—)	7 (6)	10 (6)
Voorkomssyfer per 100,000 by plaaslike gevalle	14.1 (8.4)	31.4 (39.4)	24.7 (25.3)

Plaaslike gevalle:

Die Nieblanke gevalle was almal Bantoes. Ses van die gevalle was volwassenes, 32 was skoliere en 45 was kinders van voorskoolse ouderdom. Al die gevalle is vir behandeling in die Afsonderingshospitaal opgeneem. Tien van die pasiënte, drie Blankes en 7 Bantoes, is dood. Hulle is nooit voorheen geïmmuniseer nie.

Sewe (1 Blanke en 6 Bantoes) sekondêre gevalle is aangemeld. Al die sekondêre gevalle het voorgekom in wonings waaruit 'n onlangse vorige geval berig is.

Drie-en-sewentig (16 Blankes en 57 Bantoes) is nooit geïmmuniseer nie, maar 10 (6 Blankes en 4 Bantoes) is tog voorheen geïmmuniseer maar het die siekte slegs in 'n ligte graad gehad.

MENINGOKOKKALE MENINGITIS:

	Blankes	*Nieblankes*	*Totaal*
Plaaslike gevalle	4 (3)	6 (4)	10 (7)
Ingevoerde gevalle	3 (9)	2 (6)	5 (15)

Die Nieblanke plaaslike gevalle was 1 Asiaat, 1 Kleurling en 4 Bantoes. Een van die gevalle, 'n Bantoe wat 5 maande oud was, het gesterf. Al die gevalle is vir behandeling in die hospitaal opgeneem.

Al die ingevoerde gevalle is pasiënte wat regstreeks uit plekke buite Pretoria in die hospitaal opgeneem is.

ANDER AANGEMELDE AANSTEEKLIKE SIEKTES:

	Plaaslik		*Ingevoer*	
	Blankes	*Nieblankes*	*Blankes*	*Nieblankes*
Enkefalitis	10 (6)	— (2)	6 (2)	2 (1)
Belroos	1 (2)	— (—)	— (1)	— (1)
Vergiftiging deur insektegif	2 (—)	— (—)	— (—)	— (—)
Malaria	— (—)	— (—)	2 (13)	— (3)

Inenting teen pokkies:

By die munisipale klinieke is daar gedurende die jaar tweeduisend sewe-en-neëntig Blankes en 3,062 Nieblankes ingeënt, besonderhede waarvan hierna verskyn:—

Blankes:

	Eerste inenting		*Herinenting*		
Ouderdomsgroep	*Manlik*	*Vroulik*	*Manlik*	*Vroulik*	*Totaal*
0–13 maande	463 (450)	489 (459)	22 (27)	26 (22)	1,000 (958)
13 maande tot 6 jaar	373 (372)	330 (335)	45 (39)	18 (31)	766 (777)
Skoliere	105 (88)	103 (105)	35 (47)	53 (40)	296 (280)
Volwassenes	2 (1)	7 (1)	8 (2)	18 (11)	35 (15)
TOTAAL	943 (911)	929 (900)	110 (115)	115 (104)	2,097 (2,023)

Nieblankes:

	Eerste inenting		*Herinenting*		
Ouderdomsgroep	*Manlik*	*Vroulik*	*Manlik*	*Vroulik*	*Totaal*
0–13 maande	1,109 (1,886)	1,341 (1,929)	3 (25)	1 (16)	2,444 (3,856)
13 maande tot 6 jaar	127 (82)	115 (120)	10 (5)	10 (4)	262 (211)
Skoliere	143 (13)	207 (16)	— (—)	— (—)	350 (29)
Volwassenes	2 (3)	4 (2)	— (—)	— (—)	6 (5)
TOTAAL	1,381 (1,984)	1,667 (2,067)	13 (30)	11 (20)	3,062 (4,101)

Voedselvergiftiging:

Gedurende die jaar is een geval van voedselvergiftiging wat tot die dood van twee Bantoekinders aanleiding gegee het, aangemeld.

Op 12 Oktober 1960 het die Afdeling 'n klagte ontvang dat verskeie Bantoes wat voedsel geëet het wat oorgebly het van 'n dinee-dansfunksie in die Stadsaal op 6 Oktober, simptome van voedselvergiftiging ontwikkel het en dat 'n Bantoekind, wat ook van die voedsel geëet het, dood is.

Na ontvangs van die berig, is ondersoek onmiddellik ingestel maar die ondersoek is ernstig bemoeilik omdat die berig eers vyf dae na die gebeurtenis onder ons aandag gebring is.

Die spyskaart by die dinee was soos volg: Ronde broodjies, kaas, olywe, salami, ansjovis, beestong, frikkadelle, saggaar eiers, gebraaide hoender, gebakte aartappels, gemengde groente, Spaanse rys en pluimveebrokkies, souvlakia, Franse slaai—nagereg, vrugteslaai en roomys, swart koffie.

Heelwat van die Spaanse rys en pluimveebrokkies, gebakte aartappels, gebraaide hoender en frikkadel het na die dinee oorgebly. Hierdie artikels is in kartonhouers geplaas vir verwydering deur die Raad se vuilgoedverwyderingsdienste die volgende dag.

Nege van die 21 Nieblanke werknemers by die Stadhuis het wisselende hoeveelhede van hierdie oorgeblewe voedsel die volgende oggend (7 Oktober) geëet. toe hulle aan diens gekom het—tussen 7 vm. en 7.30 vm. Tussen 11 vm. en 12.30 nm. het vyf van hulle simptome van ernstige diarree en vomering getoon, maar vier is nie aangetas nie.

Twee van die gevalle het geneeskundige behandeling gekry en teen 8 nm. op 7 Oktober het die diarree en vomeer by al die betrokkenes opgehou.

In al die gevalle waar diarree en vomering plaasgevind het, is „rys en pluimveebrokkies" geëet. Een van die vier wat nie aangetas is nie, het slegs „hoender" en „frikkadel" geëet en die ander drie het slegs klein hoeveelhede van die rys en ander voedsel geëet.

Op 7 Oktober het twee van bogenoemde naturelle ook voedsel huistoe geneem vir hul gesinne. Die een woon te Vlakfontein- en die ander te Atteridgevillelokasie.

Vier van die lede van die gesin te Vlakfontein het simptome van diarree en/of vomering 3 tot 5 uur na die eet van die rys ontwikkel, maar het almal sowat 8 uur later sonder geneeskundige behandeling herstel.

Aangesien die voedsel wat vir die gesin te Vlakfontein saamgeneem is vir hulle te veel was, is 'n gedeelte daarvan op 8 Oktober aan familiebetrekkinge gegee. Drie persone in hierdie gesin, twee vroulike Bantoes van 3 en $3\frac{3}{12}$ des jaar en 'n manlike Bantoe van $1\frac{4}{12}$des jaar het „rys en pluimveebrokkies" geëet, maar 'n vroulike Bantoe van 56 jaar het slegs „hoender" en „frikkadel" geëet. Die volwasse vroulike Bantoe is onaangetas maar die drie kinders het binne $2\frac{1}{2}$ uur vomering met diarree ontwikkel, een waarvan, die vroulike Bantoe van $3\frac{3}{12}$des jaar, dieselfde dag om 3 nm. oorlede is, hoewel sy om 2 nm. geneeskundige behandeling geniet het. Die ander twee het herstel.

Vyf lede van die gesin te Atteridgeville het almal porsies van die „rys en pluimveebrokkies" op 7 Oktober om 4.30 nm. geëet. Twee was volwassenes en drie was kinders van 5, 3 en 2 jaar. Die volwassenes was onaangetas maar twee van die kinders het ongeveer 3 uur later vomering ontwikkel. Hulle het egter 'n paar uur later herstel.

Die derde kind, 'n vroulike Bantoe van 2 jaar, het vomering en diarree 31 uur nadat sy die vergiftigde voedsel geëet het, ontwikkel. Aangesien hierdie inligting nie ooreengestem het met dié wat van ander gevalle verkry is nie, is die gesin noukeurig ondervra, maar hulle het beklemtoon dat die inligting juis was. Die simptome het sonder verligting voortgeduur en geneeskundige behandeling is om 12-uur middag op 9 Oktober verkry, maar die kind is om 4 vm. op 10 Oktober oorlede.

'n Gedeelte van die vergiftigde voedsel was nog by die gesin te Atteridgeville beskikbaar en is vir ondersoek na die Instituut vir Patologie gestuur. Die volgende verslag oor hul bevindings is ontvang:—

Kweking:

'n Gemengde kweking van 'n verskeidenheid organismes, meestal nie-siektekieme, maar met inbegrip van taamlik talryke gestolde positiewe stafilokokke, is verkry. Geen salmonella, cl. Welchii of cl. Botulinum is geïsoleer nie.

Biologiese Toets:

'n Soutoplossing van die voedsel is in die buikvlies van twee marmotjies ingespuit—geeneen van hulle het enige nadelige uitwerking getoon nie.

Sover vasgestel kon word, is niemand wat die dineedans op 6 Oktober bygewoon het, aangetas nie, en geen onreëlmatigheid ten opsigte van die lewering en voorbereiding van die voedsel kon ontdek word nie.

Dit skyn egter of die voedsel op een of ander onbekende manier na die fuksie, op 6 Oktober, met die siektekiem-organismes besmet is en dat die gevolglike siekte by diegene wat gedeeltes van die besmette voedsel geëet het, veroorsaak is deur een van die siektekieme alleen of deur 'n samestelling van almal.

Die pluimveeafval het klaarblyklik die infeksie veroorsaak, maar dit is interessant en belangrik om daarop te let dat by 'n uitbreking soos hier, nie al die verdagte voedsel noodwendig besmet is nie, of ten minste in so 'n mate besmet is dat dit 'n siekte veroorsaak. Ons moet dit in gedagte hou by ons ondersoeke en onthou dat al die persone wat dieselfde voedsel eet, nie noodwendig siek hoef te word nie.

HOSPITAAL VIR AANSTEEKLIKE SIEKTES

Hierdie hospitaal, 'n inrigting met 90 beddens, behoort aan die Stadsraad van Pretoria en is geleë op die terrein van die Pretoriase Algemene Hospitaal.

Die sale vir Blankes wat heeltemal van die Nieblanke-afdeling geskei is, kan 50 pasiënte huisves terwyl die sale vir Nieblankes 40 beddens bevat. Daar is nie afsonderlike huisvesting vir Asiate- of Kleurlingpasiënte nie, maar waar moontlik word hulle in private enkel- of tweebedsale verpleeg.

Die personeel van die Nieblanke-afdeling bestaan uitsluitlik uit Bantoeverpleegsters behalwe nou en dan 'n Kleurlingverpleegster wat opleiding in die Pretoriase Algemene Hospitaal ondergaan.

Geldelike Reëlings:

Die Pretoriase Hospitaalraad voorsien al die verplegingspersoneel, aptekersbenodigdhede, X-straalfasiliteite, rantsoene, linne en wasgeriewe, stoom, lig en water, sowel as die onderhoud van die geboue en toerusting.

Hiervoor betaal die Stadsraad 'n vasgestelde bedrag per pasiënt per dag vir dié pasiënte vir wie hy geldelike verantwoordelikheid aanvaar. Hierdie bedrag word periodiek deur onderlinge ooreenkoms gewysig as stygende koste dit regverdig.

Daar word ook onderling gereël dat die Spesialistepersoneel van die Algemene Hospitaal vir raadpleging by die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes beskikbaar is, terwyl die Stadsraad se Geneeskundige Beamptes 'n dag-en-nag-raadplegingsdiens vir aansteeklike siektes voorsien, wat veral deur die personeel van die Ongevalle- en Opname-afdelings van die Algemene Hospitaal gebruik en waardeer word.

Gebiede wat bedien word:

Hieronder val die Pretoriase Munisipale Gebied, sy buitestedelike gebiede en Noord-Transvaal, maar pasiënte word ingeneem uit enige ander gebied wat moeilikheid ondervind om sy eie pasiënte te huisves, soos byvoorbeeld tydens epidemies.

Ambulansreëlings:

Die Pretoriase Stadsraad voorsien sy eie ambulansdiens vir aansteeklike siektes. Dieselfde geld vir die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, terwyl ander plaaslike owerhede hul pasiënte per trein, huurmotor of ambulans instuur, soos omstandighede dit vereis.

AANSTEEKLIKE SIEKTES: HOSPITAALSTATISTIEK

L.W.—Vergelykende syfers word tussen hakies aangegee en het betrekking op die twaalfmaandeperiode van 1 Januarie 1959 tot 31 Desember 1959.

Totale opnames:

Agthonderd vyf-en-negentig (868) pasiënte van wie 255 (559) Blankes en 640 (609) Nieblankes was, is opgeneem.

Die gebiedsverspreiding is:—

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	178 (145)	77 (114)
Nieblankes	341 (302)	299 (307)

Akute Antero-Poliomiëlitis:

Daar is vanjaar vier-en-sestig (52) pasiënte opgeneem. Een-en-veertig (26) pasiënte was Blankes en 23 (26) Nieblankes.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	19 (13)	22 (13)
Nieblankes	10 (14)	13 (12)

Tyd van voorkoms van alle gevalle:

Jan.	*Feb.*	*Maart*	*April*	*Mei*	*Junie*	*Julie*	*Aug.*	*Sept.*	*Okt.*	*Nov.*	*Des.*
6 (7)	13 (9)	14 (5)	8 (4)	4 (5)	2 (3)	1 (1)	2 (2)	3 (2)	1 (4)	5 (3)	5 (7)

Finale uitslae:

Blankes:

Van die 41 pasiënte is 16 volkome herstel uit die Afsonderingshospitaal ontslaan, 16 het in 'n geringe mate verlamming oorgehou, 3 was ernstig verlam en ses pasiënte is oorlede. Waar dit nodig was, is die pasiënte na die Ortopediese Hospitaal oorgeplaas vir verdere behandeling van oorblywende verlamming.

Van die 6 pasiënte wat oorlede is, is 5 deur middel van kunslonge behandel (3 in tenkasemhalingstoestelle en twee na lugpypinsnydings met afwisselende positiewe drukasemhalingsapparate).

'n Tragiese en ietwat buitengewone voorval was die opname, eerstens van 'n kind van 'n jaar oud, twee dae later sy vierjarige broertjie en die dag daarop sy 32-jarige moeder. Al drie het aan poliomiëlitis, virus-tipe I, gely.

Na lugpypinsnyding is die moeder deur middel van 'n afwisselende positiewe drukasemhalingsapparaat en die vierjarige kind in 'n tenkasemhalingstoestel behandel. Albei is oorlede. Die jongste kind het poliomiëlitis oorlewe met ernstige oorblywende verlamming.

Nieblankes:

Van die 23 pasiënte is 13 sonder oorblywende verlamming, 8 met geringe en 2 met ernstige oorblywende verlamming ontslaan. Waar enige van hierdie pasiënte kon baat vind by verdere ortopediese behandeling, is hulle na die nodige afdeling verwys of oorgeplaas.

DIFTERIE:

Daar was veral onder die Nieblankes 'n toename in vergelyking met verlede jaar.

Eenhonderd vyf-en-sewentig (155) pasiënte is in die loop van die jaar opgeneem, van wie 35 (31) Blankes en 140 (124) Nieblankes was.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	21 (11)	14 (20)
Nieblankes	64 (72)	76 (52)

Van die pasiënte wat opgeneem is, was 53.7% kinders van vyf jaar en jonger.

Blankes:

Ses kinders is oorlede en van hulle het 5 „bulnek"- aanvalle gehad en twee het lugpypinsnydings ontvang. Agt ander gevalle het „bulnek"-aanvalle gehad en van hulle het 3 herstel. Vyf lugpypinsnydings is uitgevoer en van hierdie gevalle is twee wat ook „bulnek"-aanvalle gehad het, oorlede.

Nieblankes:

Van die plaaslike 64 gevalle is 8 oorlede en van hulle het 3 „bulnek"-aanvalle gehad—een van laasgenoemde gevalle het herstel. Van die 76 gevalle van buite af, is 20 oorlede. Onder hierdie gevalle het 7 „bulnek-aanvalle" gehad, twee van wie herstel het. Op 5 gevalle is lugpypinsnydings uitgevoer en drie het herstel.

Tyd van voorkoms:

Jan.	*Feb.*	*Maart*	*April*	*Mei*	*Junie*	*Julie*	*Aug.*	*Sept.*	*Okt.*	*Nov.*	*Des.*
29 (12)	22 (16)	38 (22)	15 (24)	11 (11)	9 (6)	6 (13)	12 (8)	2 (7)	7 (10)	16 (10)	8 (16)

Die verspreiding onder Nieblankes in die Pretoriase lokasies: Vlakfontein (22), Lady Selborne 23, Atteridgeville/Saulsville 16, Kleurlinglokasie 1 en Asiatebuurt 0. Twee Nieblanke kinders is uit Blankewoongebiede opgeneem.

Geval-sterftesyfers:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	14.29% (0%)	21.43% (15%)
Nieblankes	12.50% (8.33%)	26.32% (26.92%)

TIFOÏDE:

Die totale aantal behandelde gevalle was 83 (123) van wie 12 (19) Blankes was en 71 (104) Nieblankes.

Met die uitsondering van een Blanke geval wat 'n terugslag gehad het, het almal herstel. Ses Nieblankes is oorlede, een na ingewandsperforasie en die ander van ernstige bloedvergiftiging. Een pasiënt het psigose na tifoïde ontwikkel, maar het herstel.

Gebiedsverspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	8 (7)	4 (12)
Nieblankes	24 (29)	47 (75)

Tyd van voorkoms:

Jan.	*Feb.*	*Maart*	*April*	*Mei*	*Junie*	*Julie*	*Aug.*	*Sept.*	*Okt.*	*Nov.*	*Des.*
22 (16)	22 (14)	9 (21)	4 (13)	6 (11)	2 (6)	2 (5)	0 (3)	2 (3)	3 (11)	1 (12)	10 (8)

Die verspreiding onder Nieblankes in Pretoria was: Vlakfontein 2, Lady Selborne 10, Atteridgeville 2, Saulsville 4, terwyl die orige 6 gevalle rond en bont deur die stad versprei was.

Geval-sterftesyfers:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	Geen (14.29%)	0 (0%)
Nieblankes	4.17% (2.89%)	10.64% (14.66%)

SKARLAKENKOORS:

Sewe gevalle, almal Blankes, is opgeneem.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	6 (9)	1 (4)

Waar kinders wat opgeneem is, nie uit hotelle, skool- of ander koshuise afkomstig was nie, was dit uit huise waar omstandighede opname geregverdig het. Daar was geen sterfgevalle nie.

LONGTUBERKULOSE:

Gewoonweg word longtuberkulose-gevalle nie in die Afsonderingshospitaal opgeneem nie, maar dit was in die loop van die jaar nodig om 'n paar gevalle vir een of twee dae te huisves terwyl daar reëlings getref is vir hul opname in verskeie sanatoriums. 'n Paar pasiënte wat in 'n sterwende toestand by die Algemene Hospitaal aangekom het, moes ook opgeneem word.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	8 (7)	1 (2)
Nieblankes	55 (77)	67 (77)

Een Blanke is oorlede aan cor pulmonale met fibro-tuberkulose en 17 Nieblankes is oorlede, feitlik almal binne 48 uur na opname.

Opmerking—Vir die hospitalisasie van tuberkulose-gevalle oor die algemeen, kyk Tuberkulose-gedeelte.

DUITSE MASELS:

Veertien Blankes is opgeneem. Van die plaaslike gevalle was 11 verpleegsters, een 'n kind van 'n Bewaaroord en nog 'n kind wat die siekte in die hospitaal opgedoen het alwaar hy weens osteomiëlitis was.

Geen Nieblanke gevalle is opgeneem nie.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	13 (12)	1 (1)
Nieblankes	0 (1)	0 (1)

Daar was geen sterfgevalle nie.

MASELS:

In Pretoria is masels nie 'n aanmeldbare siekte nie, en die gevalle wat opgeneem is, is slegs 'n breukdeel van die aantal kinders wat werklik die siekte opgedoen het.

Altesaam 47 (10) Blankes en 174 (69) Nieblankes is opgeneem.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	34 (5)	13 (5)
Nieblankes	115 (44)	59 (25)

Tyd van voorkoms:

Jan.	*Feb.*	*Maart*	*April*	*Mei*	*Junie*	*Julie*	*Aug.*	*Sept.*	*Okt.*	*Nov.*	*Des.*
7 (2)	13 (4)	11 (0)	4 (0)	8 (3)	30 (2)	32 (7)	30 (11)	35 (22)	23 (12)	18 (10)	10 (6)

Geval-sterftesyfer:

Blankes..... 0 (0)

Nieblankes 6.03% (14.48%)

Een geval verdien spesiale vermelding, naamlik dié van 'n tweejarige Bantoekind wat met bloeiende masels opgeneem is en herstel het. Die kind is op dieselfde wyse behandel as een met grootskaalse brandwonde.

KINKHOES:

Sewe (25) Blankes en 19 (31) Nieblankes is opgeneem. Almal was kinders jonger as 6 jaar.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes.....	5 (13)	2 (12)
Nieblankes	11 (19)	8 (12)

Blankes:

Daar was geen Blankesterfgevalle nie, maar een Nieblanke kind is vyf uur na opname oorlede as gevolg van long- en lugpypontsteking.

Geval-sterftesyfer:

Blankes..... 0 (0)

Nieblankes 5.26% (16.13%)

EPIDEMIESE PAROTITIS (PAMPOENTJIES):

Vyf (22) Blanke en 2 (1) Nieblanke gevalle is opgeneem.
Daar was geen sterfgevalle nie.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes.....	4 (21)	1 (1)
Nieblankes	1 (0)	1 (1)

Blankes:

Van die 5 gevalle was 2 personeellede van die Algemene Hospitaal, een was 'n kind uit 'n weeshuis, 'n ander een het sy femur gebreek terwyl hy pampoentjies gehad het en die ander geval het enkefalitis gehad.

Nieblankes:

Die twee gevalle wat opgeneem is, was huisbediendes.

MENINGITIS: MENINGOKOKKALE EN ANDER TIPES:

Altesaam 11 gevalle is opgeneem, van wie 9 aan meningokokkale en een aan griepmeningitis gely het. Die oorblywende geval het aan meningitis gely waarvan die etiologie nie met sekerheid vasgestel kon word nie.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes.....	5 (3)	2 (7)
Nieblankes	4 (4)	0 (3)

Een vroulike Blanke, 67 jaar oud, is oorlede aan 'n aanval van meningokokkale meningitis. Al die Nieblankes het herstel, alhoewel 'n 61 jarige Kleurlingman 6½ dae lank bewusteloos was.

WATERPOKKIES:

Nege (15) Blankes en 24 (21) Nieblankes is opgeneem. Een Blanke is oorlede. Al die ander gevalle het herstel.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	8 (6)	1 (9)
Nieblankes	22 (10)	2 (11)

Blankes:

Twee manlike blankes is opgeneem met aanvalle van primêre Varicella Pneumonie. Een, 26 jaar oud, het herstel en die ander een, 30 jaar oud, is binne elf uur na opname oorlede. Een 3-jarige kind het trombositiese huidbloeding as komplikasie gehad en het slegs na 'n varsbloedoortapping herstel. 'n Ander kind, 4 jaar oud, het aan Varicella enkefalitis gely, maar het herstel. Een pasiënt was 'n leerlingverpleegster in die Algemene Hospitaal en al die ander gevalle is opgeneem weens komplikasies wat nie regstreeks na hulle waterpokkie-infeksie teruggevoer kon word nie.

Nieblankes:

Een pasiënt was 'n leerlingverpleegster in die Algemene Hospitaal en die ander 'n helper in 'n ander hospitaal. Vier gevalle was huisbediendes en al die ander is opgeneem weens toestande wat nie regstreeks na hulle waterpokkie-infeksie teruggevoer kon word nie.

ANDER OPNAMES:

Gevalle van melaatsheid word normaalweg opgeneem in die Staatsinrigting te Westfort, naby Pretoria, maar wanneer gevalle aldaar groot snykundige behandeling verg, word hulle in ons Munisipale Afsonderingshospitaal opgeneem, soos gedurende die verslagjaar gebeur het in die geval van drie Nieblanke pasiënte.

Daarbenewens is opgeneem: 6 ongeïdentifiseerde besmettings waarskynlik van virus-oorsprong (almal Blankes), 7 gevalle van vulvovaginitis (almal Blankes uit Bewaarplekke), 1 geval van belroos ('n 72-jarige vroulike Blanke), 2 Blanke en 2 Nieblanke gevalle van enkefalitis, een vroulike Blanke met gasbrandinfeksie in 'n oop gebreekte femur, een Blanke kind, 'n vatbare maselskontakgeval met longpypontsteking en 3 Nieblanke kinders met ernstige algemene koeipokke.

Vier Nieblankes moes as loseerders opgeneem word omdat hul siek kinders borsbabas was vir wie daar geen ander reëlings getref kon word nie.

OBSERVASIEGEVALLE:

Ten opsigte van 44 (50) Blankes en 49 (50) Nieblankes wat vir observasie opgeneem is, is gevind dat hulle aan geen aansteeklike siekte ly nie. Die meeste van hulle is na ons gestuur as moontlike poliomiëlitis-, difterie-, tifoïde- of pulmonêre tuberkulose-gevalle.

Daar is 1 Blanke en 3 Nieblankes oorlede. Die Blanke, 'n kind van 2 jaar, is na ons gestuur as 'n moontlike geval van difterie, maar hy is oorlede aan akute long- en lugpypontsteking nieteenstaande 'n lugpypinsnyding.

Verspreiding:

	Pretoria	*Ander gebiede*
Blankes	35 (29)	9 (21)
Nieblankes	28 (20)	21 (30)

In die volgende tabel word die aantal behandelde gevalle, hul rasindeling en verspreiding opgesom.

Siekte	*Blankes*				*Nieblankes*			
	Pretoria		*Ander gebiede*		*Pretoria*		*Ander gebiede*	
Akute Antero-poliomiëlitis	19	(13)	22	(13)	10	(14)	13	(12)
Difterie	20	(11)	14	(20)	64	(72)	76	(52)
Difteriedraers	1	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Tifoïde	8	(7)	4	(12)	24	(29)	47	(75)
Skarlakenkoors	6	(9)	1	(4)	0	(0)	0	(0)
Longtuberkulose	8	(7)	1	(2)	55	(77)	67	(77)
Masels	34	(5)	13	(5)	115	(44)	59	(25)
Duitse masels	13	(12)	1	(1)	0	(1)	0	(1)
Kinkhoes	5	(13)	2	(12)	11	(19)	8	(12)
Pampoentjies	4	(21)	1	(1)	1	(0)	1	(1)
Meningitis—alle tipes	5	(5)	2	(8)	4	(4)	0	(3)
Waterpokkies	8	(6)	1	(9)	22	(10)	2	(11)
Geslagsiektes	0	(0)	0	(0)	0	(1)	0	(0)
Virusinfluensa	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Ander opnames	12	(7)	6	(6)	7	(11)	5	(8)
Observasiegevalle	35	(29)	9	(21)	28	(20)	21	(30)
TOTALE	178	(145)	77	(114)	341	(302)	299	(307)

Totale opnames: 895—'n toename van 27 bo verlede jaar se totaal, te wyte aan meer Nieblankes wat opgeneem is. Die totale aantal Nieblanke opnames is groter as die aantal Blankes wat opgeneem is, soos ook die vorige jaar die geval was.

VENERIESE SIEKTES

L.W.—Vergelykende syfers word tussen hakies aangegee en het betrekking op die twaalfmaande-periode van 1 Januarie 1959 tot 31 Desember 1959.

Die merendeel van die klinieke vir veneriese siektes word in die Kliniekgebou vir Spesiale Siektes op die terrein van die Pretoriase Algemene Hospitaal gehou.

Dis 'n dubbelverdiepinggebou, waarvan die grondverdieping vir Blankes gebruik word, terwyl die eerste verdieping wat deur middel van 'n buitetrap bereik word, uitsluitlik vir Nieblanke-klinieke gebruik word. Wanneer daar nie klinieke vir veneriese siektes aan die gang is nie, word die gebou as 'n tuberkulosesentrum gebruik.

DIENSTE AAN BLANKES:

Daar is voorsiening gemaak vir vier sessies per week, twee vir vroue en twee vir mans, insluitende 'n sessie vir mans in die laat namiddag na werksure.

Die personeel, wat ook ander pligte waarneem, bestaan uit 'n Geneeskundige Beampte, 'n Suster en 'n Manlike Kliniekklerk. Alle sessies vir Blankes word aangevoer deur die Geneeskundige Beampte in beheer van die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes.

Die tabel hieronder toon die aantal gevalle aan wat die Kliniek in die loop van die jaar besoek het:—

Diagnose	*Nuwe gevalle*				*Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik*			
	Mans		*Vroue*		*Mans*		*Vroue*	
Sero-negatiewe Primêre Sifilis	0	(0)	0	(0)	1	(0)	0	(0)
Sero-positiewe Primêre Sifilis	9	(1)	2	(0)	42	(6)	3	(0)
Sekondêre Sifilis	6	(0)	5	(0)	35	(0)	14	(0)
Tersiêre Sifilis	0	(0)	3	(0)	2	(0)	18	(0)
Latente Sifilis	1	(0)	7	(6)	3	(0)	22	(17)
Neuro-sifilis	0	(1)	0	(0)	0	(7)	0	(0)
Aangebore Sifilis (onder 1 jaar)	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Aangebore Sifilis (bo 1 jaar)	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
TOTALE SIFILISGEVALLE	16	(2)	17	(6)	83	(13)	57	(17)
Gonoree	20	(15)	3	(6)	92	(105)	13	(22)
Ulcus Molle	0	(1)	0	(0)	0	(7)	0	(0)
Vulvovaginitis	0	(0)	6	(0)	0	(0)	0	(0)
Veneriese gewasse	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Nie-spesifieke urinebuisontsteking	7	(5)	0	(0)	33	(21)	0	(0)
Nie-veneries	28	(7)	122	(201)	50	(12)	131	(213)
GROOTTOTAAL	71	(30)	148	(213)	258	(158)	207	(252)

Die groot aantal gevalle van vroulike verdagte gevalle (148) wat geblyk het nie-veneries te wees, is toe te skryf aan die feit dat almal wat in Bewaaroorde of Weeshuise opgeneem word, aan roetineondersoeke en serologiese toetse onderwerp word. Daarbenewens ondergaan pasiënte in 'n tehuis vir ongehude moeders in Pretoria dieselfde toetse.

Wanneer die aantal gevalle van primêre en sekondêre sifilis met die syfers van die vorige jaar vergelyk word, blyk dit dat vir die een geval wat in 1958 behandel is, nie minder nie as 22 hulle gedurende die verslagjaar vir behandeling aangemeld het. Hierdie toename is op sigself genoeg om by hierdie Afdeling sorg te wek, maar wat die saak vererger, is dat ons nie die ware kontakgevalle van hierdie gevalle kan opspoor nie. Alle pogings word aangewend om die kontakgevalle van alle gevalle op te spoor. Nie een van die gevalle wat opgespoor en ondersoek is, het aan sifilis gely nie. 'n Paar jaar gelede toe sifilis nog 'n groot omvang gehad het, is die regte name en adresse van die waarskynlike kontakgevalle gewoonlik verstrek en kon ons dus beter beheer uitoefen. Dit is moeilik om te sê waarom ons nie die regte name en adresse van die kontakgevalle vanjaar kon bekom nie. Daar moet 'n rede vir hierdie onwilligheid wees.

DIENSTE AAN NIEBLANKES:

Die klinieke vir Nieblankes word in Pretoria by verskeie sentrums gehou. Die hoofklinieke, verreweg die grootstes, word, soos reeds verduidelik, by die Kliniek vir Spesiale Siektes op die Pretoriase Hospitaalterrein gehou. Sessies word ook by die Poliklinieke in Vlakfontein en Atteridgeville gehou.

Die Sentrale Kliniek se personeel is dieselfde as dié vir die Blankes behalwe dat dit ook twee deeltydse Nieblanke helpers en 'n Nieblanke verpleegster insluit. Die Geneeskundige Beampte in bevel van die Afsonderingshospitaal voer al vier die sessies by die Sentrale Kliniek aan, terwyl die sessies by die ander sentrums deur die Adjunk-stadsgesondheidshoof aangevoer word. Daar is dus altesaam ses sessies per week vir Nieblankes in Pretoria, sowel as twee sentrums in die lokasies waar pasiënte hulle elke dag (behalwe Saterdae en Sondae) vir behandeling kan aanmeld. Die sessies duur gemiddeld anderhalfuur terwyl die vroeë aandsessies by die Sentrale Kliniek twee uur duur.

Die opspoor van kontakgevalle van die Nieblankes wat die Sentrale Kliniek besoek, is dikwels onmoontlik as gevolg van die toevallige aard van die omgang, die groot aantal kere wat daar met verskillende genote verkeer word en die moeite om 'n adres van enige aard in die hande te kry. By die Poliklinieke in die lokasies het ons baie meer sukses gehad, eerstens omdat die faktore wat in die vorige paragraaf genoem is, nie in dieselfde mate in 'n lokasie aanwesig is nie.

Afwesigheid of onderbreking van behandeling is nie 'n probleem nie omdat 'n Bantoe, as daar eenkeer met behandeling begin is, alte gewillig is om die besoeke te herhaal totdat hy genees is. As hy nie meer opdaag nie, is dit deur omstandighede en nie uit vrye keuse nie.

Die volgende tabelle gee die aantal pasiënte aan wat die onderskeie klinieke in die loop van die verslagjaar besoek het:—

SENTRALE OF HOOFKLINIEK

Diagnose	Nuwe gevalle				Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik			
	Mans		Vroue		Mans		Vroue	
Sero-negatiewe Primêre Sifilis	60	(65)	4	(3)	326	(310)	22	(16)
Sero-positiewe Primêre Sifilis	213	(189)	28	(17)	966	(762)	176	(74)
Sekondêre Sifilis	123	(106)	217	(126)	519	(413)	963	(529)
Tersiêre Sifilis	11	(20)	3	(3)	93	(111)	28	(44)
Latente Sifilis	130	(82)	243	(246)	955	(447)	577	(479)
Neuro-sifilis	0	(1)	0	(0)	0	(1)	0	(0)
Aangebore Sifilis (onder 1 jaar)	3	(0)	3	(3)	18	(0)	23	(8)
Aangebore Sifilis (bo 1 jaar)	3	(0)	0	(2)	8	(0)	0	(9)
TOTALE SIFILISGEVALLE	543	(463)	498	(400)	2,855	(2,044)	1,789	(1,159)

Diagnose	Nuwe Gevalle				Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik			
	Mans		Vroue		Mans		Vroue	
Gonorree	839	(905)	28	(28)	4,814	(4,121)	137	(136)
G.C. Vulvovaginitis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Veneriese gewasse	33	(14)	10	(0)	133	(53)	38	(5)
Nie-spesifieke urinebuisontsteking	16	(14)	0	(0)	78	(50)	0	(0)
Nie-veneries	201	(202)	44	(58)	804	(624)	141	(140)
GROOTTOTAAL	1,632	(1,235)	580	(486)	8,714	(4,852)	2,105	(1,440)

	Mans		Vroue	
Aantal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly	170	(46)	11	(4)
Aantal gevalle wat op proef ontslaan is	186	(122)	115	(72)
Aantal gevalle wat as ten volle genees ontslaan is	569	(643)	59	(125)

VLAKFONTEIN-POLIKLINIEK

Diagnose	Nuwe gevalle				Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik			
	Mans		Vroue		Mans		Vroue	
Sero-negatiewe Primêre Sifilis	2	(3)	2	(1)	7	(12)	16	(1)
Sero-positiewe Primêre Sifilis	16	(9)	6	(0)	82	(45)	35	(4)
Sekondêre Sifilis	14	(0)	62	(37)	65	(0)	340	(208)
Tersiêre Sifilis	2	(1)	0	(17)	10	(22)	8	(104)
Latente Sifilis	14	(15)	260	(206)	126	(89)	423	(412)
Neuro-sifilis	1	(0)	0	(0)	1	(0)	0	(0)
Aangebore Sifilis (onder 1 jaar)	0	(0)	1	(0)	0	(3)	13	(0)
Aangebore Sifilis (bo 1 jaar)	0	(0)	0	(1)	0	(5)	0	(5)
TOTALE SIFILISGEVALLE	49	(28)	331	(262)	291	(176)	835	(734)

Diagnose	Nuwe gevalle				Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik			
	Mans		Vroue		Mans		Vroue	
Gonorree	49	(43)	6	(10)	204	(182)	52	(50)
Nie-veneries	8	(9)	3	(8)	25	(24)	10	(31)
Veneriese gewasse	3	(0)	2	(0)	13	(0)	3	(0)
GROOTTOTAAL	109	(80)	342	(280)	533	(382)	900	(815)

	Mans		Vroue	
Aantal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly	8	(8)	0	(2)
Aantal gevalle wat op proef ontslaan is	10	(13)	17	(17)
Aantal gevalle wat as ten volle genees ontslaan is	16	(23)	17	(17)

ATTERIDGEVILLE-POLIKLINIEK

Diagnose	Nuwe gevalle: Mans		Nuwe gevalle: Vroue		Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik: Mans		Bywonings—Nuwe en ou gevalle gesamentlik: Vroue	
Sero-negatiewe Primêre Sifilis	1	(2)	0	(0)	7	(11)	0	(0)
Sero-positiewe Primêre Sifilis	6	(4)	3	(4)	39	(24)	18	(13)
Sekondêre Sifilis	1	(4)	14	(43)	35	(12)	139	(258)
Tersiêre Sifilis	0	(1)	1	(1)	12	(23)	14	(3)
Latente Sifilis	4	(4)	221	(193)	37	(48)	449	(418)
Neuro-sifilis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Aangebore Sifilis (onder 1 jaar)	2	(2)	1	(4)	54	(14)	30	(13)
Aangebore Sifilis (bo 1 jaar)	0	(2)	0	(0)	13	(12)	0	(5)
TOTALE SIFILISGEVALLE	14	(19)	240	(245)	197	(154)	650	(710)
Gonorree	23	(31)	4	(4)	95	(289)	50	(15)
Veneriese gewasse	2	(1)	2	(0)	5	(1)	6	(0)
Nie-veneries	0	(0)	0	(0)	5	(0)	1	(23)
GROOTTOTAAL	39	(51)	246	(249)	302	(444)	707	(748)

	Mans		Vroue	
Aantal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly	3	(0)	2	(0)
Aantal gevalle wat op proef ontslaan is	4	(9)	9	(43)
Aantal gevalle wat as ten volle genees ontslaan is	15	(23)	6	(18)

VOORGEBOORTELIKE SIFILISBEHANDELING:

Alle vroue wat die munisipale klinieke vir voorgeboortelike sorg besoek, word serologies getoets vir sifilis, en normaalweg word diegene wat dit nodig het, aldaar behandel, tensy spesiale omstandighede, hetsy diagnosties of andersins, dit vereis dat hulle na die kliniek vir veneriese siektes moet gaan.

Na die bevalling word hierdie gevalle en hulle babas by die kliniek vir veneriese siektes opgevolg.

Die tabel hieronder toon die aantal voorgeboortelike gevalle aan wat by die verskillende klinieke teen sifilis behandel is:—

	Maande van Swangerskap: 1—3 maande		4—6 maande		7—9 maande	
Blankes						
Aantal swangeres wat serologies getoets is	173	(199)	224	(176)	80	(90)
Aantal wie se reaksies positief of twyfelagtig was	3	(1)	0	(3)	0	(1)
Aantal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is	1	(0)	0	(0)	0	(0)
Aantal wat 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	0	(1)	1	(3)	0	(1)
Aantal wat 2de of 3de reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Nieblankes:	1—3 maande		4—6 maande		7—9 maande	
ATTERIDGEVILLEKLINIEK:						
Aantal swangeres wat serologies getoets is	151	(214)	938	(927)	519	(468)
Aantal wie se reaksies positief of twyfelagtig was	29	(16)	90	(94)	84	(42)
Aantal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is	7	(2)	13	(22)	16	(6)
Aantal wat 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	30	(9)	73	(54)	50	(24)
Aantal wat 2de of 3de reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	3	(0)	7	(15)	7	(3)
KAMPONGKLINIEK:						
Aantal swangeres wat serologies getoets is	264	(290)	727	(692)	586	(647)
Aantal wie se reaksie positief of twyfelagtig was	43	(37)	86	(92)	63	(69)
Aantal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is	2	(2)	1	(2)	1	(4)
Aantal wat 1ste reeks behandeling tydens swangerskap ontvang	27	(22)	54	(56)	39	(46)
Aantal wat 2de of 3de reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	5	(0)	0	(0)	0	(1
VLAKFONTEINKLINIEK:						
Aantal swangeres wat serologies getoets is	211	(223)	1,203	(1,410)	313	(345)
Aantal wie se reaksies positief of twyfelagtig was	34	(24)	154	(126)	47	(27)
Aantal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is	4	(3)	29	(26)	6	(5
Aantal wat 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	30	(24)	110	(100)	38	(22)
Aantal wat 2e of 3de reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	4	(3)	22	(26)	4	(5)

JAARVERSLAG IN VERBAND MET TUBERKULOSE VIR DIE JAAR 1960

Die tuberkulose-voorkoms vir 1959 is op die geskatte stadsbevolking gebaseer. Die syfer vir 1960 is op die onlangse sensussyfers gebaseer en is waarskynlik 'n korrekter indeks.

Die Afdeling het nou sy eie massa-miniatuur-X-straal-apparaat wat die X-straal-beheer van 3,447 kontakgevalle van vasgestelde siektegevalle vergemaklik het. Onder hierdie kontakgevalle was daar talle persone wat die siekte het en dit verklaar waarskynlik die toename in die aantal plaaslike gevalle wat gedurende 1960 opgespoor is.

Waar syfers tussen hakies verskyn in die breedvoerige getabelleerde ontleding wat hierna volg, weerspieël hulle die voorkoms vir 1959.

TABEL A — AANMELDINGS VIR JAAR 1960

RAS	Ge-slag	Plaaslike gevalle: Long-tuber-kulose	Plaaslike gevalle: Ander vorme	Plaaslike gevalle: Alle vorme	Ingevoer: Long-tuber-kulose	Ingevoer: Ander vorme	Ingevoer: Alle vorme	Plaaslik en Ingevoer: Long-tuber-kulose	Plaaslik en Ingevoer: Ander vorme	Plaaslik en Ingevoer: Alle vorme	Voorkoms per 1,000 lede Bevolking (Net Plaaslik): Long-tuber-kulose	Voorkoms per 1,000 lede Bevolking (Net Plaaslik): Ander vorme	Voorkoms per 1,000 lede Bevolking (Net Plaaslik): Alle vorme	BEVOLKING
Blankes	M	9	—	9	9	1	10	18	1	19	.058	—	.058	155,600
	V	9	2	11	4	1	5	13	3	16	.058	.012	.07	
TOTAAL		18	2	20	13	2	15	31	4	35	.116	.012	.128	
Kleurlinge	M	8	1	9	1	—	1	9	1	10	1.649	.206	1.855	4,850
	V	5	2	7	1	—	1	6	2	8	1.031	.412	1.443	
TOTAAL		13	3	16	2	—	2	15	3	18	2.68	.618	3.298	
Asiate	M	2	2	4	—	—	—	2	2	4	.278	.278	.556	7,200
	V	2	2	4	—	—	—	2	2	4	.278	.278	.556	
TOTAAL		4	4	8	—	—	—	4	4	8	.556	.556	1.112	
Bantoes	M	258	44	302	76	10	86	334	54	388	1.418	.242	1.66	181,900
	V	144	47	191	62	11	73	206	58	264	.791	.258	1.059	
TOTAAL		402	91	493	138	21	159	540	112	652	2.209	.5	2.71	
Alle Nie-blankes	M	268	47	315	77	10	87	345	57	402	1.381	.242	1.624	193,950
	V	151	51	202	63	11	74	214	62	276	.778	.263	1.041	
TOTAAL		419	98	517	140	21	161	556	122	678	2.160	.505	2.665	
Alle Rasse	M	277	47	324	86	11	97	363	58	421	.792	.134	.926	349,550
	V	160	53	213	67	12	79	227	65	292	.458	.152	.61	
TOTAAL		437	100	537	153	23	176	590	123	713	1.25	.286	1.536	

TABEL „B" ILLUSTREER OP 'N VERGELYKENDE BASIS OOR DIE JARE 1947 TOT 1960, DIE AANGIFTE EN VOORKOMS PER 1,000 LEDE VAN DIE BEVOLKING BLANKES EN NIE-BLANKES.

BLANKES—NUWE GEVALLE

	Plaaslik				Ingevoer				Voorkoms per 1,000 lede Bevolking (net plaaslik)				
	Alle vorme Geslag		Long-tuberkulose	Ander vorme	Alle vorme Geslag		Long-tuberkulose	Ander vorme	Alle vorme Geslag		Long-tuberkulose	Ander vorme	Bevolking
	M	V			M	V			M	V			
1947–1948	8	6	11	3	29	16			.057	.057	.104	.028	107,000
1948–1949	11	8	18	1	28	21		—	.094	.069	.155	.009	116,500
1949–1950	21	16	30	7	32	11	—	—	.159	.121	.227	.053	132,000
1950–1951	24	11	31	4	14	9	—	—	.186	.085	.24	.031	129,200
1951–1952	17	17	29	5	14	6	—	—	.127	.127	.217	.037	133,500
1952–1953	21	14	31	4	8	8	—	—	.154	.103	.228	.029	136,100
1953–1954	18	14	25	7	11	8	—	—	.129	.101	.179	.05	139,300
1954–1955	18	14	24	10	19	10	—	—	.127	.113	.169	.07	142,000
1956	13	13	21	5	9	10	—	—	.09	.09	.145	.034	145,500
1957	17	6	20	3	20	16	—	—	.114	.04	.135	.02	148,700
1958	24	12	28	8	21	4	—	—	.159	.079	.185	.053	151,300

	Long-tuberkulose		Ander vorme		Long-tuberkulose		Ander vorme		Long-tuberkulose		Ander vorme		
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	
1959	15	10	6	2	17	8	—	—	.087	.065	.039	.013	154,000
1960	9	9	—	2	9	4	1	1	.058	.058	—	.128	155,600

NIEBLANKES—NUWE GEVALLE

	Plaaslik				Voorkoms per 1,000 lede Bevolking (net Plaaslik)				
	Alle vorme		Long-tuberkulose	Ander vorme	Alle vorme		Long-tuberkulose	Ander	Bevolking
	M	V			M	V			
1947–1948	42	40	73	9	.709	.669	1.221	.15	59,500
1948–1949	46	30	66	10	.68	.443	.973	.148	67,700
1949–1950	101	67	143	25	.920	.69	1.3	.227	110,000
1950–1951	143	84	191	36	1.457	.856	1.946	.367	98,100
1951–1952	137	94	197	34	1.353	.929	1.931	.336	101.100
1952–1953	110	63	151	22	1.074	.615	1.474	.215	102,400
1953–1954	142	100	191	51	1.117	.786	1.503	.401	103,800
1954–1955	140	105	209	36	1.297	.973	1.936	.334	107,900
1956	194	131	235	90	1.34	.904	1.623	.621	144,500
1957	264	160	329	95	1.614	.978	2.012	.581	163,500
1958	293	171	354	110	1.629	.951	1.968	.612	179,800

	Long-tuberkulose		Ander vorme		Long-tuberkulose		Ander vorme		
	M	V	M	V	M	V	M	V	
1959	224	136	37	32	1.21	.734	.2	.173	185,200
1960.	268	151	47	51	1.331	.779	.242	.263	193,950

WANNEER DIE VOORKOMS VAN TUBERKULOSE ONDERSOEK WORD IN DIE LIG VAN DIE VOORKOMS VOLGENS OUDERDOMSGROEPE IS DIE BEELD DIE SOOS UITEENGESIT WORD IN TABEL „C". BESONDERHEDE VIR DIE JARE 1952–1960 WORD VERSTREK

BLANKES—VOORKOMS VAN TUBERKULOSE IN OUDERDOMSGROEPE EN % VAN TOTALE AANMELDINGS (PLAASLIK EN INGEVOER)

	OUDERDOMSGROEPE													
	0–1		2–5		6–10		11–20		21–40		41 en ouer		Totaal	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
1952	—	—	1	2	—	—	1	1	14	12	15	8	31	23
1953	2	1	1	—	1	—	—	—	1	9	14	16	29	22
1954	1	—	3	—	3	1	—	3	6	10	16	8	39	22
1955	2	1	—	4	3	2	5	—	10	11	17	8	37	26
1956	—	—	2	2	1	1	—	1	3	13	26	6	22	23
1957	—	—	3	—	1	3	4	2	10	13	19	4	37	22
1958	—	—	2	3	3	2	3	1	11	4	26	6	45	16
1959	—	—	4	2	1	3	—	4	12	7	21	5	38	20
% van Totale Tuberkuloseaanmeldings 1959..	0%		10%		7%		7%		32%		44%			
1960	—	—	1	1	1	1	1	1	6	7	10	6	19	16
% van Totale Tuberkuloseaanmeldings 1960..	0%		5%		5%		5%		39%		46%			

NIEBLANKES—GEVALLE IN OUDERDOMSGROEPE EN % VAN TOTALE AANMELDINGS (PLAASLIK EN INGEVOER)

	OUDERDOMSGROEPE													
	0–1		2–5		6–10		11–20		21–40		41 en ouer		Totaal	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
1952	5	5	21	20	6	15	27	26	103	80	62	16	224	162
1953	4	4	18	14	10	6	14	16	82	58	67	18	195	116
1954	11	3	31	39	11	12	20	24	82	75	121	47	276	200
1955	11	7	37	33	24	17	21	36	98	93	133	41	324	227
1956	13	6	45	38	25	78	23	40	112	91	81	24	299	227
1957	12	2	36	47	24	25	28	28	119	102	134	34	350	238
1958	7	11	51	46	32	34	41	46	136	107	175	38	442	282
1959	10	8	49	52	25	21	34	50	158	106	132	47	408	284
% van Totale Tuberkuloseaanmeldings 1959..	2%		14%		6%		13%		38%		26%			
1960	13	17	57	58	18	23	25	37	146	107	141	36	401	278
% van Totale Tuberkuloseaanmeldings 1960..	5%		17%		6%		9%		37%		26%			

DIE VERSKILLENDE VORME WAARIN TUBERKULOSE GEDURENDE DIE JAAR 1960 VOORGEKOM HET, VERSKYN IN TABEL D

TABEL D.

	Plaaslik			*Ingevoer*			Groototaal
	Blank	*Nieblank*	*Totaal*	*Blank*	*Nieblank*	*Totaal*	
Pulmonêr (Long)	18	415	437	13	139	152	589
Primêre Kompleks	—	58	58	1	6	7	65
Beengewrig	—	—	—	—	1	1	1
Meningitis	—	11	11	—	2	2	13
Miliêr	1	9	10	1	2	3	13
Adenitis	1	16	17	—	8	8	25
Vel	—	2	2	—	—	—	2
Peritonitis	—	2	2	—	—	—	2
Rugwerwel	—	—	—	—	1	1	1
Abses in lies	—	—	—	—	1	1	1
Ulserering van keel	—	—	—	—	1	1	1
TOTALE	20	517	537	15	161	176	713

Getal gevalle (plaaslik en ingevoer) in 1960 in hospitale opgeneem: 555. Persentasie-opname in hospitaal van totale aantal aanmeldings gedurende 1960: 77%.

Tabel E

STERFTE 1960

	Geslag	Plaaslike gevalle: Longtuberkulose	Plaaslike gevalle: Ander vorme	Plaaslike gevalle: Alle vorme	Ingevoerde gevalle: Longtuberkulose	Ingevoerde gevalle: Ander vorme	Ingevoerde gevalle: Alle vorme	Plaaslike en Ingevoerde gevalle: Longtuberkulose	Plaaslike en Ingevoerde gevalle: Ander vorme	Plaaslike en Ingevoerde gevalle: Alle vorme	Voorkoms per 1,000 lede bevolking (net plaaslik): Longtuberkulose	Voorkoms per 1,000 lede bevolking (net plaaslik): Ander vorme	Voorkoms per 1,000 lede bevolking (net plaaslik): Alle vorme	BEVOLKING
Blankes	M	6	—	6	2	1	3	8	1	9	.031	—	.031	
	V	—	1	1	—	—	—	—	1	1	—	.006	.006	155,600 Blankes
TOTAAL		6	1	7	2	1	3	8	2	10	.031	.006	.037	
Kleurlinge	M	3	—	3	1	—	1	4	—	4	.619	—	.619	
	V	3	—	3	—	—	—	3	—	3	.619	—	.619	4,850 Kleurlinge
TOTAAL		6	—	6	1	—	1	7	—	7	1.238	—	1.238	
Asiate					GEEN STERFGEVALLE									7,200 Asiate
Bantoes	M	47	14	61	3	—	3	50	14	64	.258	.077	.335	
	V	23	9	32	4	—	4	27	9	36	.126	.049	.175	181,900 Bantoes
TOTAAL		70	23	93	7	—	7	77	23	100	.384	.126	.51	
Alle Nie-blankes	M	50	14	64	4	—	4	54	14	68	.257	.072	.329	
	V	26	9	35	4	—	4	30	9	39	.134	.046	.18	193,950 Alle Nie-blankes
TOTAAL		76	23	99	8	—	8	84	23	107	.391	.118	.509	
Alle Rasse	M	56	14	70	6	—	6	63	14	77	.16	.04	.2	
	V	26	10	36	4	—	4	30	10	40	.074	.029	.103	349,550 Alle rasse
TOTAAL		82	24	106	10	—	10	93	24	117	.234	.069	.303	

TABLE F.

DIE GETAL STERFGEVALLE WEENS LONGTUBERKULOSE GEDURENDE 1960 WORD IN DIE VOLGENDE TABEL VOLGENS OUDERDOMSGROEPE UITEENGESIT.

OUDERDOMSGROEPE

	0–1		1–5		5–10		10–15		15–20		20–30		30–40		40–50		bo 50	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Blankes	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	7	—	—	—
Nieblankes ..	4	3	3	3	—	—	—	—	2	4	10	13	2	3	13	3	20	1
TOTAAL ..	5	3	3	3	—	—	—	—	2	4	10	13	2	3	20	3	20	1

NIE-LONGTUBERKULOSESTERFTE (PLAASLIK EN INGEVOER) (NET ANDER VORME) STERFGEVALLE

	Blankes		*Nieblankes*		*Totaal*
	Manlik	*Vroulik*	*Manlik*	*Vroulik*	
Primêre Kompleks	—	—	—	2	2
Meningitis.....	—	—	6	5	11
Miliêr	—	1	3	1	5
Longtuberkulose en buikvliesontsteking	—	—	1	—	1
Ondervoeding met lugpyp- en longontsteking.....	—	—	—	1	1
Breinabses.....	—	—	1	—	1
Deur weerlig getref.....	—	—	1	—	1
Motorongeluk.....	1	—	—	—	1
Ouderdom	—	—	2	—	2
TOTAAL.....	1	1	14	9	25

Die sterfte as 'n persentasie van persone wat aan tuberkulose ly en onder ons toesig is, is soos volg:—

1958: Blankes 1.38% Nieblankes 3.11%
1959: Blankes 5.2% Nieblankes 8.1%
1960: Blankes 3.9% Nieblankes 5.0%

Kyk ook Tabel „G."

TABEL G.

DIE STERFTE WEENS TUBERKULOSE PER 1,000 VAN DIE ALGEMENE BEVOLKING IS SOOS VOLG:— PERSENTASIE STERFGEVALLE PER 1,000 VERGELEKE MET VORIGE JAAR (PLAASLIK EN INGEVOER).

	Longtuberkulose	*Ander vorme*	*Longtuberkulose*	*Ander vorme*	*Alle vorme*					
	1959	1959	1960	1960	1955	1956	1957	1958	1959	1960
Blankes	.032	.026	.051	.013	.049	.076	.061	.04	.058	.064
Nieblankes	.540	.14	.433	.119	.649	.477	.442	.645	.68	.552
Alle rasse	.31	.095	.266	.068	.308	.276	.25	.369	.405	.334

'n Ontleding van die stadium waarop die dood ingetree het, gestel teenoor die datum van aanmelding, volg in Tabel „H".

NUWE AANMELDINGS EN STERFGEVALLE GEDURENDE 1960 (1959)

STERFGEVALLE VOOR ONTVANGS VAN AANMELDING

Plaaslik Blankes		*Ingevoer Blankes*		*Plaaslik Nieblankes*		*Ingevoer Nieblankes*	
M	V	M	V	M	V	M	V
— (2)	1 (—)	— (—)	— (—)	21 (22)	15 (8)	1 (6)	— (2)

1960—32% van totale sterfte. 1959—51% van totale sterfte.

STERFGEVALLE BINNE 1 MAAND NA AANMELDING

Plaaslik Blankes		*Ingevoer Blankes*		*Plaaslik Nieblankes*		*Ingevoer Nieblankes*	
M	V	M	V	M	V	M	V
— (1)	— (—)	— (—)	— (—)	10 (10)	5 (7)	— (1)	1 (3)

1960—13% van totale sterfte. 1959—28% van totale sterfte.

STERFGEVALLE BINNE 1 TOT 3 MAANDE NA AANMELDING

Plaaslik Blankes		*Ingevoer Blankes*		*Plaaslik Nieblankes*		*Ingevoer Nieblankes*	
M	V	M	V	M	V	M	V
— (—)	— (—)	1 (—)	— (—)	8 (3)	1 (1)	— (—)	— (—)

1960—9% van totale sterfte. 1959—7% van totale sterfte.

STERFGEVALLE BINNE 3 TOT 6 MAANDE NA AANMELDING

Plaaslik Blankes		*Ingevoer Blankes*		*Plaaslik Nieblankes*		*Ingevoer Nieblankes*	
M	V	M	V	M	V	M	V
— (—)	— (—)	— (—)	— (—)	4 (6)	— (2)	— (—)	— (—)

1960—3% van totale sterfte. 1959—14% van totale sterfte

STERFTE IN 1960 VAN GEVALLE VOOR 1960 AANGEMELD

Blankes				*Nieblankes*				*Totaal Blankes*	*Totaal Nieblankes*	*Totaal Blankes en Nieblankes*
Plaaslik		*Ingevoer*		*Plaaslik*		*Ingevoer*				
M	V	M	V	M	V	M	V			
6 (4)	— (1)	2 (—)	— (1)	21 (29)	14 (13)	3 (11)	3 (2)	8 (6)	4 (55)	49 (61)

Ongelukkig word 'n groot persentasie tuberkuloselyers nie aangemeld voordat hulle reeds uiterste gevalle is nie, terwyl sommige gevalle eers na die dood by die Afdeling aangemeld word. Onder bekende tuberkuloselyers het in 1960 die volgende sterfgevalle voorgekom (syfers vir 1959 word tussen hakies aangegee:)—

(*a*) 13% (28%) binne een maand na aanmelding.
(*b*) 9% (7%) binne drie maande na aanmelding.
(*c*) 3% (14%) binne drie tot ses maande na aanmelding.

OORD VAN AANMELDING:

Dit is duidelik dat die Raad se teringdiens die meeste gevalle van tering opspoor, naamlik 57% (Kyk tabel „I")

TABEL I

OORD VAN AANMELDING

	Blankes				*Nieblankes*				*Totaal*			
	Plaaslik		*Ingevoer*		*Plaaslik*		*Ingevoer*		*Plaaslik*		*Ingevoer*	
Volkshospitaal	2	(1)	—	(—)	88	(103)	17	(30)	90	(104)	17	(30)
Privaat	3	(2)	2	(2)	4	(3)	—	(4)	7	(5)	2	(6)
Gesondheidsafdeling, Johannesburg	—	(—)	—	(4)	—	(3)	—	(1)	—	(3)	—	(5)
Afsonderingshospitaal	5	(1)	2	(—)	25	(44)	80	(5)	30	(45)	82	(5)
Tuberkuloseklinieke	9	(24)	10	(14)	334	(226)	60	(53)	343	(250)	70	(67)
Weskoppieshospitaal	—	(—)	—	(—)	3	(3)	—	(—)	3	(3)	—	(—)
Gevangenis	—	(1)	—	(—)	1	(—)	1	(3)	1	(1)	1	(3)
R.B.D.	1	(—)	—	(—)	26	(—)	1	(—)	27	(—)	1	(—)
Yskor	—	(1)	1	(—)	5	(1)	—	(1)	5	(2)	1	(1)
Lady Selborne-gesondheidsentrum	—	(—)	—	(—)	9	(—)	—	(—)	9	(—)	—	(—)
Staatsdepartement van Gesondheid	—	(—)	—	(1)	—	(—)	—	(1)	—	(—)	—	(2)
Ander oorde	—	(—)	—	(3)	12	(3)	2	(6)	12	(3)	2	(9)
TOTAAL	20	(33)	15	(25)	517	(429)	161	(115)	537	(462)	176	(140)

4. HOSPITALISASIE:

Die opname van nuwe en bekende tuberkulosegevalle in hospitale gedurende 1960 (1959) word in tabelle „J", „K", en „L", weergegee terwyl die persentasie wat gedurende 1960 in hospitale opgeneem is, in tabel „M" aangegee word (Kyk tabelle „J", „K", „L", en „M".)

TABEL J

HOSPITALISASIE

Nuwe gevalle van longtuberkulose aangemeld gedurende die jaar 1960 (1959 tussen hakies).

PLAASLIK	Blankes	20 (33)	Nieblankes	517 (429)
INGEVOER	Blankes	15 (58)	Nieblankes	161 (115)
TOTAAL	Blankes	35 (58)	Nieblankes	678 (544)

Die bogemelde syfers vir ingevoerde gevalle sluit in tuberkulosegevalle wat regstreeks van buite Pretoria in die Algemene Hospitaal opgeneem is.

NUWE LONGTUBERKULOSEGEVALLE IN INRIGTINGS OPGENEEM VIR BEHANDELING (GEVALLE GEDURENDE 1960 AANGEMELD).

Inrigtings	Blankes				Nieblankes				Totaal				Totaal	
	Plaaslik		Ingevoer		Plaaslik		Ingevoer		Blankes	Nie-Blankes	Blankes	Nie-Blankes	Blankes	Nie-Blankes
	M	V	M	V	M	V	M	V	Mans	Mans	Vrouens	Vrouens		
Knights-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	58(55)	44(60)	3(2)	10(10)	—(—)	61(57)	—(—)	54(70)	—(—)	115(127)
Rose-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	8(2)	2(—)	—(—)	—(—)	—(—)	8(2)	—(—)	2(—)	—(—)	10(2)
King George V	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)
Oaktree	4(4)	—(—)	2(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	6(4)	—(—)	—(—)	—(—)	6(4)	—(—)
Rietfontein	4(2)	2(6)	1(1)	1(3)	10(5)	10(10)	1(—)	2(1)	5(3)	11(5)	3(9)	12(11)	8(12)	23(16)
Randfontein-Suid-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	3(16)	3(11)	—(5)	—(4)	—(—)	3(21)	—(—)	3(15)	—(—)	6(36)
Oos-Rand-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(2)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(2)	—(—)	—(2)
Alexandra	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)
Santa Modder B	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	3(2)	3(3)	—(—)	—(—)	—(—)	3(2)	—(—)	3(3)	—(—)	6(5)
Grootboek	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)
Santa Atteridgeville	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	54(55)	37(25)	6(8)	3(9)	—(—)	60(63)	—(—)	40(34)	—(—)	100(97)
Baragwanath	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	1(2)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	1(2)	—(—)	—(—)	—(—)	1(2)
Zonderwater	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	79(50)	—(—)	10(5)	—(—)	—(—)	89(55)	—(—)	—(—)	—(—)	89(55)
Boksburg					1(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	(1)1	—(—)	—(—)	—(—)	1(1)
TOTAAL	8(7)	2(6)	3(1)	1(3)	217(190)	99(111)	20(20)	15(24)	11(8)	237(210)	3(9)	114(135)	14(17)	351 (345)

Tabel K

HOSPITALISASIE (1959)

GEVALLE AANGEMELD VOOR 1960 MAAR OPGENEEM IN HOSPITALE IN 1960.

Inrigtings	Blankes				Nie-blankes				Totaal		Totaal		TOTAAL	
	Plaaslik		Ingevoer		Plaaslik		Ingevoer		Mans		Vrouens			
	M	V	M	V	M	V	M	V	Blankes	Nie-blankes	Blankes	Nie-blankes	Blankes	Nie-blankes
Knights-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	22(16)	19(15)	—(—)	2(1)	—(—)	22(16)	—(—)	21(16)	—(—)	43(32)
Rose-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	2(1)	2(—)	—(—)	—(—)	—(—)	2(1)	—(—)	2(—)	—(—)	4(1)
King George V	—(2)	1(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(2)	—(—)	1(—)	—(—)	1(2)	—(—)
Oak Tree	1(4)	—(—)	1(—)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	2(4)	—(—)	—(—)	—(—)	2(5)	—(—)
Rietfontein	2(6)	1(2)	1(—)	—(—)	9(11)	7(4)	2(1)	1(—)	3(6)	11(12)	1(2)	8(4)	4(8)	19(16)
Randfontein-Suid.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	—(1)	—(—)	—(2)
Oos-Rand-b.h.	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	1(1)	—(—)	—(—)	—(—)	—(1)	—(—)	1(1)	—(—)	1(2)
S.A.N.T.A. Modder B	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	1(2)	2(2)	—(—)	—(—)	—(—)	1(2)	—(—)	2(2)	—(—)	3(4)
S.A.N.T.A. Atteridgeville	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	54(26)	16(16)	2(2)	4(4)	—(—)	56(28)	—(—)	20(20)	—(—)	76(48)
Zonderwater	—(—)	—(—)	—(—)	—(—)	36(22)	—(—)	4(3)	—(—)	—(—)	40(25)	—(—)	—(—)	—(—)	40(25)
TOTAAL	3(12)	2(2)	2(—)	—(1)	124(80)	47(39)	8(6)	7(5)	5(12)	132(86)	2(3)	54(44)	7(15)	186(130)
Totaal opgeneem gedurende jaar 1960 (1959)									16(20)	369(296)	5(12)	168(179)	21(32)	537(475)

TABEL L

TOTALE OPNAMES VAN NUWE EN OU GEVALLE GEDURENDE 1960 (1959)

Inrigting	Blankes M		Blankes V		Nieblankes M		Nieblankes V		Blankes Totaal		Nieblankes Totaal		Totaal	
Knights-b.h.	—	(—)	—	(—)	83	(73)	75	(86)	—	(—)	158	(159)	158	(159)
Rose-b.h.	—	(—)	—	(—)	10	(3)	4	(—)	—	(—)	14	(3)	14	(3)
King George V.	—	(3)	1	(—)	—	(—)	—	(—)	1	(3)	—	(—)	1	(3)
Oak Tree	8	(8)	—	(1)	—	(—)	—	(—)	8	(9)	—	(—)	8	(9)
Rietfontein	8	(9)	4	(11)	22	(17)	20	(15)	12	(20)	42	(32)	54	(52)
Randfontein-Suid.	—	(—)	—	(—)	3	(22)	3	(16)	—	(—)	6	(38)	6	(38)
Oos-Rand Modder B.	—	(—)	—	(—)	—	(1)	1	(3)	—	(—)	1	(4)	1	(4)
S.A.N.T.A. Modder B.	—	(—)	—	(—)	4	(4)	5	(5)	—	(—)	9	(9)	9	(9)
S.A.N.T.A. Atteridgeville	—	(—)	—	(—)	116	(91)	60	(54)	—	(—)	176	(145)	176	(145)
Zonderwater	—	(—)	—	(—)	129	(80)	—	(—)	—	(—)	129	(80)	129	(80)
Alexandra	—	(—)	—	(—)	—	(1)	—	(—)	—	(—)	—	(1)	—	(1)
Groothoek	—	(—)	—	(—)	—	(1)	—	(—)	—	(—)	—	(1)	—	(1)
S.A.N.T.A. Baragwanath	—	(—)	—	(—)	1	(2)	—	(—)	—	(—)	1	(2)	1	(2)
Boksburg	—	(—)	—	(—)	1	(1)	—	(—)	—	(—)	1	(1)	1	(1)
TOTAAL	16	(20)	6	(12)	369	(296)	168	(179)	21	(32)	537	(475)	558	(507)

TABEL M

1960 (1959)

Nuwe gevalle opgeneem in hospitale:

Blankes (plaaslik en ingevoer)	14	(17)
Nieblankes (plaaslik en ingevoer)	351	(341)

Nuwe gevalle opgeneem in hospitale:

Blankes (net plaaslik)	10	(13)
Blankes (net ingevoer)	4	(4)
Nieblankes (net plaaslik)	316	(297)
Nieblankes (net ingevoer)	35	(44)

HUISBESOEKE DEUR VERPLEGINGSPERSONEEL EN RANTSOENE UITGEREIK AAN PASIËNTE EN AFHANKLIKES.

	Aantal huise besoek om bekende en aangemelde gevalle te onderseok en te beheer.	*Rantsoene*				
		Gemiddelde aantal pasiënte	*Mieliemeel lb.*	*Vleis lb.*	*Melk in gellings*	*Santa-pakkies*
Blankes	1,625	3–4	396	789	168	450
Vlakfontein (Nieblankes)	5,432	200	25,520	25,520	9,050	2,288
Atteridgeville	3,669	160	13,376	13,376	7,118	2,030
Lady Selborne	3,073	140	14,270	13,610	6,008	2,132
Sentrale Kliniek	300	12	1,040	3,744	546	—
TOTAAL	14,099		54,602	44,039	22,890	6,900

KLINIEKE, BUITEPASIËNTE EN X -STRAAL-DIENS.

Kliniek	Aantal pasiënte onder beheer	Mediese ondersoeke		X-straal-ondersoeke				Kontakte		
		Gevalle	Kontakte	Gevalle	Verdagte Gevalle					
					Positief	Negatief	Totaal	Positief	Negatief	Totaal
Blankes	202	533	561	246	7	38	45	12	269	281
Vlakfontein (Nie-blankes)	580	2,561	1,748	858	49	22	71	66	952	1,018
Atteridgeville	521	1,769	2,366	602	13	119	132	55	1,118	1,173
Lady Selborne	520	2,025	2,498	673	25	56	81	30	699	729
Sentrale Kliniek	230	1,081	517	268	25	35	60	10	95	105
TOTAAL		7,969	7,690	2,647	119	270	389	173	3,133	3,306

Die massa-miniatuur-X-straal-apparaat van die Raad het 5,940 X-straalfoto's geneem. Van hierdie gevalle is 127 Blankes en 510 Nieblankes op versoek en koste van private ondernemings gedoen. Die res, naamlik 5,305, het bestaan uit 3,447 X-straalfoto's ten opsigte van kontakte, 1,622 was gevallebeheer-X-straalfoto's en 361 was X-straalfoto's ten opsigte van verdagte gevalle. By vertolking het die Radioloog 63 groot foto's aangevra.

GESONDHEIDSPROPAGANDA

Talle praatjies oor openbare gesondheidsaangeleenthede is in die loop van die jaar gelewer.

Groot plakkate met gesondheidspropagandaprente en gepaste slagspreuke daarop is op gunstige plekke in die stad uitgestal.

Kort rolprente is gereeld in die bioskope vertoon.

Alle toewaens van die Gesondheidsafdeling dra plakkate met die een of ander gesondheidsboodskap. Hierdie plakkate pas in spesiale gleuwe aan die sye en agterkante van die toewaens. Hulle word by gereelde tussenpose omgeruil.

Personderhoude en artikels het gemiddeld een keer per week in beide Engels en Afrikaanse koerante verskyn.

KINDERSORGWERKSAAMHEDE

PERSONEEL:

Voorgeboortelike sorg en kindersorgwerksaamhede is vanjaar deur vier voltydse geneeskundige beamptes gedoen, die bykomende geneeskundige beampte is een wat aangestel is om die pos by die onlangs gestigde Saulsville-kliniek te vul.

Die hoeveelheid werk te Vlakfontein by die voorgeboortelike klinieke het weer eens die dienste van 'n bykomende deeltydse geneesheer vereis om by drie-uur-sessies per week behulpsaam te wees. Die behoefte wat verlede jaar bestaan het aan 'n deeltydse geneesheer om een keer per week met die geneeskundige dienste in die lokasies te help, het ook aandag ontvang en die dienste in die lokasies te help, het ook aandag ontvang en die dienste van so 'n deeltydse persoon is gedurende die jaar verkry.

Die Blanke gesondheidsbesoeksterpersoneel tel tans 22. Hierdie toename van twee het tot gevolg gehad dat die vakature by die Saulsville-kliniek en die vakature by die T.B.-kliniek te Lady Selborne gevul kon word.

Negentien van die gesondheidsbesoeksters is in besit van die Gesondheidsbesoekster- en Skoolverpleegstersertifikaat en/of die Kraamverplegingsertifikaat. Van die ander drie verpleegsters wat nie die bykomende kwalifikasies het nie, is een 'n klinieksuster en twee doen T.B.-werk. Daar was twee bedankings gedurende die jaar, wat twee vakatures geskep het, waarvan een gevul is.

Die Nieblanke personeel is met twee vermeerder en tel tans 34. Agtien van hierdie verpleegsters is kindersorgverpleegsters, 9 is vroedvrouens en 7 is tuberkulose- en geslagsiekte-verpleegsters.

Die bevolkingsverskuiwing na Atteridgeville en Vlakfontein met 'n gevolglike toename in aantal, het hierdie personeelvermeerdering genoodsaak. Ten spyte van hierdie vermeerdering moes ons vanjaar net soos in die verlede, weer hierdie verpleegsters hoofsaaklik vir kliniekwerk gebruik as gevolg van die groter aantal bywonings weens die nuwe ontwikkelings en toename in bevolking. Huisbesoeke is weer in 'n mate afgeskeep. Teen die einde van hierdie jaar blyk dit dat die bevolking stabieler geword het, en sodra hy gevestig raak, sal ons die hele situasie op 'n bevredigender wyse in oënskou kan neem en aansoek doen om die nodige bykomende personeel ten einde die belangrike aspek van huisbesoeke te behartig.

Soos verlede jaar berig is, is Saulsville by Atteridgeville ingelyf en word dit nie langer as 'n aparte entiteit beskou nie. Vir administratiewe doeleindes handel ons egter met hierdie twee klinieke en die gebiede wat hulle dien, op 'n afsonderlike grondslag.

Daar is nog baie boubedrywigheid in Saulsville en die totale getal geokkupeerde huise vir die twee gebiede is nou 7,675 in vergelyking met 6,997 verlede jaar. Die totale bevolking van hierdie twee gebiede het van 41,660 tot 46,091 toegeneem. Daar is nog 468 onbewoonde huise in die Saulsvillegebied. Wanneer hulle geokkupeer word, sal hulle deur ons kliniek in Saulsville bedien word. Dit sal beteken dat ons aansoek om addisionele kindersorgverpleegsters en vroedvrouens sal moet doen.

Daar is nou 7,180 huise te Vlakfontein-Wes in vergelyking met 6,069 verlede jaar. Die bevolking het vanjaar van 40,292 tot 52,996 toegeneem. Dit sal ook addisionele personeel vereis.

Vlakfontein-Wes is die enigste deel van Vlakfontein wat by ons kliniekdienste kan baat omdat Vlakfontein-Oos 'n paar myl van ons klinieke af geleë is en te ver is vir pasiënte om die kliniek by te woon. Baie van die paaie is nog nie behoorlik gemaak nie en dit maak toegang tot sommige gebiede ietwat moeilik. Om hierdie rede sal ons in die nabye toekoms ernstige oorweging moet verleen aan die stigting van 'n bykomende kliniek in Vlakfontein-Oos met al die nodige geriewe en personeel. Ons kan nie soos ons graag wou ons dienste te Atteridgeville en Vlakfontein uitbrei nie, hoofsaaklik omdat die strate te rof is vir gebruik deur ons verpleegsters wat huisbesoeke per fiets moet aflê. Aangesien die bevolkingsverskuiwing begin gevestig raak, meen ons dat hierdie probleme eerlank opgelos sal wees.

PERSELE:

Die kliniekgeriewe vir Blankes en die toestande waaronder hierdie dienste gelewer word, sal van jaar tot jaar dieselfde bly totdat die nuwe gebou te Blackwood Villa voltooi is. Die probleem in verband met die hantering van die toenemende ophoping by ons Sentrale Kliniek verlede jaar as gevolg van die toename in getalle vir immunisering teen poliomiëlitis, is vanjaar in 'n mate verlig deur die uitgebreide poliomiëlitisveldtog wat van stapel gestuur is toe groot getalle mense by talle sentrums oor die hele stad, weg van die Sentrale Kliniek, geïmmuniseer is.

Die gunstige omstandighede waaroor verslag gedoen is in verband met die kliniek te 29ste Laan, Villieria, waar twee kamers deur die S.A. Vrouefederasie aan ons verhuur word, het deur die jaar voortgeduur en het 'n algemene toename in bywoning tot gevolg gehad.

Voorgeboortelike klinieke vir hierdie gebied is nog nie onderneem nie weens die gebrek aan geneeskundige personeel.

Ons ander klinieke word nog op onbevredigende persele soos klaskamers en soortgelyke plekke gehou.

Ons het nog nie 'n geskikte perseel vir die kindersorgkliniek vir Booysens verkry nie. Die moontlikheid om 'n tydelike gebou op een van die drie vakante en geskik geleë munisipale erwe wat ondersoek is, op te rig, is nie goedgekeur nie omdat daar gemeen is dat die getalle wat hierdie kliniek bywoon nie die uitgawe regverdig nie. Ons hoop egter om die Ned. Herv. Gemeente te nader om die gebruik van sy kerksaal op die hoek van Attie- en Pretoriastraat. Hierdie saal het 'n geskikte ligging en sal die bywoning vir hierdie gebied verhoog.

ALGEMEEN:

Ons vind dat die spesiale heroriëntasie van die werk waarmee 'n paar jaar gelede begin is waarvolgens meer tyd aan die individuele moeder en haar probleme bestee word, diwidende afwerp. Dit blyk die geval te wees ten spyte van die feit dat dit ons aan die hulp van 'n geneeskundige beampte met spesiale psigiatriese opleiding ontbreek. Ons meen dat deur meer aandag aan individuele moeders te bestee, ons hulle kon help om van opgekropte gevoelens en probleme ontslae te raak wat hulle andersins tot nadeel van hul gesondheid sou onderdruk het. Hoewel ons nie veel in hierdie opsig kan doen nie, is ons daarvan oortuig dat so 'n diens die moeite werd is.

Studente van die Tegniese Kollege wat die kursus vir gesondheidsbesoeksters en skoolverpleegsters volg, was weer vanjaar aflossingsgewyse by ons klinieke om die praktiese opleiding van 20 dae af te lê wat deur die Eksamenraad van die Royal Society for Health vereis word.

JEUGKLUB:

Die Universiteit se Afdeling vir Maatskaplike Dienste het die bedrywighede van hierdie klub gestaak weens die moeilikheid om die dienste van belangstellendes te verkry.

STATISTIEK TEN OPSIGTE VAN BLANKES

HUISBESOEKE DEUR GESONDHEIDSBESOEKSTERS:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

1960	*Eerste besoeke*	*Daaropvolgende besoeke*	*Getal siek kinders besoek*	*Totale getal besoeke*
	3,863 (3,788)	4,924 (4,911)	1,015 (981)	9,802 (9,680)

Daar is 'n toename in die getal eerste besoeke, wat ooreenstem met die toename in die geboortesyfer vir die jaar. Alle ander besoeke het ook toegeneem as gevolg van die aanstelling van 'n bykomende geneeskundige beampte en Blanke en Nieblanke verpleegsters.

BESONDERHEDE VAN KLINIEKBYWONING:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

	1ste bywoning		*Herbywoning*		*Deur geneesheer ondersoek*	
Sentraal, Dinsdag	72	(67)	814	(825)	788	(807)
Sentraal, Woensdag	121	(118)	938	(833)	—	
Sentraal, Vrydag	99	(102)	736	(835)	—	
Bloedstraat	64	(64)	788	(803)	—	
Weeinde	123	(110)	1,471	(1,412)	255	(164)
Proclamation Hill	54	(39)	847	(596)	56	(35)
Yskor	68	(47)	574	(545)	—	
Gezina	55	(71)	491	(536)	—	
Villieria (Woensdag)	151	(119)	1,660	(1,599)	265	(287)
Villieria (Donderdag)	77	(76)	784	(830)	—	
Wonderboomsuid	46	(57)	481	(522)	—	
Mayville	83	(102)	505	(704)	—	
Capital Park	59	(64)	548	(546)	—	
Hatfield	27	(36)	357	(481)	—	
Nieu-Muckleneuk	67	(70)	822	(950)	—	
Sunnyside (Dinsdag)	120	(129)	1,439	(1,635)	—	
Sunnyside (Woensdag)	135	(117)	1,591	(1,479)	—	
Riviera	69	(66)	838	(748)	73	(83)
Salvokop	23	(10)	427	(279)	—	
Danville	21	(36)	749	(848)	353	(387)
Weermagterrein	6	(9)	159	(144)	—	
Arcadia	79	(87)	1,027	(821)	—	
Tentoonstellingsterrein	23	(17)	503	(474)	—	
Hercules	161	(186)	2,982	(3,411)	1,013	(1,001)
Booysens	63	(65)	871	(1,016)	—	
Mountain View	129	(99)	1,630	(1,824)	—	
Pretoria Gardens	150	(141)	1,780	(1,586)	—	
Rietfontein-Noord	36	(43)	426	(452)	—	
Voortrekkerweg	33	(34)	157	(251)	—	
Pierneefstraat	54	(46)	426	(438)	—	
Brooklyn	89	(64)	870	(944)	—	

Die spesiale weeklikse sessie vir babas en kinders met emosionele behoeftes en probleme op Dinsdae by die Sentrale Kliniek, is nog nie weer ingestel nie. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die afwesigheid van 7 maande van die geneeskundige beampte wat veral in hierdie werk belang stel.

VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE VIR BLANKES:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

	Sentraal	*Hercules*	*Danville*	*Totaal*
Getal nuwe gevalle	265 (349)	156 (136)	45 (47)	466 (208)
Totale bywonings	1,474 (2,146)	1,117 (1,043)	355 (344)	2,946 (3,232)

Daar is 'n afname in die aantal nuwe gevalle wat die Sentrale Kliniek bywoon asook 'n afname in die totale bywoning. Die rede hiervoor is omdat die Moedersbond waar 'n daaglikse voorgeboortelike kliniek gehou word, in die loop van die jaar deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem is. So 'n diens is natuurlik tot voordeel van moeders in die sentrale gebied wat dit moielik vind om ons kliniek vir die sentrale gebied op Vrydae by te woon.

Daarbenewens woon die ongehude moeders van die Armstrong Berning-tehuis nie langer ons kliniek by nie, maar gaan na die Provinsiale Kraamhospitaal.

As gevolg van hierdie afname in getalle het ons ons voorgeboortelike kliniek op Donderdagoggende by die Sentrale Kliniek gestaak en het nou net op Vrydagoggende sessies.

Soos in die verlede sit ons by die Sentrale Kliniek nog voorgeboortelike ontspanningsoefeninge voort en dit is baie bemoedigend om entoesiastiese verslae te ontvang van moeders wat aan hierdie oefeninge deelgeneem het.

TANDKLINIEK:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

Getal gevalle wat die tandkliniek bygewoon het 77 (101)

Moeders wat die klinieke vir voorgeboortelike sorg bywoon en wat na die tandheelkundige kliniek verwys word, gaan nog steeds nie so dikwels soos ons verlang vir tandheelkundige sorg nie. Dit is ontmoedigend omdat ons nog nie ons pogings om die publiek in hierdie opsig op te voed, gestaak het nie. Ongelukkig is meeste van die pasiënte wat versuim om die kliniek by te woon, uit die mindergegoede gebiede afkomstig en juis hulle het hierdie sorg so nodig.

Vooroordeel en sosio-ekonomiese moeilikhede is dikwels die oorsaak van versuim om die tandheelkundige kliniek by te woon. Ten spyte van die feit dat ons bereid is om hierdie moeders van buskaartjies te voorsien, sê baie van hulle dat dit onmoontlik is om van die huis en kinders weg te gaan vir iets wat hulle nie as noodsaaklik beskou nie. Daar word gemeen dat hoewel hierdie soort reaksie ontmoedigend is, ons nie ons pogings moet staak nie. Ons is sterk van mening dat 'n sentrum ingestel moet word waar hierdie moeders hulle kinders kan laat terwyl hulle stad toe gaan om aandag aan sulke noodsaaklike dinge te skenk.

IMMUNISERING:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

Getal gevalle wat ten volle teen difterie geïmmuniseer is 1,411 (1,452)
Getal gevalle wat ten volle teen kinkhoes geïmmuniseer is 1,256 (1,301)

Hierdie syfers toon min verandering. Hierdie onbevredigende en ontstellende gebrek aan belangstelling by die publiek veral in die gebiede Danville en Hercules, is baie teleurstellend.

POLIOMIËLITIS:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

	Eerste inspuiting	*Tweede inspuiting*	*Derde inspuiting*	*Vierde inspuiting*
Kinders	1,389 (2,310)	1,382 (2,412)	1,802 (2,638)	1,168 (445)
Volwassenes	789 (1,362)	885 (1,248)	1,099 (1,113)	387

Die voorgaande syfers toon bywonings vir al vier inspuitings slegs by ons Sentrale Kliniek. Alle bywonings toon 'n afname. Dit is as gevolg van die uitgebreide veldtog gedurende die jaar toe duisende inspuitings en mondtoedienings van entstof by verskillende ander sentrums oor die hele stad asook by die skole gegee is.

KRAAMTOESIG:

(Syfers vir 1959 tussen hakies).

Getal kraamtasse geïnspekteer	72 (71)
Getal besoeke aan vroedvroue	23 (15)
Getal besoeke aan kraamgevalle	2 (1)
Getal besoeke aan kraaminrigtings	70 (50)
Getal besoeke aan tehuise vir bejaardes	15 (19)

KLEUTERSKOLE:

'n Geneeskundige beampte het gereeld inspeksie gedoen by twee kleuterskole en een créche en 'n gesondheidsbesoekster het daar toesig gehou.

NIEBLANKEKINDERSORG

Kliniekdienste vir Saulsville is in die nuwe kliniekgebou ingestel en Nieblankeklinieke is gevolglik te Atteridgeville, in die Kampong, te Vlakfontein en te Saulsville gehou. Hoewel Saulsville en Atteridgeville as een afsonderlike lokasie beskou word, hou ons vir administratiewe doeleindes afsonderlike registers. As gevolg van bywoning by die Saulsville-kliniek vanjaar, is die getalle vir Atteridgeville baie minder.

Ons het gedurende die afgelope jaar ons ondersoek na doodgebore babas of die dood van kinders onder die ouderdom van 5 jaar, wat Blankes sowel as Nieblankes betref, voortgesit. Wat die statistiese feite vir die Nieblankes betref, is die posisie net dieselfde soos verlede jaar berig is. As gevolg van die bevolkingstoename in albei lokasies en die personeeltekort, is nie alle sterfgevalle en gevalle van doodgebore babas ondersoek nie. Nog 'n rede hiervoor is dat die bevallings van nuwelinge nog steeds deur „ouvrouens" waargeneem word, en geboortes, doodgeboortes en sterfgevalle kom steeds enigiets van 6 maande tot 'n jaar daarna eers onder ons aandag. Soos verlede jaar berig is, ondervind ons nog steeds moeilikheid in verband met verkeerde adresse. Ons poging om die Begraafplaasopsigter te nader vir inligting in verband met die begrawing van kinders onder die ouderdom van 5 jaar en doodgebore babas, was nie baie suksesvol nie aangesien selfs hier baie onjuisthede voorkom; of die nommer of naam van die straat word verkeerd opgegee, of in sommige gevalle is die spelling van die van verkeerd, wat opsporing onmoontlik maak. Die vierde faktor wat ons ondersoeke belemmer en wat verlede jaar genoem is, is dat begrafnissertifikate deur die Lokasiesuperintendent onderteken word en die oorsaak van die dood as „natuurlike oorsake" opgegee word. Dit is 'n baie onbevredigende toedrag van sake en tot tyd en wyl juister „mediese" inligting verkry kan word, sal ons statistiek in daardie mate onakkuraat wees.

HUISBESOEKE:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

	Bantoes	Kampong Asiate	Kleurlinge	Atteridgeville Bantoes	Saulsville Bantoes	Vlakfontein Bantoes
Eerste besoeke aan pasgebore babas	1(7)	170(161)	102(94)	1,010(1,256)	1,296	1,149(1,271)
Daaropvolgende besoeke	20(56)	1,681(1,850)	1,466(1,511)	2,997(5,144)	113	367(392)
Besoeke aan siek kinders	—(3)	124(106)	114(125)	30(78)	—	2(2)
Getal siek kinders besoek	—(2)	92(111)	53(—)	—(74)	—	—(17)

By die Kampongkliniek is daar, weens die verskuiwing van die bevolking na Atteridgeville en Vlakfontein, ten opsigte van Bantoes 'n merkbare afname in al die besoeke.

In die Kamponggebied toon al die besoeke ten opsigte van Asiate min verandering.

Te Atteridgeville is daar 'n afname in al die besoeke aangesien ons nou vir rekorddoeleindes afsonderlik met Saulsville handel.

Daar sal gemerk word dat daar slegs vir 1960 syfers vir Saulsville aangegee word, maar niks vir 1959 nie. Die rede hiervoor is dat hierdie kliniek eers aan die begin van vanjaar geopen is.

Al die besoeke vir Vlakfontein is min of meer konstant behalwe wat die aantal siek kinders betref wat besoek is. Hiervoor word geen syfers aangegee nie omdat daar nie personeel was om die werk te doen nie.

BYWONINGS BY KINDERSORGKLINIEKE.

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

	Bantoes	Kampong Asiate	Kleurlinge	Atteridgeville Bantoes	Saulsville Bantoes	Vlakfontein Bantoes
Eerste bywonings	456(626)	95(96)	134(143)	1,024(1,593)	1,813	2,583(2,878)
Herbywonings	1,217(1,574)	1,458(1,396)	2,588(1,862)	15,719(20,796)	14,986	21,119(15,351)
Deur geneesheer ondersoek	458(566)	539(429)	509(624)	4,361(6,241)	4,541	4,375(3,932)

By die Kampongkliniek toon die syfers vir al die bywonings ten opsigte van Bantoes min verandering in weerwil daarvan dat die meeste gesinne hier in Atteridgeville en Vlakfontein hervestig is. Hierdie min of meer konstante faktor word deur bywonings deur Bantoes uit buitestedelike gebiede verklaar.

Al die bywonings te Atteridgeville toon 'n afname, weer eens as gevolg van die feit dat ons 'n kliniek te Saulsville geopen het. Die Vlakfonteinsyfers toon 'n afname vir eerste bywonings, waarskynlik omdat eerste bywonings gewoonlik deur huisbesoeke gestimuleer word en huisbesoeke in Vlakfontein was nie so bevredigend as wat ons dit sou wou gehad het nie as gevolg van die personeeltekort. Ons personeel aldaar is tans vir die grootste gedeelte van die dag besig met die hoë bywoning by die klinieke.

Herbywonings en dié wat die geneesheer besoek het, toon 'n toename.

VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

	Kampong Bantoes	Atteridgeville Kleurlinge en Asiate	Saulsville Bantoes	Vlakfontein Bantoes	Bantoes
Getal nuwe gevalle wat hulle by klinieke aangemeld het	1,471 (1,564)	167 (167)	998 (1,790)	1,375	1,871 (1,998)
Getal bywonings.....	5,574 (5,835)	1,296 (1,263)	5,174 (8,281)	5,950	9,642 (1,036)

Daar is 'n min of meer konstante bywoningsyfer vir Bantoes by die Kampongkliniek in weerwil daarvan dat min Bantoes tans in hierdie gebied woonagtig is. Die verklaring hiervoor is dat Bantoes uit die buitestedelike gebied die kliniek bywoon.

Beide eerste en totale bywonings toon 'n opmerklike afname te Atteridgeville, weer eens as gevolg van die instelling van die Saulsville-kliniek wat nou die ekstra las dra wat voorheen deur Atteridgeville gehanteer moes word.

Te Vlakfontein is daar 'n afname in die getal eerste en totale bywonings weens die stigting van die Denneboom-verpleeginrigtingkliniek.

BEVALLINGS WAARGENEEM DEUR VROEDVROUE:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

Vlakfontein	*Atteridgeville*	*Saulsville*
145 (191)	414 (452)	196

IMMUNISERINGSKLINIEKE:

(Syfers vir 1959 tussen hakies.)

Getal gevalle teen difterie geïmmuniseer	1,486 (1,410)
Getal gevalle teen kinkhoes geïmmuniseer	1,351 (1,373)

PRETORIASE KLEUTERSKOLE

Met die opening van 3 nuwe kleuterskole in 1960 is daar nou in Pretoria 17 kleuterskole wat deur die Provinsiale Administrasie goedgekeur is en gesubsidieer word, en twee kleuterskole vir liggaamlik belemmerde kinders wat deur die Unieregering gesteun word. Hierdie kleuterskole maak vir ongeveer 1,150 kinders voorsiening.

Besonderhede van hierdie dertien kleuterskole is soos volg:—

Naam van kleuterskool	*Ure*	*Getal kinders*	*Persentasie werkende moeders en spesiale gevalle*	*Personeeltal*	*Maaltye wat bedien word*	*Gesondheidsdienste*
Hillcrest-kleuterskool	8–2	82	40%	6	Melk middel van oggend. Middagete.	
Andries Hendrik Potgieter-kleuterskool	8.15–1.15	23	Kinders van inrigting	2	Melk middel van oggend en toebroodjie.	
Mayville-kleuterskool	7.30–5.30	74	90%	5	Melk middel van oggend. Middagete. Namiddagete.	
Katie Kagan-kleuterskool	7–6	97	100%	8	3 volle maaltye	Maak van al die munisipale gesondheidsdienste gebruik.
Menarah-kleuterskool	7.45–1.15	60	40%	4	Melk en vrugte middel van oggend.	Munisipale verpleegster.
Mimosa-Kleuterskool	8–12.30	20	40%	2	Melk en vrugte middel van oggend.	
Aga Kahn-kleuterskool	8–2	36	—	3	Melk middel van oggend. Middagete.	
Sorgsentrum vir Kleurlingkinders.	7.30–4	72	90%	4	3 volle maaltye	Maak van al die munisipale gesondheidsdienste gebruik.
Oostelike Voorstedekleuterskool	8–2	100	45%	6	Melk middel van oggend. Middagete.	Eregeneesheer.
Eudora Hauptfleischkleuterskool	7.30–5.30	91	100%	8	Melk middel van oggend. Middagete. Namiddagverversing.	Maak van al die munisipale gesondheidsdienste gebruik, d.i. geneesheer, verpleegster en tandkliniek.
Goede Hoop-kleuterskool	7–5	60	45%	4	Melk middel van oggend. Middagete. Namiddagverversing.	Maak van al die munisipale gesondheidsdienste gebruik.
Clare Pentz-kleuterskool	8–2	57	50%	4	Melk middel van oggend. Middagete.	Eregeneesheer.
Sunnyside-kleuterskool	7.30–1	60	80%	3	Melk en vrugte middel van oggend.	Maak van al die munisipale gesondheidsdienste gebruik.
Saamstaan-kleuterskool	7.30–1.30	100	45%	5	Melk middel van oggend.	Maak van al die munisipale gesondheidsdienste gebruik.
Riviera / Rietondalekleuterskool	8–1	62	45%	3	Melk middel van oggend.	
Rachel Spero-kleuterskool	8–1	58	45%	4	Melk en vrugte middel van oggend.	

Bogemelde kleuterskole stel hulle dit ten doel om 'n omgewing te bied waarin die kind onder leiding van spesiaal opgeleide onderwysers so volledig moontlik kan ontwikkel.

Gesondheidsorg is 'n basiese deel van die kleuterskoolprogram. Voedsame kos, genoeg rus, asook ruimte en geleentheid vir oefening deur middel van spel word verskaf.

'n Aantal van bogemelde skole gebruik die dienste van die munisipale geneesheer, verpleegster en tandkliniek tot voordeel van die kinders. Ander skole gebruik die dienste van 'n eregeneesheer om roetineondersoeke van die kinders uit te voer.

'n Hoë standaard word in hierdie kleuterskole, wat jaarliks deur die Transvaalse Onderwysdepartement geïnspekteer word, gehandhaaf.

Elf van hierdie kleuterskole het gedurende 1960 hulptoekennings van die Pretoriase Munisipaliteit ontvang. Aangesien onkoste in 'n goed gereelde kleuterskool hoog is, wil die Bestuur van hierdie skole asook die Kleuterskoolvereniging van Pretoria hul waardering teenoor die Pretoriase Stadsraad en die Munisipale Gesondheidsafdeling betuig vir die hulp wat hulle verleen het.

PRETORIASE TANDKLINIEKE

Vir die tydperk April 1959 tot Maart 1960.

1. Die Pretoriase Tandkliniek word bestuur deur 'n Beheerraad bestaande uit verteenwoordigers van die Stadsraad, die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Noord-Transvaalse tak van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika en die Staatsdepartement van Gesondheid.

2. HULPTOEKENNINGS

Die Stadsraad het £3,100 per jaar toegeken. Die Staatsdepartement van Gesondheid ken £3,100 per jaar toe vir alle dienste, uitgesonderd vir behoeftige kinders wat Transvaalse provinsiale skole bywoon. Die Provinsiale Administrasie het sy toekenning van £9,600 per jaar hernuwe.

3. SKOOLDIENSTE

Vier-en-sestig Blankeskole is geïnspekteer en 39,189 kinders is ondersoek.

4. OGGENDKLINIEKE

Die ondergemelde tandetrekdienste is by die kliniek gelewer:—

Getal skole waaraan aandag geskenk is	12
Getal sessies gehou	12
Getal kinders behandel	497
Getal tande getrek	618

5. BEWARINGSBEHANDELING EN TANDETREKDIENSTE

Afgesien van ondersoeke tydens skoolinspeksies, het tandartse gedurende die jaar die ondersoeke gedoen en die tande gestop en getrek waarvoor die syfers hier volg:—

Getal kinders ondersoek	8,469
Getal kinders behandel	17,273
Getal stopsels voltooi	18,571
Getal tande getrek	6,833

6. GOUDSTOPSELS EN PROSTETIEK

103 goudstopsels is voltooi,
59 gedeeltelike kunsgebitte is verskaf,
10 gedeeltelike kunsgebitte is herstel, en
4 volle bo- of onder-kunsgebitte is verskaf.

7. MOBIELE EENHEID-DIENSTE

Die mobiele tandheelkundige eenheid is vir die ondergemelde dienste gebruik:—

1. Subklinieke:

Die ondergemelde tandetrekdienste is tydens oggendsessies by die skole gelewer:—

Getal skole besoek	12
Getal sessies	18
Getal kinders behandel	933
Getal tande getrek	1,123

2. Meerhofhospitaal vir Chroniese Siekes:

Getal besoeke	7
Getal kinders ondersoek	156
Getal stopsels voltooi	126
Getal tande getrek	44

3. Bewaringsbehandeling en Tandetrekdienste.

Bewaringsbehandeling en tandetrekdienste is by die volgende skole gelewer: Staatsdorpie, Akasia, Die Poort, F. H. Odendaal en Mooiplaas.

Getal kinders ondersoek	547
Getal kinders behandel	742
Getal stopsels voltooi	1,704
Getal tande getrek	207

8. AFDELINGS VOORSKOOLSE SORG, SORG VOOR EN NA DIE GEBOORTE, EN NIE-STAATSKOLE

Hierdie afdelings toon 'n geringe toename in vergelyking met vorige jare.
Aktiwiteite van hierdie afdelings word in die aangehegte statistieke aangetoon.

9. ORTODONTIESE DIENSTE

Een deeltydse tandarts is tydens twee oggendsessies per week vir die Afdeling Ortodontiek verantwoordelik.

Die getal pasiënte wie se name op die waglys is, neem nog steeds toe.

Gedurende die onderhawige tydperk is 96 toestelle voltooi en 13 herstellings gedoen. Altesaam 2,427 operasies is gedoen.

10. NIEBLANKEDIENSTE

Twee tandartse, wat ook Blanke skoolkinders behandel, lewer by die klinieke in Marabastad, Lady Selborne en Atteridgeville dienste aan Nieblankes. Die aanvraag na bewaringsbehandeling neem gestadig toe.

TABEL TEN OPSIGTE VAN BLANKES

1957–1960		OPGENOME PASIËNTE			Behandeling voltooi	Ondersoeke	BEHANDELINGS					Totaal
		Nuut	Herbesoeke	Totaal			Stopsels	Wortelkanaal- en pulpabehandeling	Voorbehoeding	Getrek	Ander behandeling	
Voorskoolsekinders	1957–58	87	132	219	26	90	140	—	2	128	60	420
	1958–59	82	73	155	16	84	147	—	—	101	60	392
	1959–60	73	106	179	32	73	199	1	5	90	125	493
Skoolkinders	1957–58	8,585	11,393	19,978	4,193	8,895	16,802	180	252	7,596	1,356	35,081
	1958–59	8,048	10,106	18,164	3,133	7,413	18,991	225	193	5,910	990	33,712
	1959–60	7,466	9,025	16,491	2,584	8,108	17,396	212	165	6,642	1,896	34,419
Privaatskole	1957–58	144	367	511	57	143	513	9	8	92	98	813
	1958–59	139	429	568	76	171	821	18	60	109	97	1,276
	1959–60	172	434	606	69	188	976	38	25	101	106	1,434
Voor en na die geboorte	1957–58	81	209	290	29	92	205	2	30	156	55	540
	1958–59	91	166	257	25	98	289	3	21	132	25	568
	1959–60	87	183	270	32	93	330	2	34	128	34	621
Totaal	1957–58	8,897	12,101	20,998	4,305	9,120	17,660	191	292	7,972	1,569	36,854
	1958–59	8,360	10,774	19,144	2,901	7,766	20,248	246	274	6,252	1,162	35,948
	1959–60	7,798	9,748	17,543	2,717	8,462	18,901	253	229	6,961	2,161	36,977

TABEL TEN OPSIGTE VAN NIEBLANKES

1957–60		OPGENOME PASIËNTE			BEHANDELINGS					Totaal
		Nuut	Herbesoeke	Totaal	Ondersoeke	Stopsels	Voorbehoeding	Getrek	Ander behandeling	
Voorskoolse kinders	1957–58	317	28	345	121	26	—	307	15	409
	1958–59	330	37	362	84	19	—	374	20	497
	1959–60	311	38	349	122	22	—	267	33	444
Skoolkinders	1957–58	1,589	345	1,934	473	380	1	1,689	59	2,602
	1958–59	1,519	604	2,123	482	564	—	1,646	34	2,726
	1959–60	2,242	530	2,772	563	570	1	2,171	41	3,346
Volwassenes	1957–58	5,837	1,323	7,160	209	15	—	9,526	129	9,879
	1958–59	6,058	1,216	7,283	243	4	—	8,685	111	9,043
	1959–60	6,559	1,259	7,818	518	30	—	8,937	96	9,581
Totaal	1957–58	7,743	1,696	9,439	803	421	1	11,522	203	12,890
	1958–59	7,907	1,857	9,773	809	587	—	10,705	165	12,266
	1959–60	9,112	1,827	10,939	1,203	622	1	11,375	170	13,371

GENEESKUNDIGE ONDERSOEKE DEUR GENEESKUNDIGE BEAMPTES IN DIE GESONDHEIDSAFDELING UITGEVOER

'n Totaal van 930 sulke geneeskundige ondersoeke is uitgevoer. Hierdie syfer omvat die geneeskundige ondersoek van persone wat tot die munisipale diens toegetree het en spesiale geneeskundige ondersoeke kragtens die Ongevallewet of vir Pensioenfonds- of ander doeleindes.

SLAGPLAAS

PERSONEEL

Die personeelstaat is soos volg:—
Bestuurder: Dr. W. J. Wheeler
Hoofklerk: Mnr. A. G. B. Pattison
Tikster/Klerk: Mej. J. H. J. Meyer
Toesighoudende Vleisinspekteur: Mnr. T. B. Nothnagel.
Senior Vleisinspekteur: Mnr. A. C. Engelbrecht.
Vleisinspekteurs: Vyf.
Skoonmaker/Nasieners: Drie.
Skoonmakers: Vier.
Nagwag: Een
Opsigter/Werfvoorman: Een.
Werkplaas-assistent: Een
Superintendent, Neweprodukte en Koelingsinstallasie: Mnr. B. de Lange.
Monteur-draaibankwerker: Een
Werkwinkel-assistent: Een
Senior masjienbedieners: Drie
Masjienbedieners: Vier.
Bantoes: 50.

Gedurende die jaar, na etlike jare se lyding as gevolg van 'n besering aan diens, is mnr. J. A. Matthee, die vorige Superintendent, Neweprodukte, oorlede. Die ontydige afsterwe van nagwag J. H. Botha word ook geboekstaaf.

Die kroniese tekort aan Vleisinspekteurs duur nog voort en die gebruik van Distriksgesondheidsinspekteurs as aflospersoneel is steeds noodsaaklik.

VEEVOORRADE

Dit blyk dat die seisoenstekorte vir goed iets van die verlede is aangesien nog 'n jaar verby is met slagdiere van alle soorte te alle tye geredelik beskikbaar.

Soos blyk uit die gegewe syfers, het die opvallende toename in die aantal diere wat geslag is weer tred gehou met die vinnige groei in Pretoria se bevolking. Hierdie opwaartse neiging behoort gehandhaaf te word, veral na aanleiding van die verhoogde verwagte koopvermoë aan die kant van die Nieblanke bevolking.

Alhoewel die aantal beeste in die land in geen besondere mate toeneem nie, stel beter bestuur boere in staat om die diere op 'n vroeër ouderdom te verkoop en sodoende aan die toenemende aanvraag te voldoen.

Die pogings deur die Vleisbeheerraad om die veetoevloei deur middel van permitte te beheer, was nie baie geslaagd nie en daar is dus besluit om met ingang van 15 Januarie 1961 die gebruik van permitte te staak. Die posisie ten opsigte van hierdie geriewe is vererger deur die isolering van 'n deel van die veekrale vir die ontvangs van beeste uit die bek- en klouseerkwarantyngebiede.

Skape is hoofsaaklik uit die Kaapprovinsie en die Vrystaat afkomstig en arriveer gewoonlik in groot getalle per trein vroeg in die week en ooreis sodoende verder ons kraalgeriewe.

Die opheffing van toestromingspermitte vir varke het nie die posisie baie verander nie aangesien eienaars saam met hanteeragente self die verspreiding uitwerk ten einde die hoogste pryse te verkry.

VLEISVOORRADE

Daar is voortgegaan met verkope aan die haak wat die slag van beeste en skape op verskillende tye nog steeds noodsaaklik maak. As gevolg van ons ontoereikende geriewe skep dit meer moeilikhede. Die slagplaas het nogtans daarin geslaag om tot dusver die aanvraag te behartig.

Ontoereikende hanggeriewe voor verkope noodsaak nog steeds die gebruik van gange waar higiëniese toestande alles behalwe ideaal is. Een van die hangsale vir beeste is so swak geventileer dat kopers kla dat die karkasse gedurende warm weer nie vars bly nie.

As gevolg van die ontoereikende geriewe by die slagplaas moet die verspreiding van afval deur Bantoemarskramers nog goedgekeur word.

Daar is heelwat minder pluimvee geslag as wat verwag is. Die slagplaas is hoofsaaklik gebruik vir die slag volgens kosjer-voorskrifte en surplus voorrade wat nie elders gehanteer kon word nie, veral net voor vakansies.

NUWE SLAGPLAAS

Die Vleisbeheerraad het in die loop van die jaar die uitbreiding van hangsaal- en kraalgeriewe aangevra. Toe hy te staan gekom het voor die verhoogde slagplaasgelde wat nodig is om noodsaaklike verbeterings asook die kapitaallas te dek totdat na die nuwe slagplaas getrek word, wou die Beheerraad nie die verhogings goedkeur nie.

Die Beheerraad het toe die Bestuurder en daarna die Slagplaas-onderkomitee van die Raad ontmoet. Die Beheerraadamptenare het daarop gewys dat die Minister op die punt staan om 'n Kommissie van Ondersoek in verband met die vleishandel aan te stel, en het die Munisipaliteit aangeraai om nie met die oprigting van 'n nuwe slagplaas voort te gaan nie. Terselfdertyd is daar gemeen dat die ou slagplaas na die aanbring van veranderings moontlik nog 'n aantal jare kan

funksioneer. In weerwil van die feit dat die Raad sewe jaar gelede raadgewers aangestel het om hierdie moontlikheid te ondersoek, is die tegniese personeel van die Vleisbeheerraad, saam met sekere munisipale amptenare, nou met hierdie taak, wat nie maklik is nie, belas.

Weens die vertragings as gevolg van die vergaderings van die Ondersoekkommissie en die beraadslaging daarna en die tyd wat nodig is om die nuwe gebou op te rig, blyk dit dat die huidige slagplaas nog minstens agt jaar lank voldoende sal moet wees.

Om hierdie tydperk te oorbrug, sal heelwat uitbreidings en verbeterings aangebring moet word.

VERVAARDIGING VAN NEWEPRODUKTE

Die toename in afgekeurde en geslagte diere het weer eens aanleiding gegee tot die toename in die totale gewig karkasmeel, bloedmeel en vet wat geproduseer is. Verbetering in produkte word egter deur die gebrek aan ruimte en geriewe belemmer.

Die tenderprys van vet was laer as wat verwag is, hoewel die hoër inkomste uit karkas- en bloedmeel gedurende die afgelope jaar daarvoor behoort te vergoed. Hierdie prysverhoging is goedgekeur nadat prysbeheer op hierdie kommoditeite opgehef is.

SIEKTES AANGETREF

Die afkeuring van beesvleis is, soos in die verlede, hoofsaaklik deur sistiserkose (masels) en kneusing veroorsaak. Die voorkoms van masels onder beeste het tot amper 9% en by varke tot 4% gestyg. Die aangetaste beeste kom hoofsaaklik uit die warmer droër dele van Noord-Transvaal en is van die beste gehalte. Varke wat aan Bantoes behoort, toon die meeste besmetting.

Daar word gemeen dat die tyd vir 'n veldtog deur die Staat om die twee betrokke lintwurms uit te roei, reeds lank gelede aangebreek het.

Solank diere lang afstande na slagplase moet aflê, sal kneusing voorkom. Verliese as gevolg hiervan behoort baie te verminder indien beeste onthoring word.

Mantelvliesontsteking en ingewandsonsteking kom hoofsaaklik by koeie voor as gevolg van die verspreiding van ontsteking vanaf die uterus omdat die nageboorte agterbly en as gevolg van een of ander spesifieke infeksie. Besnoitiosis (olifantvelsiekte) kom nog in 'n mate voor, maar boere verkoop aangetaste beeste op 'n vroeër ouderdom in 'n poging om hierdie siekte uit te skakel.

Daar is gemerk dat beeste wat by die slagplaas aankom minder bosluise het en gevolglik word minder absesse gevind as 'n paar jaar gelede.

Tuberkulose het feitlik dieselfde patroon as in vorige jare getoon. By varke het dit hoofsaaklik voorgekom by diere wat aan Bantoes behoort. Infeksie was in 'n groot mate tot die kliere in die keel beperk.

Sporadiese gevalle word by beeste aangetref en infeksie is hoofsaaklik tot die longe beperk. Daar is 'n paar algemene tuberkulosegevalle by melkkoeie aangetref wat positiewe tuberkulienreaksies getoon het toe toetse vir die uitskakeling van die siekte by kuddes deur veeartse uitgevoer is.

As gevolg van die ernstige bek-en-klouseerposisie, veral in Transvaal, is die beestoevoer na die slagplaas bedreig. 'n Deel van die beeskrale is egter sover moontlik afgesonder vir die ontvang van diere uit besmette gebiede en daar word gedurig gewaak teen die verspreidig van hierdie siekte wat ernstige gevolge vir die land as 'n geheel kan hê.

Kaasagtige limfklierontsteking is nog die hoofoorsaak van die afkeuring van skaapvleis by merinoskape waar die diere deur skeerwonde besmet word.

As gevolg van lang treinreise ly baie skape aan spysverteringsmoeilikhede en vrek in die krale.

ALGEMEEN

Weens die gebrek aan vriesruimte by die slagplaas moet al meer karkasse vir behandeling na ander koelkamers verwyder word. Dit het nodig geword om toesighouding oor hierdie karkasse onder die beheer van die Toesighoudende Vleisinspekteur te plaas.

'n Groep gesondheidsinspekteurs het gedurende die jaar opleiding vir hul Vleis- en voedselsertifikate ontvang en twee groepe veeartsenystudente het hul praktiese werk gedurende vakansies hier afgelê.

Veeartsenykundige ondersoek van varke afkomstig van die proefplaas en die varktelery is gereeld onderneem.

Die insameling van monsters en organe vir verskillende inrigtings word nog steeds onderneem, terwyl vee-eienaars by etlike geleenthede veeartsenykundige konsultasie oor siektetoestande wat hul teëgekom het, aangevra het.

Ten spyte van die uiteenlopende belange in die slagplaas, waar toestande alles behalwe ideaal is, was die verhouding tussen die verskillende liggame so goed as wat verwag kon word.

DIERE GESLAG

	1958	1959	1960
Bulle	781	865	993
Koeie	16,637	17,416	19,084
Osse	53,011	54,729	62,801
Totaal (beeste)	70,429	73,010	82,878
Kalwers	3,683	4,169	4,924
Skape	149,863	174,335	183,995
Bokke	567	265	239
Varke	25,497	29,600	32,981
Totaal	250,039	281,379	305,017

TOENAME VAN 23,638 DIERE SEDERT 1959

EKWINES

	1959	1960
Donkies	1,315	990
Perde	445	622
Muile	17	11
Totaal	1,777	1,623

PLUIMVEE

Hoenders	63,755	31,667
Eende	5,240	6,622
Kalkoene	2,000	2,037
Bantams	4	—
Ganse	72	58
Kuikens	2,032	771
Tarentale	—	—
Konyne	199	97
Totaal	73,302	41,252

INGEVOERDE VLEIS ONDERSOEK

Beeskarkasse	7	13

AFGEKEURDE BEES-, SKAAP- EN VARKKARKASSE EN -ORGANE

	Beeste	*Kalwers*	*Skape en bokke*	*Varke*
Karkasse	2,058	252	459	1,287
Koppe	277	—	—	59
Harte	166	—	—	—
Binnegoed	6,824	—	137,385	—
Niere	484	—	—	48
Lewers	12,257	—	75,750	440
Longe	1,263	—	5,478	6
Harslag	974	—	13,453	48
Kwarte	124	—	994	4
Milte	6,818	—	—	—
Sterte	390	—	—	—
Tonge	511	—	—	59
Afval	6,959	—	—	31
Uiers	3,393	—	—	—
Ingewande	5,258	252	459	768

TOTALE AFKEURINGS

	1959	1960
Beeste	2.123%	2.483%
Skape	0.378%	.249%
Kalwers	4.3165%	5.119%
Varke	3.56%	3.902%

SISTISERKOSE (MASELS)

	Totaal aangetas	*Totaal afgekeur*	*Totaal in koelkamer behandel*
1959			
Beeste	5,532 of 7.575%	1,112 of 1.522%	4,430 of 6.067%
Varke	1,075 of 3.65%	966 of 3.277%	109 of 0.372%
1960			
Beeste	7,451 of 8.992%	1,401 of 1.685%	6.050 of 7.296%
Varke	1,312 of 3.978%	1,135 of 3.441%	177 of 0.546%

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE WAT IN ANDER KOELKAMERS AS DIE MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeste.....1432 karkasse.
Aantal inspeksies by koelkamers 31/10/1960—31/12/1960: 136
Aantal oortredings waarmee gehandel is: 11
Kennisgewings of aanmanings: 9

ORGANE VAN KARKASSE WAT MET SISTISERKOSE BESMET WAS EN IN MUNISIPALE SLAGPLAASKOELKAMER BEHANDEL IS

Harte	*Lewers*	*Sterte*	*Tonge*	*Koppe*
5,944	4,797	5,964	5,953	5,923

TUBERKULOSE: AANGETASTE DIERE

	Getal aangetas	*Getal algemeen*	*Getal gelokaliseerd*
1959			
Beeste	39 of 0.0548%	21 of 0.028%	18 of 0.024%
Varke.....	62 of 0.209%	40 of 0.135%	22 of 0.074%
1960			
Beeste	109 of 0.131%	58 of 0.069%	51 of 0.061%
Varke.....	115 of 0.348%	56 of 0.169%	59 of 0.178%

INGEVOERDE VLEIS WAT IN KOELKAS BEHANDEL IS

Beesvleis ..... 13 karkasse
Varkvleis..... —

TOTALE GETAL BLOEDSMERE WAT GEDURENDE DIE JAAR ONDERSOEK IS

Totale getal diere wat in trokke en krale gevrek het..... 178
Totale getal diere wat van buite gebring is om vernietig te word..... —
TOTAAL..... 178

AFGEKEURDE EKWINES

Donkies	*Muile*	*Perde*	*Zebras*
—	1	3	—

AFGEKEURDE PLUIMVEE

Hoenders	*Kalkoene*	*Eende*	*Konyne*
117	1	3	1

SIEKTES WAAROOR KARKASSE, ENS. AFGEKEUR IS.

Siektes	*Beeskarkasse*	*Beeskwarte*	*Kalfsvleis*	*Skaapkarkasse*	*Bokke*	*Varke*	*Perde*	*Muile*	*Donkies*
Aktinomikose	302 koppe 302 tonge								
Karsinoom	6	—	—	—	—	1	—	—	—
Vertraagde bloeding	1	—	—	2	—	1	—	—	—
Vermaering	38	—	52	65	—	6	—	—	—
Emfiseem	14	12	—	1	—	—	—	—	—
Uitwendige kneusing	204	39	4	12	—	21	—	—	—
Uitwendige kneusing (lb)	44,746	—	—	12 kwarte	—	930	—	—	—
Koors	1	—	—	—	—	—	—	—	—
Gangreen	58	47	—	2	—	6	—	—	—
Geelsug	1	—	—	11	—	—	—	—	—
Masels	7,451	—	1	—	—	1,135	—	—	—
Kwaadaardige gewasse	1	—	—	—	—	1	—	—	—
Vrekte	6	—	—	31	—	—	—	—	—
Veelvoudige absesse	65	23	2	1	—	31	—	—	—
Veelvoudige absesse (kwarte)	—	—	—	—	—	2	—	—	—
Edeem	2	—	—	—	—	—	—	—	—
Buikvliesontsteking	11	—	—	3	—	9	—	—	—
Borsvliesontsteking	4	—	—	—	—	—	—	—	—
Bors- en buikvleisontsteking	79	—	—	—	—	1	—	—	—
Sarkosporidiose	11	—	—	—	—	1	—	—	—
Septiese metritis	10	—	—	8	—	—	—	—	—
Septiese pneumonie	6	—	7	4	—	6	—	—	—
Septiese hartsakontsteking	1	—	—	—	—	—	—	—	—
Uremie	2	—	—	—	—	—	—	—	—
Globidiose	67	—	—	—	—	—	—	—	—
Onrypheid	—	—	73	—	—	—	—	—	—
Gewigkwaal	—	—	1	—	—	—	—	—	—
Nawelkwaal	—	—	110	—	—	—	—	—	—
Rooiwater	—	—	1	—	—	—	—	—	—
Septiese nierontsteking	—	—	4	—	—	—	—	—	—
Paratifoïde	—	—	2	—	—	—	—	—	—
Kaasagtige limfklierontsteking (karkasse)	—	—	—	318,963	—	—	—	—	—
Kaasagtige limfklierontsteking (lb. aangetas)	—	—	—	kwarte 16,992	—	—	—	—	—
Follikulêre skurfte	—	—	—	—	—	2	—	—	—
Septiese Orchitis	—	—	—	—	—	—	—	3	—
Veelvoudige bloeding	—	—	—	—	—	—	—	1	—

SIEKTES WAAROOR PLUIMVEE AFGEKEUR IS

	Hoenders	*Eende*	*Kalkoene*
Absesse	2	—	—
Dooie pluimvee	67	1	1
Karsinoom	9	—	—
Gangreen	1	—	—
Buikvliesontsteking	18	—	—
Septiese dermontsteking	3	—	—
Kwaadaardige gewasse	5	1	—
Ontbinding	1	—	—
Nuwe groeisels	11	—	—
Vermaering	—	1	—

GEWIG VAN AFGEKEURDE KARKASSE, GEWIG VAN ORGANE UITGESLUIT

	ton		*lb*
Beesvleis	505.6175	of	1,011,235
Kalfsvleis	4.986	of	9,973
Skaapvleis	11.643	of	23,286
Varkvleis	6.334	of	126,684
Perdevleis	0.7315	of	1,473
Muilvleis	0.2275	of	455

VERKOOPTE NEWEPRODUKTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31.12.60

	ton	*lb*
Velgedeeltes	—	51,880
Vet	137	1,762
Karkasmeel	475	1,928
Bloedmeel	398	1,548
Varkhaar	—	5,359
Vere	—	1,799

OPGAWE VAN DIE GESONDHEIDSINSPEKTEURS SE WERK

Vir die grootste gedeelte van die onderhawige jaar was daar die vollge gemagtigde sterkte inspeksiepersoneel wat die Gesondheidsafdeling betref. Dieselfde kan egter nie van die slagplaas gesê word nie waar die tekort aan vleisinspekteurs die hele jaar lank voortgeduur het. Gevolglik moes gesondheidsinspekteurs daagliks aan die slagplaas geleen word; 'n onvermydelike prosedure wat ontevredenheid en 'n mate van ongerief vir die betrokke inspekteurs in die gewone uitvoering van hul pligte veroorsaak het.

In die volgende bladsye van hierdie verslag word onder verskillende opskrifte die werk van die gesondheidsinspeksiepersoneel taamlik breedvoerig weergegee.

GELISENSIEERDE PERSELE

Hier volg 'n lys van persele, en die aantal van elkeen, wat gedurende die jaar gelisensieer is. Hierdie persele is almal met gereelde tussenpose geïnspekteer en daar is paslik opgetree om, waar nodig, enige onbevredigende toestande reg te stel.

	Blankes	*Nieblankes*
Bakkers en Banketbakkers (insluitende depots)	32	2
Biljartsalonne	7	2
Bioskoop-teekamers	1	
Losieshuise	214	
Steenbakkers	1	
Slagters	153	43
Skoenmakers	55	21
Fietshandelaars	76	56
Melkerye	103	15
Droogskoonmaak-ontvangsdepots	127	15
Velhandelaars	1	
Visbakkers	4	
Vishandelaars	43	2
Varsproduktehandelaars	437	158
Fumigeerders	3	
Haarkappers	144	23
Venters en Marskramers	82	347
Hotelle	29	
Roomysvervaardigers	4	
Roomysverkopers	6	
Wasserye en Droogskoonmakers	36	7
Markstalletjies	17	37
Melkprodusente	354	
Melkwinkels	201	27

	Blankes	Nieblankes
Meulenaars	4	
Koeldrankhandelaars	143	21
Koeldrankvervaardigers	6	1
Bantoe-eethuise	7	29
Pluimveehandelaars	34	
Lewensmiddele-handelaars	422	243
Lewensmiddele-fabrieke	9	2
Openbare sale en vermaaklikheidsplekke	24	1
Klipgroewe	1	
Restaurante en Teekamers	300	80
Handelaars in tweedehandse goedere	65	2
Leerlooierye	1	
Teaters (een inryteater inbegrepe)	13	3
Turkse baddens	1	
Begrafnisondernemers	5	7
Houtsaers	5	
Werkwinkels	349	9

BOUPLANNE

Die ondergemelde tabel verstrek 'n opsomming van die planne wat gedurende die twaalf maande geëindig 31 Desember 1960 ondersoek is:—

Maand	Getal planne vir die eerste keer voorgelê	Getal planne weer voorgelê	Voorlopige planne	Planne deur Argitekte voorgelê	Planne vir Lokasies	Totaal
Januarie	108	18	—	—	11	137
Februarie	185	22	—	—	14	221
Maart	187	19	1	1	22	230
April	122	36	—	—	33	191
Mei	167	34	—	1	17	219
Junie	133	22	—	—	35	190
Julie	120	23	—	5	36	184
Augustus	159	40	—	2	41	242
September	142	33	—	—	44	219
Oktober	91	24	—	—	32	147
November	129	24	—	1	35	187
Desember	64	12	—	—	50	126
TOTAAL	1,605	307	1	10	370	2,293

VROEËOGGEND- EN AANDINSPEKSIES

Die syfers van inspeksies wat deur die Voedselseksie gedoen is, word in die onderstaande tabel vervat.

Die Distriksgesondheidsinspekteurs moet minstens een keer per maand vroeëoggendinspeksies uitvoer, en daarenbowe word inspeksies, wanneer nodig saans of snags uitgevoer.

Dit is deel van die normale pligte van inspekteurs, veral in die Voedselseksie, om gedurende middagetenstye, vroeg saans en gedurende die nag inspeksies uit te voer.

Die onderstaande tabel dui die soorte persele aan wat geïnspekteer is en die getal buitenstydse inspeksies wat gedurende die jaar uitgevoer is.

Soort Inspeksie	Totale getal inspeksies	Bevredigend bevind	Nie bevredigend nie Aanseggings of kennisgewings bestel
Voedselaflewerings	286	243	43
Slagterswinkel	705	522	183
Bantoe-eethuise	16	12	4
Melkdepots	165	157	8
Restaurante en Teekamers	336	252	84
Hotelle en Losieshuise	26	20	6
Vishandelaars	10	8	2
Diverse	35	29	6
Varsproduktehandelaars	53	41	12
Koeistalle	12	10	2
Voedselfabrieke	7	5	2
Naginspekteurs	4	4	—
Bakkerye en Banketbakkers	13	9	4
Totaal	1,668	1,312	356
Voedselseksie (verskillende voedselpersele):			
Naginspeksies	172	151	21
Middagetensuur-inspeksies	456	302	154
Vroeëoggendinspeksies	31	25	6
GROOTTOTAAL	2,327	1,790	537

INSPEKSIE DEUR DISTRIKSINSPEKTEURS

Knaagdiere:

1.	Klagtes ondersoek	180
2.	Persele geïnspekteer en advies gegee	1,853
3.	Kennisgewings en aanseggings om valle of gif te gebruik	786
4.	Kennisgewings bestel wat knaagdierwering van persele vereis	41
5.	Kennisgewings bestel ooreenkomstig 3 en 4 hierbo, voldoen aan	58
6.	Bestaande geboue voorsien van knaagdierwering	98
7.	Nuwe geboue met knaagdierwering voltooi	129
8.	Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	3
9.	Ophoping van vuilgoed of rommel waar daar moontlik knaagdiere kan skuil, skoongemaak of verwyder	602
10.	Getal knaagdiere gedood of as gedood gerapporteer	1,581
11.	Rotwering-voedselblikke vir diere voorsien	69
12.	Sake na Plaagbeheer verwys	6
13.	Sake betreffende knaagdierbeheer na ander afdelings verwys	17

Muskiete:

1.	Klagtes ondersoek	116
2.	Inspeksies uitgevoer	1,191
3.	Kennisgewings en aanseggings uitgereik	424
4.	Kennisgewings ooreenkomstig (3) hierbo bestel en voldoen aan	73
5.	Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	2
6.	Broeiplekke uitgeskakel	265
7.	Advies gegee betreffende muskietbeheer	614
8.	Soorte muskiete gevind	—

Vlieë:

1.	Klagtes ondersoek	82
2.	Inspeksies uitgevoer	970
3.	Kennisgewings en aanseggings uitgereik	358
4.	Kennisgewings ooreenkomstig (3) hierbo bestel, en voldoen aan	40
5.	Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	2
6.	Broeiplekke uitgeskakel	229
7.	Advies gegee betreffende vlieëbeheer	569

VOEDSELSEKSIE:

Hierdie Seksie is verantwoordelik om te sorg vir die higiëniese produksie, hantering en verspreiding van alle eetware oor die hele stad en in die Nieblankegebiede wat onder die jurisdiksie van die Stadsraad van Pretoria val.

Daar is gereeld monsters geneem van openbare watervoorrade by hul bronne en by verskillende punte in die verspreidingstelsel. Daarbenewens is gereeld monsters van die water in die sewe swembaddens en plasdammetjies geneem en getoets ten einde die doeltreffende werking van die suiweringsinstallasies te verseker.

Die aangehegte tabelle toon duidelik die soorte eetware waarvan in die loop van die jaar monsters geneem is vir bakteriologiese en/of skeikundige ontleding. Die meeste monsters is van bederfbare eetware geneem.

Waar enige van die eetwaremonsters nie aan die standaard voldoen het nie, is die verkoper of gewaarsku of vervolg.

'n Groot hoeveelheid eetware, waaroor besonderhede hierna verskaf word, is aan die Afdeling oorhandig of daar is beslag op gelê omdat dit vir menslike verbruik ongeskik was en dit is afgekeur en vernietig. Die uitstekende samewerking tussen die voedselverkopers en die Afdeling is deur die jaar volgehou. Hierdie samewerking het tot gevolg gehad dat min verkopers gewaarsku is omdat die eetware wat te koop aangebied of op die perseel opgeberg is, ongeskik was.

'n Gesondheidsinspekteur het daagliks die vroeëoggendmark bygewoon waar daar op groot hoeveelhede eetware beslag gelê is wat as ongeskik vir menslike verbruik verklaar is. Besonderhede hiervan word in die tabelle hierna verskaf.

Daar is voortgegaan met die beleid om restaurants, hotelle, losieshuise en ander plekke waar voedsel verskaf word gedurende maaltye terwyl voedsel voorberei en bedien is, te inspekteer. 'n Totaal van 179 uur is aan hierdie vroeëoggend-, middagetensuur- en naginspeksies bestee.

Spesiale aandag is aan die hantering van voorbereide eetware, die was van skottelgoed, eetgerei en breekware en die persoonlike skoonheid van die betrokke personeel bestee.

Die metode om vars vis in ys in geskikte waens direk van die kus na Pretoria te vervoer, het die deteriorasie van vars vis tot 'n paar pond verminder in vergelyking met etlike ton gedurende vorige jare.

Daar kan met genoeë geboekstaaf word dat groothandelvleisvoorrade nie langer in oop voertuie met slegs 'n seil bo-oor as die enigste beskerming vervoer word nie. Die laaste van hierdie soort voertuig is gedurende die jaar van die paaie verwyder. Groothandelvleisvoorrade word nou slegs in toe voertuie versprei en hierdie Afdeling het die samewerking waardeer wat gedurende die oorgangstydperk van die handel ontvang is en het die volste vertroue dat verbeterde tipes voertuie gebruik sal word as gevolg van die ervaring wat opgedoen is.

Die putte wat deur die klein Kleurlinggemeenskap ten weste van Vlakfontein gebruik is, is ondersoek en monsters van die water is geneem. Daar was sterk tekens van ernstige besoedeling in hierdie monsters en die posisie het sorg gewek. Daar is gereël dat hierdie Kleurlinge, as 'n tydelike maatreël, water van 'n bevredigende bron daar naby verkry, in afwagting van die retikulasie van die Stadstoevoer na hierdie dorp in die nabye toekoms.

Nuwe boorgate is geboor by die Rooiwalwaterwerke waar die nuwe rioolwaterwerke geleë is en waar die nuwe kragstasie gebou word. Die water is deur Blankes en Nieblankes wat op die terrein woon en werk vir huishoudelike doeleindes gebruik.

Waar monsters bewys het dat die water nie aan die standaard voldoen nie, is stappe om die saak in die reine te bring, onmiddellik gedoen.

Soos hierbo gemeld, is 'n totaal van 179 uur bestee aan spesiale nag-, vroeëoggend- en middagetensuur-inspeksies. Hier volg 'n uitvoerige tabel van hierdie werk:—

Oortredings waarmee gehandel is	181
Kennisgewings bestel	16
Aanseggings gegee	165
Oortredings verwyder	181

Inspeksies uitgevoer:

Herinspeksies	16
Restaurante en teekamers	428
Gelisensieerde hotelle	14
Private hotelle en losieshuise	85
Banketbakkers	53
Bakkerye	27
Slaghuise	5
Voedselaflewerings	31
Totale getal inspeksies	659

Die ondergemelde tabel gee 'n ontleding van die tye van die dag toe die inspeksies uitgevoer is:

	Getal	*Bevredigend*	*Nie heeltemal bevredigend nie en onbevredigend*
Naginspeksies	172	151	21
Middagetensuur-inspeksies	456	302	154
Vroeëoggendinspeksies	31	25	6

'n Totaal van 140 besendings eetware (behalwe dié waarop daar by die oggendmark beslag gelê is) is beslag op gelê of uitgelewer en die ondergemelde eetware is afgekeur as ongeskik vir menslike gebruik en vernietig:—

Konfyt	1,586 lb.
Vleis, Vrugte, Groente, Vis, Melk, Diverse blikkieskos, Mayonnaise	11,197 blikkies
Suuruie, Toebroodjiesmeersel, Ekstrakte	1,677 flesse
Vrugtedrank	368 bottels
Room	27 gelling
Vrugte	115 plat kassies
Pluimvee	248 lb.
Wors	9 lb.
Kaas	83 lb.
Graankos	1,316 pakkies
Gebak	17 lb.
Vis (vars)	13 lb.
Sout	133 lb.
Biltong	5 lb.
Dadels	163 lb.
Boerewors	21 lb.
Koekmeel	197 lb.
Margarien	6 lb.
Koffie	5 lb.
Suiker	95 lb.

Altesaam 17 waarskuwings is uitgereik ten opsigte van oortredings van wette en regulasies betreffende eetware.

Die ondergemelde voedselmonsters is geneem vir skeikundige en bakteriologiese ontleding:—

SKEIKUNDIG

Aard van Artikel ..	*Getal monsters*	*Bevredigend*	*Onbevredigend*
Roomys	180	176	4
Boerewors	109	103	6
Gemaalde Vleis	129	110	19
Kaas	6	6	—
Polonie	13	13	—
Varkwors	2	2	—
Beeswors	1	1	—

BAKTERIOLOGIES

Roomys	180	155	25

Vier-en-vyftig waarskuwings is uitgereik in verband met die monsters wat nie aan die bepalings van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels en ander wetgewing betreffende eetware, voldoen het nie.

MUNISIPALE WATERLEWERING

	Bevredigend	*Onbevredigend*	*Totaal*
Rietvleiwaterwerke			
(Na filtrering, maar voor chlorering	6	4	10
Fonteine			
(*a*) Boonste fontein (voor chlorering)	10	—	10
(*b*) Onderste fontein (voor chlorering)	10	—	10
(*c*) Gemengde water (na chlorering) (sluit in water van Fonteine, Rietvlei en Grootfontein)	10	—	10

Die fonteine by die Fonteinedal lewer byna 6,000,000 gelling per dag en die water word gechloreer as 'n roetinemaatreël.

	Bevredigend	*Onbevredigend*	*Totaal*
Krane in Stad:			
In verskillende dele van stad	20	—	20
Ander Munisipale Leweringsplekke:			
(*a*) Vlakfonteinboorgate en -putte	13	4	17
(*b*) Vlakfontein-opbergtenks	6	4	10
(*c*) Munisipale swembaddens	72	—	72
(*d*) Munisipale speeldammetjies	18	6	24
(*e*) Rooiwal	22	—	22
(*f*) Munisipale klipgroef (Bon Accord)	21	12	33
Randse Waterraad			
Uit hooftoevoerpyplyn	10	—	10

Die boorgat by die Bon Accord-klipgroef het herhaaldelik besmetting getoon. Die chlorering het egter sedertdien die saak reggestel en die resultate was teen die einde van die jaar bevredigend.

Op private persele:			
Boorgate	11	—	11

ROOIWALWATERUITVLOEISEL NA KRAGSTASIEDAM GEPOMP

	Bevredigend	*Onbevredigend*	*Totaal*
(*a*) Na filtrering en chlorering by Rioolwaterwerke.	—	11	11
(*b*) Na filtrering en chlorering by Kragstasiedam	—	11	11

Hierdie water is rioolwateruitvloiesel wat gefiltreer en gechloreer en na die kragstasie gepomp word vir verkoelingsdoeleindes en na die Pretoria-Wes-gholfbaan vir besproeiing. Dit word nie vir swem- of huishoudelike doeleindes gebruik nie.

MUNISIPALE MARK

Daaglikse inspeksie van alle produkte op die vroeëoggendmark is uitgevoer en die ondergemelde hoeveelhede eetware is gedurende die jaar afgekeur en vernietig:—

Vrugte en Groente:

Kissies groot	3,101	Sakkies	15,465
Groot bondels	7	Handmandjies	809
Kratte	582	Suikersakke	1,220
Klein lotte	2	Platkissies	1,952
Hope	3	Graansakke	278
Kartondose	2		

Geslagte Hoenders:

Getal ondersoek	9,309
Getal afgekeur	68
Persentasie afgekeur	.63%

Wildsbokke:

Getal ondersoek	803
Getal afgekeur	25
Persentasie afgekeur	3.11%

Wildvoëls (dood)

Getal ondersoek	19
Getal afgekeur	1
Persentasie afgekeur	5.26%

Lewendige Hoenders:

Getal ondersoek	48,132
Getal afgekeur	42
Persentasie afgekeur	.087%

Kalkoene:

Getal ondersoek	1,374
Getal afgekeur	2
Persentasie afgekeur	.14%

Eende:

Getal ondersoek	2,935
Getal afgekeur	14
Persentasie afgekeur	.48%

Lewendige Ganse:

Getal ondersoek	166
Getal afgekeur	—
Persentasie afgekeur	Geen

Konyne:

Getal ondersoek	4
Getal afgekeur	—
Persentasie afgekeur	Geen

Duiwe:

Getal ondersoek	195
Getal afgekeur	—
Persentasie afgekeur	Geen

Die onderstaande tabel dui die getal en tipe inspeksies aan wat deur Inspekteurs van die Voedselseksie uitgevoer is:—

Oortredings waarmee gehandel is	3,863
Oortredings verwyder	3,845
Kennisgewings bestel	253
Aanseggings gegee	3,592
Herinspeksies	855
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee	268
Lisensieaansoeke waarmee gehandel is	214
Inspeksie van slaghuise	1,140
Inspeksie van vishandelaars	213
Inspeksie van bakkerye	226
Inspeksie van banketbakkerye	133
Inspeksie van restaurante en teekamers	2,081
Inspeksie van Bantoe-eethuise	323
Inspeksie van vrugte- en groentewinkels	2,906
Inspeksie van melkwinkels en -depots	222
Inspeksie van ander voedselwinkels	1,620
Inspeksie van koeldrankfabrieke	20
Inspeksie van ander voedselfabrieke	185
Inspeksie van oggendmark	300
Diverse inspeksies	82
Naginspeksies	172
Vroeë-oggendinspeksies	31
Middagetensuurinspeksies	456
Monsters geneem	871
Inspeksie van losieshuise en hotelle	950
	11,268

PLAAGBEHEERSEKSIE

Muskietbeheermaatreëls:

Die verwydering van plantegroei uit die hoofbesproeiingsvoor en al die besproeiingsdamme in die Eloffsdalgebied, die ongekanaliseerde gedeeltes van die Apiesrivier en al die spruite in die munisipale gebied is as 'n roetinemaatreël uitgevoer.

Die Afdeling het die heelhartige samewerking van groenteboere in verband met sy muskietbeheermaatreëls verkry en daar is min moeilikheid ondervind om betaling te verkry vir die dienste wat in hierdie verband aan hulle gelewer is.

Die dreineringslote in die Groenkloofplantasie is behoorlik in stand gehou. Weeklikse bespuiting met antilarwespuitstof het die uitbroei van muskiete by hierdie bron heeltemal uitgeskakel.

Aangesien die verskaffing van water aan die Les Marais-besproeiingsvore by die Apiesrivier afgesny is weens die bou van die hoofriool na Rooiwal, is die bespuiting van hierdie vore gestaak. Die vore is egter onder toesig gehou vir moontlike opdamming van reënwater en die gevolglike uitbroei van muskiete, maar so 'n noodtoestand het nie ontstaan nie.

Alle spruite, damme, waterleivore, moerasagtige gebiede en sypelwatervore is van Januarie tot Mei en weer van die einde van September tot die einde van Desember weekliks met antilarwespuitstof besproei. Eenhonderd vyf-en-sewentig gelling D.D.T.-emulsie-larwegif is gebruik.

Tweehonderd agt-en-vyftig gate en holtes wat werklike of potensiële broeiplekke was, is op munisipale eiendom opgevul en gelykgemaak. Tweehonderd vyf-en-sestig broeiplekke op private persele is uitgeroei.

Eenhonderd vier-en-twintig klagtes betreffende muskietoorlas is deur die Plaagbeheerpersoneel en die Distriksinspekteurs ondersoek en het tot gevolg gehad dat 1199 inspeksies uitgevoer en 432 skriftelike of mondelinge waarskuwings gegee is. Daar was twee vervolgings weens versuim om aan die regulasies vir die voorkoming van die uitbroei van muskiete te voldoen.

Knaagdierbeheer:

Knaagdierbeheermaatreëls is gehandhaaf in alle munisipale geboue, pakkamers, parke, kwekerye, die Sentrale en die Rooiwal-rioolwaterwerke, sportvelde insluitende rolbalvelde en tennisbane, munisipale geboue in die Bantoedorpe Vlakfontein, Atteridgeville en Saulsville, die Fonteinedal, Rietvlei-waterwerke en die Bon Accordklipgroef.

Die hoofuitroeiingsmetode was die plasing van aasbevattende „Warfarin"-knaagdiergif. Al die gifaasplasings is gereeld ondersoek om te verseker dat daar te alle tye genoeg gifaas vir die knaagdiere was.

Hierdie metode was weer eens die doeltreffendste en dit was moontlik om knaagdierverpestings bevredigend te beheer.

Daar was 17,720 gifaasplasings waarvan 12,810 „geneem" is en volgens ons wete is 1,483 knaagdiere op munisipale persele vernietig. Hierdie syfer sou waarskynlik veel hoër gewees het indien dit moontlik was om al die karkasse te vind.

Daarbenewens is daar of gesien of daar is berig dat 1,581 knaagdiere op private persele uitgeroei is.

Die Knaagdierbeheerinspekteur en die Distriksgesondheidsinspekteurs het 412 klagtes in verband met knaagdierbesmetting ondersoek en dit het tot gevolg gehad dat 2,085 inspeksies uitgevoer is, 789 skriftelike en mondelinge waarskuwings uitgereik is en drie persone vervolg is weens versuim om aan die betrokke regulasies te voldoen.

Sewehonderd vyf-en-dertig ophopings van vuilgoed of hout waar knaagdiere waarskynlik kon skuil, is opgeruim en verwyder.

Daar is 'n totaal van 129 knaagdiervry-geboue voltooi, terwyl 98 bestaande geboue knaagdiervry gemaak is en 17 graan-, voer- en ander pakkamers wat nie knaagdiervry was nie, is gesloop.

Eenhonderd en agtien sertifikate wat sertifiseer dat persele voor die sloping van geboue knaagdiervry was, is uitgereik.

VLIEË-UITBROEIING

Gereelde inspeksies van alle munisipale persele waar potensiële broeiplekke vir vlieë bestaan het, is uitgevoer en met behulp van insekdoders is vlieë-uitbroeiing goed onder beheer gehou.

Daar was aansienlik minder klagtes in verband met vlieë-oorlas as in die vorige jaar, naamlik slegs 82, wat 70 inspeksies tot gevolg gehad het. Driehonderd agt-en-vyftig skriftelike of mondelinge waarskuwings is uitgereik, en twee persone is vervolg weens versuim om aan die regulasies te voldoen.

Tweehonderd nege-en-twintig broeiplekke is uit die weg geruim en daar is in 569 gevalle raad in verband met beheermaatreëls gegee.

ALGEMEEN

Etlike versoeke om raad in verband met maatreëls om kakkerlakke, vlooie, bosluise, en weeluise te beheer, is gedurende die jaar ontvang. Die gebruik van 'n oplossing bevattende D.D.T. en B.H.C. is aanbeveel en met bevredigende resultate gebruik.

Die Nieblankekwartiere by twee swembaddens, drie parke, Atteridgeville- en Vlakfonteinkliniek en by die Elektrisiteitsafdeling is vir die uitroeiing van weeluise en kakkerlakke bespuit met uitstekende gevolg.

KNAAGDIERUITROEIING VIR JAAR GËEINDIG OP 31.12.1960

Oortredings waarmee gehandel	3
Oortredings verwyder	3
Aanseggings gegee	3
Persele weer geïnspekteer	279
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee	232
Nuwe ondeurdringbare vloere in graan-, meel-, voer-, en ander pakkamers aangebring	—
Vloere herstel of mure of dakke knaagdierveilig gemaak in meel-, graan- en voerpakkamers	—
Nie-knaagdierveilige graan-, voer- of ander pakkamers gesloop	17
Ophopings van vuilgoed of rommel wat moontlik rotte kan huisves, opgeruim en verwyder	133
Diverse inspeksies	937
Naginspeksies	—
Vroeëoggendinspeksies	—
TOTALE INSPEKSIES VIR DIE JAAR	1,601
Gifaas op dorpsgrond gestel	17,720
Getal aaslokvalle geneem	12,810
Gasaanvalle op rotgate op dorpsgronde ens.	—
Gasaanvalle op persele in stad	—
Getal knaagdiere op munisipale persele vernietig	1,483
Aantal diere onder verdagte omstandighede gevind en vir bakteriologiese ondersoek weggestuur	—
Getal vervolgings	—

VERVOLGINGS.

Hier volg 'n ontleding van die vervolgings wat die Afdeling gedurende die jaar ingestel het, en die resultate daarvan:—

Aard van Oortreding	*Totale getal vervolgings*	*Getal skuldig bevind*	*Getal onskuldig bevind*	*Getal terugge-trek*	*Getal gewaarsku en ontslaan*	*Boetes opgelê*
Versuim om bouerslatrines te verskaf en defektiewe bouerslatrines	23	19	—	4	—	£56 10 0
Versuim om te voldoen aan kennisgewing—Verordeninge betreffende Openbare Gesondheid	11	11				£58 0 0
Melkafleweringsvoertuig: naam en adres nie aangebring nie	4	4				£7 10 0
Invoer van melk van ongelisensieerde perseel	2	2				£6 0 0
Ontvang van melk vanaf ongelisensieerde perseel	1	1				£10 0 0
Water by melk gevoeg	12	11	—	1		£85 0 0
Preserveermiddels in gemaalde vleis	6	6				£43 0 0
Oormaat preserveermiddels in wors	1	1				£5 0 0
Versuim om aan kennisgewing ingevolge Knaagdierregulasies te voldoen	3	3				£8 0 0
Toelating van vlieëuitbroeiing	2	2				£3 0 0
Vuil toestand van bakkery	2	2				£25 0 0
Blootstelling van eetware aan besmetting	19	17		2		£40 0 0
Toelating van muskietuitbroeiing	1			1		
Versuim om te voldoen aan kennisgewing kragtens Slumregulasies	5	4		1	1	£68 0 0
Melk in straat oorgegooi	1	1				£10 0 0
Melkmarskramery	1	1				£10 0 0
Aanhou van koei sonder permit	1	1				£1 0 0
Vuil toestand van teekamer	1	1				£2 0 0
TOTAAL	96	87	—	9	1	£438 0 0

SLUMOPRUIMINGS

In enige groeiende stad waar die bevolking vinnig toeneem en waar daar groot aantalle persone in elk van die verskillende rassegroepe is, kan verwag word dat behuisingstoestande nie altyd gelyk sal wees met die standaarde wat vir die moderne lewe bepaal is nie. Doeltreffende behuising van alle seksies van die gemeenskap is die sleutel tot die moderne lewe en in hierdie opsig was Pretoria inderdaad baie gelukkig.

Daar is nie alleen 'n hoë behuisingstandaard vir Blankes gehandhaaf nie, maar die Raad het ook omvattende herbehuisingskemas vir Bantoes, Kleurlinge en Asiate aangepak.

Die uitwissing van slumtoestande in die Nieblankedorpe ontvang al baie jare lank aandag. Die ontwikkeling van nuwe dorpe vir hierdie seksies van die gemeenskap vereis egter baie beplanning en oorweging, veral wat die sosiale en kulturele behoeftes van die verskillende groepe betref.

Die drie essensiële gesondheidsvereistes, naamlik behuising, sanitasie en water moet noodwendig verskaf word voordat herbehuising kan plaasvind. Moderne stadsbeplanning vereis egter die gelyktydige oorweging van die verskaffing van paaie, ligte, krag, stormwaterriolering, vervoer en opvoedkundige geriewe.

Die hele proses van slumopruiming en die herbehuising van die ontwortelde persoon hang dus af van die snelheid waarteen die noodsaaklike behuising en geriewe verskaf kan word. Boweal kan daar nie genoeg klem gelê word op die noodsaaklikheid om grond- en ander boukoste so laag moontlik te hou nie sodat die huur wat uiteindelik gevra word, binne die vermoë is van diegene wat herbehuising ontvang. Versuim om dit te doen, sal daartoe lei dat die ontwortelde persone onbevredigende toestande skep waar hulle ook andersins gaan.

Gedurende die verslagjaar is nog 76 slumwonings in Blanke gebiede gesloop. Die meeste hiervan is deur armer gesinne bewoon en dit is betreurenswaardig dat ons nog nie in 'n posisie is om alle gesinne in die laerinkomstegroep, veral dié met groot gesinne, van geskikte behuising te voorsien nie.

SLUMOPNAMES

'n Verbetering in die sterkte van die inspeksiepersoneel het die Slumseksie in staat gestel om breedvoeriger opnames van huise vir Blankes in die ouer voorstede te maak.

Die uitbreiding van die stad se nywerheids- en besigheidsgebiede het tot gevolg gehad dat heelwat minder ernstige slumhuise in hierdie gebiede tot ernstige slums verswak omdat eienaars onwillig was om geld te bestee aan ou huise in gebiede wat vir besigheidsdoeleindes ingedeel is.

Gevolglik is gevind dat hoewel daar 78 bekende ernstige slumwonings in Blanke gebiede aan die begin van die jaar was, en ten spyte van die feit dat 76 slumwonings in die loop van die jaar gesloop is, die getal bekende ernstige slumwonings aan die einde van die jaar nog 90 was. 'n Taamlike groot persentasie hiervan is egter al ontruim en sal waarskynlik binnekort gesloop word.

Die bewoning van buitegeboue en ander ongewenste kwartiere in agterplase veroorsaak nog steeds kommer en dit blyk asof hierdie gewoonte toeneem. Daar was 81 bewoonde buitegeboue aan die begin van die jaar bekend. Gedurende die jaar is 44 buitegeboue ontruim en aan die einde van die verslagjaar was dit bekend dat 102 buitegeboue bewoon word, 'n toename van byna 26% in vergelyking met die vorige jaar.

Ondersoeke het aan die lig gebring dat baie van hierdie buitegeboue deur bejaardes geokkupeer is wat 'n onafhanklike bestaan wou voortsit eerder as om by hul kinders in te woon. In die meeste gevalle was hulle enigste inkomste 'n ouderdomspensioen.

Daar is gevind dat 'n groot aantal buitegeboue geokkupeer word deur gesinne wat van buite die stadsgrense na die munisipale gebied getrek het. Die broodwinners van 'n aantal van hierdie gesinne was in tydelike posisies werksaam waar daar weinig of geen sekuriteit is nie. Hulle was dus nie in 'n posisie om hul eie huise te bekom nie. Hierdie mense kon nie hoë huurgeld bekostig nie en was maar te dankbaar om onderdak te hê. Hulle was dus verplig om onder uiters swak toestande te lewe.

Ten einde hierdie gesinne te help, behoort 'n skema uitgewerk te word waarvolgens plaaslike owerhede meer geldelike hulp ontvang om geskikte behuising vir die armer Blanke gesinne te verskaf. 'n Mens wonder ook of die tyd nie aangebreek het vir nywerhede en groot handelsorganisasies om 'n groter rol te speel in die verskaffing of subsidiëring van behuisingskemas vir hul laerbesoldigde Blanke werknemers nie. Dit sou vir die georganiseerde handel en nywerheid in samewerking met sentrale en plaaslike bestuursliggame raadsaam wees om hierdie aangeleentheid te oorweeg.

VERSPREIDING VAN ERNSTIGE SLUMEIENDOMME EN GEOKKUPEERDE BUITEGEBOUE

Die volgende tabel toon die verspreiding van bekende ernstige slumeiendomme en onbevredigende geokkupeerde buitegeboue in Blanke gebiede teen die einde van die verslagjaar.

Nieblanke gebiede wat sedertdien as Blanke gebiede ingevolge die Wet op Groepsgebiede geproklameer is, is nie by hierdie tabel ingesluit nie.

	Bekende bestaande slumwonings op 31.12.1960	*Bekende geokkupeerde buitegeboue op* 31.12.1960	*Toename of afname in vergelyking met vorige jaar.*	
			Slumwonings	*Buitegeboue*
Innesdale-gebiede	17	13	+ 5	+ 7
Westelike gebiede (wes van Steenhovenspruit)	10	18	+ 3	+ 1
Oostelike gebiede (oos van Apiesrivier)	1	6	—	+ 3
Sentrale gebiede	33	7	+ 1	+ 3
Herculesgebiede	29	58	+ 3	+11
TOTAAL	90	102	+12	+25

Hierdie Afdeling het in die verlede nie breedvoerige opnames van slumeiendomme in Nieblanke gebiede onderneem nie aangesien dit van geen nut sou gewees het tensy behuisingskemas vir hierdie mense beoog is nie. Slumwonings in Blanke gebiede wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede deur die Stadsraad aangekoop is, is waar moontlik gesloop en die inwoners in die verskillende Bantoedorpe gehuisves.

Aangesien nuwe dorpe nou vir Kleurlinge en Asiate ontwikkel word, sal die bestaande oorbevolkte slumtoestande outomaties verdwyn as hierdie seksies van die gemeenskap nuwe huise betrek in die onderskeie gebiede wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede vir okkupasie deur hulle geproklameer is.

HOFGEDINGE

Soos elders in hierdie verslag vermeld word, hang die proses van uitskakeling van slums en onbevredigende behuisingstoestande af van die vermoë van die verskillende owerhede om huise aan die laerinkomstegroepe te verskaf. Met inagneming hiervan, het die Afdeling voortgegaan met sy beleid om die samewerking van die publiek te probeer verkry eerder as om tot hofgedinge oor te gaan.

Hoewel geen hofgedinge in verband met slums sedert die tweede wêreldoorlog ingestel is nie, is uitstekende vordering gemaak. Dit was af en toe nodig om gedinge kragtens die munisipale Slumregulasies in te stel, maar dan slegs nadat ander oorredingsmetodes misluk het.

Gedurende die verslagjaar is vier vervolgings ten opsigte van onbevredigende geokkupeerde buitegeboue, vyf weens versuim om toereikende kookgeriewe te verskaf en vier weens versuim om aan kennisgewings kragtens die Slumregulasies met betrekking tot strukturele herstelwerk aan wonings te voldoen, ingestel. In sommige gevalle het die Hof swaar boetes opgelê. Drie sake is nog hangende, maar in twee van hierdie gevalle het die persone wat vervolg word sedertdien aan die vereistes van die Slumregulasies voldoen.

SLOPINGS EN OMSKAKELINGS VAN WOONPERSELE

Die aantal aansoeke om toestemming om wonings te sloop of woonpersele vir besigheidsgebruik om te skakel, was effens minder as gedurende die vorige vier jaar. Daar was blykbaar 'n inkorting van lenings vir geboue in gebiede waar ontwikkeling stadig is.

In die sentrale gebied en veral in Sunnyside was daar besonder baie aansoeke om toestemming om wonings te sloop op persele wat ingevolge die stad se Stadsbeplanningskemas vir besigheid en woonstelle geproklameer is. Heelwat ou huise in hierdie twee gebiede moes plek maak vir groot blokke winkels, kantore en woonstelle.

Die onderstaande syfers dui die getal aansoeke om die aangegewe redes aan:—

Vir die bou van woonstelle, kantore of die herbou van huise.....	87
Uitbreidings aan skole, hostels en kerke.....	4
As gevolg van hierdie Afdeling se optrede waar die herbou van huise nodig geword het of oop persele later vir ander geboue gebruik is.....	76
TOTAAL.....	167

In verband met die 167 aansoeke waarmee gedurende die jaar gehandel is, is 116 wonings reeds gesloop en 14 wonings is vir besigheidsgebruik omgeskep.

Benewens die voorgaande het die Afdeling met 28 aansoeke om die sloping van besigheidspersele gehandel. Hoewel permitte vir die sloping van hierdie persele ingevolge die Behuisingswet nie nodig is nie, het die Afdeling aangedring op die verkryging van sertifikate om te sertifiseer dat die geboue knaagdier- en ongediertevry is voordat met die sloping begin is. Soortgelyke sertifikate is voor sloping en/of omskakeling van wonings vereis.

Besonderhede van aansoeke om sloping en/of omskakeling van wonings word in die volgende twee tabelle verstrek:—

Aansoeke om Oorweging na die Nasionale Behuisingskantoor verwys

	Getal wonings	*Getal woonkamers*	*Permitte toegestaan*	*Permitte nog nie afgehandel nie*	*Permitte geweier*
Slopings.....	141	503	136	Geen	5
Omskakelings	13	53	13	Geen ..	Geen
TOTAAL.....	154	556	149	Geen	5

Aansoeke vir Oorweging na die Stadsraad verwys

	Getal wonings	*Getal woonkamers betrokke*	*Magtiging verleen*	*Magtiging nog nie afgehandel nie*	*Magtiging geweier*
Slopings.....	12	108	12	Geen	Geen
Omskakelings..	1	16	1	Geen	Geen
TOTAAL.....	13	124	13	Geen	Geen

KLEUTERSKOLE, CRÈCHES EN SOORTGELYKE INRIGTINGS

Hoewel hierdie item elders in my verslag breedvoeriger behandel word onder die opskrif „Kraam- en Kindersorgdienste," is dit raadsaam bevind om die omgewings- en persoonlike beheer wat tot dusver oor hierdie inrigting uitgeoefen is, te skei.

Al meer werkende moeders van alle rasse laat voorskoolse kinders en suigelinge in die sorg van kleuterskole, kindertuine of créches waar toestande nie altyd bevredigend aan standaarde voldoen het nie.

Private woonhuise wat nie vir hierdie doeleindes geskik is nie, is na créches omgeskakel sonder inagneming van geskiktheid van konstruksie, sanitasie, voedselvoorbereidingsgeriewe, binnens- en buitenshuise speelgeriewe en die algemene omgewing. Ten einde al hierdie aangeleenthede te beheer, is verordeninge reeds opgestel wat hopelik binnekort afgekondig sal word.

Aangesien die Slumseksie met slumtoestande in private woonhuise, losieshuise, hotels, hostels, en ander residensiële inrigtings handel, sal hierdie Seksie, onder beheer van die Hoofgesondheidsinspekteur, toesig hou oor die omgewingsaspekte van hierdie inrigtings. Die persoonlike beheer wat die geneeskundige ondersoek, voeding en algemene gesondheid van die kinders en personeel van hierdie inrigtings insluit, sal deur die geneeskundige beampte in bevel van die Kraam- en Kindersorgseksie uitgeoefen word.

SLUMOPRUIMINGSTATISTIEK

Besonderhede van inspeksies en ondersoeke in verband met Slumopruimingswerk gedurende die jaar onderneem:—

Hotelle en losieshuise	297
Private wonings	1,582
Bewoonde buitegeboue	647
Klagtes ondersoek	308
Nieblanke-behuisings	40
Wonings en ander persele voor en na slopings	732
Wonings en ander persele voor en na omskakeling	144
Behuisingsopnames	1,479
Huisvestingaansoek-ondersoeke	35
Herinspeksies van persele	1,466
Diverse	529
Totaal	7,259

Besonderhede van optrede na bogemelde inspeksies en ondersoeke:—

Oortreding van die Slumswet en Regulasies waarmee gehandel is	1,871
Kennisgewings bestel:	
Verbod op herokkupasie	202
Verbod op oorvol huise	244
Bouwerkundige herstelwerk en opknappings	184
Bad-, was- en kookgeriewe	88
Kennisgewings nagekom	462
Aanseggings en advies gegee	1,153
Briewe gerig	189
Aangeleenthede na ander Afdelings verwys	122
Onderhoude	939

NIEBLANKE-GEBIEDE

Die personeel verbonde aan hierdie Seksie bestaan uit:—

1 Toesighoudende Gesondheidsinspekteur.
2 Distriksgesondheidsinspekteurs.
2 Bantoegesondheidsinspekteurs (gemagtigde personeelsterkte: 6)

Gedurende die jaar is inspeksies in hierdie gebiede op besigheids- sowel as private en woonpersele uitgevoer.

Elke Blanke Gesondheidsinspekteur het 'n spesifieke gebied in een of meer Nieblanke dorpe wat aan hom toegewys is. Een Bantoegesondheidsinspekteur is permanent in die Vlakfontein-Bantoedorp gestasioneer. Die tweede Bantoe-inspekteur is tydelik te Vlakfontein gestasioneer en sal na Lady Selborne/Claremontgebied oorgeplaas word sodra kantoorakkommodasie beskikbaar is.

Die Bantoegesondheidsinspekteurs is onder die direkte toesig van die Toesighoudende Gesondheidsinspekteur.

KOMMENTAAR OOR DIE ONDERSKEIE DORPE

1. LADY SELBORNE EN CLAREMONT: (ERWE 1—36)

Woonhuise en ander geboue in hierdie dorpe is oor die algemeen van 'n taamlike swak gehalte. Die meeste van die huise en kamers in agterplase is oorbewoon. Feitlik alle besigheidspersele het woonkwartiere agter aan die winkels wat deur die onderskeie lisensiehouers bewoon word.

Die meeste eienaars is gewillig om hul persele te herstel en verbeterings aan te bring, maar het nie die nodige geld daarvoor nie. Die feit dat hulle wag op verskuiwings na ander gebiede vererger hierdie posisie.

Ten einde een Bantoe-inspekteur in hierdie gebied te stasioneer, is reëlings vir tydelike kantoorakkommodasie teen die einde van die jaar getref. Die voorgestelde reëlings sal die Blanke Gesondheidsinspekteur van sekere minder belangrike werk onthef en hom meer tyd verskaf vir aandag aan voedselplekke en ander belangriker sake.

Die waterverskaffing aan persele in hierdie gebied geskied deur middel van 'n standpyp wat deur die munisipale hoofwaterpyp voorsien word. Hoewel daar na min huise water aangelê is, is van die eienaars van besigheidspersele die verskaffing van hierdie gerief vereis. Alle reinigingsdienste in hierdie gebied word deur die Stadsingenieursafdeling uitgevoer en hoewel toereikende vuilgoedverwyderingsdienste verskaf word, is moeilikheid ondervind om die inwoners te oorreed om nie rommel op die strate en leë erwe te gooi nie.

Hopelik sal die onhigiëniese gebiede van Lady Selborne en Claremont in die loop van die volgende paar jaar uit die weg geruim word. Albei is as toekomstige „wit" gebiede ingevolge die Groepsgebiedewet geproklameer en na aanleiding daarvan het die Stadsraad alreeds 'n aantal eiendomme aangekoop waarvan 'n deel reeds gesloop is as ongeskik vir bewoning deur mense.

2. ASIATEBUURT EN KLEURLINGLOKASIE

Albei hierdie gebiede is baie oorvol en die huise en kamers wat meesal uit hout en sink bestaan, is heeltemal defektief, ontoereikend verlig en oorbewoon en daar is nie genoeg latrine- en badkamerakkommodasie nie. Daar is 'n totale oorbewoning en 'n gebrek aan skeiding van die geslagte in hierdie gebiede.

Hoewel die besigheidspersele in 'n redelike toestand gehou word, is baie van hout en sink gebou en oor die algemeen in 'n swak toestand. Woonkwartiere is in baie gevalle aan die besigheidspersele aangebou en is ook baie oorvol.

Die nuwe woongebiede wat vir hierdie groepe verskaf is, word nou ontwikkel en na verwagting sal inwoners binnekort hulle intrek in hierdie gebiede kan neem.

Die uitskakeling van die ou Kleurlinglokasie asook die Asiatebuurt soos dit vandag bekend is, sal die uitwissing van 'n slumgebied beteken wat jarelank 'n bron van kommer was.

3. ATTERIDGEVILLE, SAULSVILLE EN VLAKFONTEIN-OOS EN -WES.

Uitbreiding en ontwikkeling in hierdie gebiede het op 'n gesonde grondslag voortgeduur. Daar is nog toegelaat dat tydelike strukture vir woondoeleindes gebruik word terwyl baksteenhuise opgerig word. Hierdie hout-en-sinkstrukture is egter almal verwyder na voltooiing van die nuwe geboue.

Met uitsondering van die oorspronklike erf-en-diensskema te Vlakfontein-Oos, word alle ander woonpersele oor die algemeen in 'n goeie toestand gehou.

Besigheidspersele word oor die algemeen goed in stand gehou en samewerking met hierdie Afdeling is baie goed.

Vandat die Bantoegesondheidsinspekteur in die Vlakfonteingebied aangestel is, is meer as die helfte van die persele geinspekteer en advies oor gesondheidsaangeleenthede aan die inwoners gegee. Die samewerking van die bewoners was bevredigend en feitlik alle oorlaste is uit die weg geruim na mondelinge aanseggings gegee is en slegs in 'n paar gevalle was skriftelike kennisgewings nodig.

Daar is riolering in Atteridgeville en Saulsville en alle vuilgoedverwyderingsdienste word deur die Stadsingenieursafdeling onderneem. Die Vlakfonteingebiede het 'n emmerverwyderingsdiens drie keer per week. Elke perseel is van 'n vuilgoedblik voorsien met 'n verwyderingsdiens een keer per week. Al die besigheidspersele is van 'n suigtenkdiens voorsien vir die verwydering van vuilwater. Al hierdie dienste word per kontrak deur die Stadsraad van Silverton verskaf. Voorsiening is gemaak vir die riolering van hierdie gebiede in die afsienbare toekoms. Al die droë nieskadelike afval word op uitgegrawe grond in die middel van die dorp gegooi en is goed onder beheer.

Daar is heelwat rommel in die strate en oop ruimtes en een of ander vorm van straatreiniging in hierdie gebiede moet ingestel word. Herhaalde vertoë vir die instelling van hierdie diens is nog nie met sukses bekroon nie.

Die aantal beeste en trekdiere in die dorpe is verminder. Hoewel daar redelik min sulke diere aangehou word, moet daar gedurig 'n wakende oog gehou word om te verseker dat die inwoners hulle nie skelm invoer nie. 'n Gemeenskaplike kraal met voldoende weiding het nie die eienaars oorreed om trekdiere daar te hou nie—die afstand vanaf besighede en wonings was waarskynlik 'n faktor.

Die slag van diere vir seremoniële doeleindes vind nog dikwels plaas. Gedurende die jaar is permitte vir die slag van 64 diere vir hierdie doel uitgereik. Die betrokke perseel is geïnspekteer om te verseker dat daar nie 'n oorlas bestaan nadat geslag is nie. Sorg is gedra dat bederfde vleis nie geëent word nie.

Gedurende inspeksies van huis tot huis in die Vlakfonteingebied is gevind dat die veroorloofde vloerruimte per persoon in baie gevalle oorskry is. Dit het hoofsaaklik voorgekom waar die gesin groot is en waar buite-egtelike kinders en ander familielede in dieselfde woning gehuisves is. In 'n paar gevalle is buitegeboue ook as woonplek gebruik. In sulke oorvol kamers, is die skeiding van die geslagte onuitvoerbaar.

Die volgende opgawe oor oorbewoning gee 'n aanduiding van die toestande wat gevind is.

STATISTIESE OPGAWE OOR OORBEWONING (OF ANDERSINS) VAN KAMERS WAT AS SLAAPKAMERS GEBRUIK IS (VEREISTES GEBASEER OP 40 VK. VT. PER PERSOON BO DIE OUDERDOM VAN 10 JAAR EN 20 VK. VT PER PERSOON ONDER DIE OUDERDOM VAN 10 JAAR). NET VLAKFONTEINGEBIED.

(*Opmerking*: Slaapkamers wat vir ander doeleindes gebruik is, is nie in hierdie tabel ingesluit nie).
Om verskillende redes was dit nie moontlik om elke huis te ondersoek nie.

Tipe kamer	Dorpsbloknommer A	B	C	D	E	F	G	H	Q	S	Totaal
Eerste slaapkamer: Bevredigend.....	225	228	243	258	115	196	199	105	403	220	2,192
Onbevredigend. ...	50	68	102	82	59	36	80	49	113	38	677
Tweede slaapkamer: Bevredigend.....	115	130	181	159	83	115	145	91	210	122	1,351
Onbevredigend ..	151	154	150	157	83	86	97	46	253	117	1,294
Derde slaapkamer: Bevredigend.....	11	15	10	8	4	1	2	1	22	6	80
Onbevredigend ..	4	3	2	2	—	—	—	—	5	—	16
Vierde slaapkamer: Bevredigend.....	7	1	—	1	2	—	—	—	—	1	12
Onbevredigend ..	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Eetkamers ook as slaapkamers gebruik:											
Bevredigend.....	65	57	79	97	50	44	69	28	140	91	720
Onbevredigend ..	11	7	12	13	9	5	4	6	10	10	87
Kombuise ook as slaapkamers gebruik:											
Onbevredigend ..	—	1	14	6	4	3	6	4	14	10	62
Buitegeboue as slaapkamers gebruik:											
Onbevredigend ..	6	13	11	11	2	2	1	—	7	8	61
Totale getal huise geinspekteer:.....	275	297	345	340	174	232	279	154	516	258	2,870

Die volgende opgawe oor sanitêre akkommodasie gee 'n aanduiding van latrine-akkommodasie in die Vlakfonteingebied gebaseer op een latrine en emmer vir elke agt persone of minder. Waar hierdie getal, per emmer, oorskry word, het dit dikwels die mors van nagvuil tot gevolg gehad.

STATISTIESE OPGAWE OOR SANITÊRE AKKOMMODASIE. BLOKKE A TOT H EN Q EN S: VLAKFONTEIN

Blok no.	1—8 *persone*	9—16 *persone*	17—24 *persone*
A	192	81	2
B	221	75	1
C	251	92	2
D	238	101	1
E	111	63	—
F	199	33	—
G	226	52	1
H	121	33	—
Q	392	122	2
S	196	62	—
Totaal	2,146	714	9

STATISTIESE OPGAWE VIR ALLE GEBIEDE:

A. Opsomming van Inspeksies Gedurende die jaar

Oorlaste waarmee gehandel is	4,933
Kennisgewings waaraan voldoen is	90
Aanseggings waaraan voldoen is	4,718
Kennisgewings bestel	215
Aanseggings gegee	4,718
Herinspeksies	162
Klagtes ondersoek	30
Lisensie-aansoeke	624
Persele waar diere/pluimvee aangehou word	315
Slaghuise	1,802
Vis- en pluimveehandelaars	49
Bakkerye en banketbakkers	15
Algemene handelaars (eetware)	2,251
Algemene handelaars (nie eetware nie)	1,035
Restaurante, teekamers en eethuise	2,181
Varsproduktehandelaars	472
Melkdepots en melkwinkels	700
Marskramerpakkamers	250
Varsprodukte-en roomyskarretjies	174
Afleweringsvoertuie (vleis, melk, vis, brood)	725
Bioskope en openbare sale	8
Huisinspeksies	1,684
Haarkappers	277
Washuise en wasserye	81
Fabrieke en werkwinkels	76
Seremoniële slagtings	59
Bewoonde buitegeboue	12
Besoeke buite ure	108
Ander besoeke (insluitende herbesoeke aan huise)	5,815
Verstopte riole/defektiewe watertoebehore	5
Ongemagtigde strukture	13
Ander aangeleenthede	7
Totaal	18,930

Opmerking.—Hierdie syfers is nie by verslae van ander seksies van hierdie Afdeling ingesluit nie.

B. Plaagbeheer

Die onderstaande is 'n opsomming van inspeksies in verband met plaagbeheerwerk en is ingesluit by die verslae wat deur die Plaagbeheerseksie voorgelê is:—

Knaagdiere:

Persele geïnspekteer en advies gegee	985
Kennisgewings en aanseggings om lokvalle of gif te gebruik	473
Kennisgewings bestel waarin vereis word dat persele knaagdierveilig gemaak word	14
Kennisgewings bestel waaraan voldoen is	15
Bestaande geboue knaagdierveilig gemaak	25
Ophoping van rommel of hout wat knaagdiere kan huisves, skoongemaak of verwyder	139
Aantal knaagdiere gedood of as dood gerapporteer	873

Muskiete:

Klagtes ondersoek	2
Inspeksies uitgevoer	182
Kennisgewings en aanseggings gegee	68
Broeiplekke uitgeroei	50
Advies aangaande muskietbeheer gegee	101
Soorte muskiete gevind	Culex

Vlieë:

Klagtes ondersoek	1
Inspeksies uitgevoer	246
Kennisgewings en aanseggings gegee	141
Broeiplekke uitgeskakel	48
Advies aangaande vliegbeheer gegee	70

C. BOUPLANNE

370 planne vir veranderings, aanbouings en nuwe geboue is gedurende die jaar ondersoek. (Hierdie syfer is ingesluit by die lys wat in hierdie verband opgestel is).

D. GELISENSIEERDE PERSELE:

Soorte besighede	*Claremont*	*Lady Selborne*	*Asiatebuurt en Kleurling-lokasie*	*Vlak-fontein*	*Atteridge-ville*	*Sauls-ville*
Bakkers en banketbakkers	—	—	—	—	—	—
Biljartsalonne	—	—	1	—	—	—
Slagters	5	16	6	8	6	2
Steenkoolagentskappe	—	—	—	5	1	4
Skoenmakers	4	6	10	3	2	—
Fietshandelaars	2	6	11	3	1	2
Varsproduktehandelaars	9	6	9	3	1	3
Vishandelaars	—	—	1	—	—	—
Algemene handelaars (lewensmiddele uitgesluit)	1	1	32	—	—	—
Haarkappers	1	2	10	3	1	1
Marskramers en venters	8	32	92	—	1	2
Droogskoonmakers en wasserye	—	—	7	—	1	—
Melkdepots	—	3	1	6	3	2
Koeldrankhandelaars	—	—	—	—	1	1
Bantoe-eethuise	4	23	1	—	—	—
Lewensmiddele-handelaars	10	45	37	12	12	8
Teaters	—	—	3	—	—	—
Kleremakers (sters)	—	—	4	3	1	2
Begrafnisondernemers	2	1	—	3	1	—
Werkswinkels en motoronderdele	1	2	5	4	1	—
Restaurante en teekamers	10	2	25	9	5	4
Kruiedokters	—	—	—	2	—	1

E. VERVOLGINGS:

Aard van oortreding	*Totale getal vervolgings*	*Getal skuldig*	*Getal onskuldig bevind*	*Getal terug-getrek*	*Getal gewaar-sku en ontslaan*	*Boetes opgele*
Versuim om aan kennisgewing te voldoen—Oorlasklousule	1	1	—	—	—	£5 0 0
Versuim om van verskafte geriewe gebruik te maak terwyl brood afgelewer is	7	7	—	—	—	£10 0 0
Broodafleweringsvoertuig nie stofdig nie	1	1	—	—	—	£10 0 0
TOTAAL	9	9	—	—	—	£25 0 0

Opmerking: Hierdie syfers is ingesluit by opgawes wat in hierdie verband saamgestel is.

ALGEMENE INLIGTING: (NET NUWE BANTOEDORPE).

	Atteridgeville & Saulsville	*Atteridgeville*	*Saulsville*	*Vlakfontein-Wes*	*Vlakfontein-Oos*
Bevolking	52,068			41,354	11,642
Woonhuise (bewoon)		4,425	3,241	6,061	1,784
Woonhuise so pas opgerig maar onbewoon			489		
Kerke	16 geboue opgerig 36 leë erwe			19 geboue voltooi 7 leë erwe	2 geboue voltooi 5 leë erwe
Skole	16			11	1
Biersale			1	1	1 in aanbou
Biersaaldepots		3			
Gemeenskapsentrum		1		1	
Garages		1		1	
Crèches		2	1 in aanbou	1	1
Hostels			1		
Administratiewe blokke		1		1	1

HIER VOLG 'N OPSOMMING VAN DIE INSPEKSIES GEDURENDE DIE JAAR UITGEVOER DEUR DIE DISTRIKSGESONDHEIDSINSPEKTEURS, SLUMS- EN BEHUISING-, VOEDSEL- EN PLAAGBEHEERSEKSIE

Totale inspeksies uitgevoer	99,013
Oorlasse waarmee gehandel is	30,392
Oorlasse verwyder (met inbegrip van oorlasse oorgebring van vorige jaar)	29,598
Klagtes waarmee gehandel is	3,016
Lisensie-aansoeke waarmee gehandel is	3,884
Watermonsters geneem	281
Eetware-monsters geneem (melk nie inbegrepe nie)	620
Navraagbesoeke betreffende aansteeklike siektes	2,788

Sake na ander Afdelings verwys:

Stadsingenieur	118
Afdeling Nieblankesake	65
Afdeling Lisensies	34
Direkteur van Parke en Ontspanning	49
Stadselektroïngenieur	2
Hoofbehuisingsbestuurder	3
Munisipale stalle	1
Afdeling van die Stadsklerk	1
Afdeling Vervoer	1
Verkeershoof	2

Slagplaas-, melkerye- en aansteeklike siektes-seksie:

Uitvoerige verslae van die werksaamhede van hierdie Seksie is elders in hierdie verslag te vinde.

Vervolgings teruggetrek

	Getal teruggetrek	*Rede vir terugtrekking*
(*a*)	2	Daar is gevind dat die bouers toestemming het om die latrines op die aangrensende perseel te gebruik.
(*b*)	2	Daar kon nie heeltemal vasgestel word dat die aangeklaagdes die betrokke kontrakteurs is nie.
(*c*)	1	Nadat dagvaarding uitgereik is, het die aangeklaagde betaal om die werk (muskietbespuiting) deur die Afdeling gedoen te laat word.
(*d*)	2	Omvattende veranderings en verbeterings is aangebring tot bevrediging van die Afdeling.
(*e*)	1	Die aangeklaagde was nie langer die geregistreerde eienaar van die betrokke perseel nie.
(*f*)	1	Die verskaffer aan die melkery is vervolg omdat hy water by die melk gevoeg het.

BEHUISING EN REHABILITASIE VAN BLANKES

1. ALGEMENE BEHUISINGSTOESTAND

Gedurende die jaar het my Afdeling 663 aansoeke om huisvesting in die Raad se behuisingskemas ontvang.

Aan hierdie getal geoordeel, blyk dit dat daar nog 'n taamlik ernstige tekort aan behuising in die stad is vir gesinne wat in die laerinkomstegroep val. Die tekort is ernstiger vir die groot gesinne in die groep. Hoewel ons dikwels die behoefte aan ekonomiese ultralaekostehuise vir die sosiale en ekonomiese behoeftes van sulke gesinne beklemtoon het en die toestemming van die Raad vir die bou van 250 sodanige huise as eerste stap verkry het, kon die werk ongelukkig nie gedurende die jaar aangepak word nie. Beplanning vir hierdie skema is voltooi en daar is reeds by die Nasionale Behuisingskommissie om die nodige fondse aansoek gedoen. Daar word nou verwag dat daar in die loop van die volgende jaar met die bou van die huise begin kan word.

Die verskaffing van hierdie tipe huisvesting word al hoe meer die Raad se verantwoordelikheid. Private ondernemings, wie se beleggings bloot deur winsoorwegings gemotiveer word, is onder die huidige ekonomiese toestande klaarblyklik nie in staat om huise goedkoop genoeg te bou om gesinne met lae inkomstes in staat te stel om dit te bewoon teen huurgelde wat hulle kan bekostig nie. Vir etlike jare was die neiging by private ondernemings om op die bou van woonstelle vir verhuringsdoeleindes, of die bou van duur huise slegs vir spekulasie- of verkoopsdoeleindes, te konsentreer.

Sedert 1952 het die patroon van behuisingsontwikkeling in Pretoria 'n belangrike verandering ondergaan. Dit word gestaaf deur die volgende inligting wat van die Stadsingenieursafdeling se Bouseksie ontvang is aangaande die aantal wooneenhede wat in die tydperk 1952–1960 binne die Pretoriase munisipale gebied gebou is:

Jaar	*Huise*	*Woonstelle*
1952	312	210
1953	722	286
1954	362	632
1955	622	1,093
1956	490	539
1957 tot 30 Junie 1958	716	319
1958 tot 31 Desember 1958	239	106
1959	295	927
1960	428	1,227

Soos gesien kan word, neem die woonstelle na verhouding snel toe. Volgens die 1951-sensus opname het daar alreeds 'n groot verskil bestaan tussen die gemiddelde grootte van gesinne wat onderskeidelik woonstelle en huise bewoon. Destyds was die gemiddelde aantal persone per woonstel in Pretoria 2.6 terwyl die gemiddelde aantal persone per gesin per huis 4.7 was. Voorlopige syfers wat in verband met die 1960 -sensus verkry is, dui daarop dat die gemiddelde aantal persone per woonstel en per huis tot 2.3 en 4.5 onderskeidelik gedaal het.

Met inagneming hiervan en ook die feit dat die Blanke bevolking van die munisipale gebied tussen die sensusopnames van 1951 en 1960 met slegs 23,992 siele toegeneem het, vergeleke met die baie groter toename van 51,564 persone vir die metropolitaanse gebied van Pretoria, dui die aantal huise en woonstelle daarop dat daar in die afgelope paar jaar baie meer nuwe wooneenhede binne die stad se munisipale gebied vir persone in hierdie ekonomiese groepe verskaf is, as wat nodig was.

Hierdie sneller toename in die metropolitaanse gebied bevestig ook 'n skynbare neiging by werknemers in die stad om huise in gebiede buite die munisipale grense te hou, waarskynlik omdat dit goedkoper is om daar te woon en dit altyd moeiliker gaan om redelik goedkoop boupersele in die stad te kry.

Die tekort aan boupersele het die behuisingsposisie vir gesinne in die laerinkomstegroep vererger. Hulle moet minderwaardige of substandaardbehuising in die stad of goedkoper huisvesting en boupersele in die omliggende streke soek, waarvan meeste etlike myle van hul vernaamste werksentrums geleë is. Dit beteken hoë vervoeruitgawes. Hierdie gesinne is nie in staat om die hoë huurgelde wat vir huise en woonstelle in die stad gevra word, te betaal nie. Die onvermydelike gevolg is dat die Stadsraad van Pretoria belas word met die taak om in hulle vernaamste huisvestingsbehoeftes te voorsien. Om rede van die relatief hoë prys van grond vir hierdie doel kom die Raad egter nou voor die probleem te staan dat die koste van die ekonomiese huise wat hulle bou, 'n bietjie hoër mag wees as die vergelykbare huurgeld wat die gesinne vir wie dit bedoel word, kan betaal.

Aan die ander kant het die intensiewe woonstelbouery deur private ondernemings binne die stad aanleiding gegee tot 'n oormate van hierdie tipe huisvesting sonder dat dit daartoe bydra om die huisvestingsprobleme van gesinne met twee of meer kinders te verlig. Indien hierdie neiging voortduur, kan dit tot 'n daling in die geboortesyfer by Blankes lei.

Volgens die voorlopige syfers wat in verband met die 1960 -sensusopname verkry is, is daar meer as 500 woonstelblokke in Pretoria, wat ongeveer 9,329 woonstelle behels. Volgens dié syfers woon daar ongeveer 22,000 persone in woonstelle. Dit verteenwoordig omtrent een-sewende van die Blanke bevolking van nagenoeg 155,500. Daar is ook ongeveer 27,700 huise in die stad wat huisvesting aan ongeveer 124,700 mense bied. Ongeveer 8,000 persone bly in kamers soos in hotels, huurkamerhuise, losieshuise en koshuise.

Uit 'n suiwer ekonomiese oogpunt skyn die baie opvallende oormaat van woonstelle in die stad nie 'n merkbare uitwerking op die hoë huurgelde te hê wat vir sodanige huisvesting gevra word nie. Normale wedywering sou tot 'n verlaging van huurgelde gelei het maar dit het blykbaar nie gebeur nie omdat enige verlaging wat moontlik plaasgevind het, ongedaan gemaak is deur die onlangse verhoging van diens- en ander koste as gevolg van hoër Bantoelone sowel as 'n geleidelike styging in die algemene boukoste. Weens die hoër huurgelde, selfs vir ouer woonstelle, kom daar ook uit hierdie rigting geen uitkoms vir gesinne in die laerinkomstegroepe nie. Die probleem het hulle dus ten deel geval om te kies tussen die bewoning van ontoereikende huise en ekonomiese sorge deur die verkryging van beter maar duurder huisvesting; anders moet hulle op die Raad reken om deur gesubsidieerde skemas vir hulle huisvesting te sorg. Aangesien die Raad egter met die probleem te kampe het dat hulle oor onvoldoende goedkoop grond vir hierdie doel beskik, is dit noodsaaklik dat daar van die gebiede in die buitewyke van die stad verkry word, deur inlywing indien nodig, ten einde meer grond te ontwikkel en vir behuisingsbehoeftes beskikbaar te stel.

2. BEOOGDE BEHUISINGSKEMAS

Die Raad het ingestem om die volgende behuisingskemas onmiddellik aan te pak ten einde verligting aan die laer-inkomstegroepe te bring:

(*a*) Twee blokke van hoogstens 30 woonstelle elk. Een woonstelblok sal op die suidelike helling van Proclamation Hill naby die bestaande winkels opgerig word, en die ander een op die grond wes van Campbell Court naby die gholfbaan.

(*b*) Vyftig ekonomiese dubbelverdiepinghuise in Danville.

(*c*) Vyftig ultralaekoste-huise met drie slaapkamers in Danville versprei tussen die bestaande ekonomiese huise.

(*d*) Vyftig ekonomiese drieslaapkamerhuise, soortgelyk aan die wat reeds in Danville opgerig is.
(*e*) Tweehonderd ultralaekoste-huise met drie slaapkamers in Danville-uitbreiding.
(*f*) Vyftig subekonomiese huise vir ouderdomspensioentrekkers. Hierdie huise moet van 'n spesiale tipe wees om te voldoen aan oues van dae se behoeftes, en moet so ekonomies moontlik gebou word.

Van bogenoemde skemas is daar met die bou van die 50 ekonomiese dubbelverdiepinghuise by Danville begin. Aan die einde van die jaar is twaalf van hierdie huise, wat teëldakke het, voltooi en betrek. Hierdie huise, wat bestaan uit sitkamers, drie of vier slaapkamers, groot kombuise, badkamers, en gewone buitegeboue, word vir ongeveer £2,450 verkoop, die prys van die grond inbegrepe. Tot dusver het die skema baie gewild geblyk te wees. Dis egter nog te vroeg om kommentaar oor die sukses al dan nie daarvan te lewer, behalwe om te vermeld dat die huise blykbaar aanmerklik daartoe bydra om Danville se algemene voorkoms te verbeter. Voor die skema aangepak is, is dié gebied slegs met enkelverdiepinghuise bebou.

Weens die administratiewe en tegniese moeilikhede verbonde aan die voorbereidings vir 250 ultralaekosteskemas, sowel as die Raad se onvermoë om met die ontwikkeling van die gebied wes van die bestaande Danville-dorp te begin, kon ons nie aan hierdie huise begin bou nie. Verwag word dat hulle ongeveer £1,300 sal kos. Hierdie skema is hoofsaaklik beplan vir groot gesinne in die inkomstegroep £45 tot £55 per maand wat drie en vier slaapkamers nodig het. Huisvesting vir dié groep is dringend nodig en die skema behoort baie by te dra om meeste van hierdie gesinne se moeilikhede te verminder. Daar is egter by die Nasionale Behuisingskommissie aansoek gedoen om fondse om met die skema voort te gaan, asook met dié van die bou van ekonomiese woonstelle by Proclamation Hill.

Beplanning vir die orige skemas is ook reeds aan die gang.

3. HUISBESITSKEMAS

Alle ekonomiese huise word verkoop volgens 'n stelsel wat ontwerp is om die huurder wat nie kontant beskikbaar het nie in staat te stel om die minimum deposito van 5% en hereregte te betaal en uiteindelik 'n huis te koop. Terselfdertyd was daar geen afwyking van die belangrike sosiologiese beginsel van „selfhulp" nie, en kopers is inderdaad oorgehaal om te glo dat hulle 'n wesenlike en waardevolle „aandeel" aan die koop van hul eiendomme het.

Indien die koop van 'n eiendom te maklik gemaak word, het dit die neiging om huurders wat nie egte kopers is nie, aan te moedig om huise te bewoon. Dit loop te dikwels uit op die ontruiming van eiendomme wat huurgeldverlies, herstel- en verfkoste, asook baie intrekkings wat ingewikkelde en langdradige regsprosesse verg, tot gevolg het.

Ons stelsel is gebaseer op die beginsel van 'n „gedwonge opspaar" van die deposito en hereregte. Die huurder huur die woning oorspronklik op wat ons noem 'n „huur-met-die-opsie-om-te-koop"-basis. In die proses begin hy deur 'n volle ekonomiese huurgeld te betaal. Uit hierdie huurgeld word die normale administrasiekoste plus die reserwes vir slegte skulde en hernuwings (herstellings en instandhouding) maandeliks vir die huurder opgespaar totdat die opgehoopte totaal gelykstaan aan die vereiste minimum deposito en hereregte. Die huurder kry dan die reg om sy opsie om te koop binne 30 dae uit te oefen. Hierna word die koopakte opgestel en die deposito en hereregte uit die spaargeld, soos hierbo verduidelik, betaal. Sy toekomstige maandelikse terugbetaling of paaiement word dan dienooreenkomstig verlaag.

Indien 'n huurder nie sy opsie om te koop wil uiteoefen nie, mag hy op 'n suiwer huurbasis aanbly, maar dan moet hy aanhou om die ekonomiese huurgeld te betaal. Hierdie huurgeld word nie verlaag soos in die geval van die werklike koper nie en hy verbeur ook die hele bedrag wat ten behoewe van hom opgespaar is.

In die praktyk het hierdie stelsel daarop neergekom dat die koop van die eiendom finaal bewerkstellig word na wisselende tydperke van bewoning op 'n huurbasis van ongeveer 30–36 maande.

Tot dusver het die skema 'n onvermengde sukses geblyk te wees, en verliese is tot 'n minimum verminder omdat „kopers" 'n volle ekonomiese huurgeld betaal tot tyd en wyl hulle werklik hul huise koop. „Kammakopers" is ook uitgeskakel.

Die sukses van die skema kan gemeet word aan die feit dat van die 885 ekonomiese huise wat die Raad in die loop van die jaar verkoop het, slegs 21 koopaktes ingetrek en 21 sessies van regte en verpligtinge gereël is.

In 12 gevalle is bykomende lenings ten bedrae van altesaam £6,610 goedgekeur vir die doel van aanbouings en verbeterings aan indiwiduele ekonomiese huise. Al hierdie lenings sluit die bou van bykomende slaapkamers in om in die behoeftes van groeiende gesinne te voorsien.

4. BESTAANDE SKEMAS

Die Raad het 885 ekonomiese huise binne sy verskeie ekonomiese verkoopskemas.

Hoewel die Raad in die afgelope jare die merendeel van sy subekonomiese huise by die ekonomiese verkoopskemas ingeskakel het, is daar nog 417 subekonomiese huise beskikbaar. Ten spyte van die lae inkomsteperke wat die Nasionale Behuisingskommissie voorskryf vir die bewoning van subekonomiese huise is daar nog steeds 'n groot aanvraag na hierdie huise.

Die meeste van die aanvraers vir hierdie huise is pensioentrekkers, weduwees en vroue met kinders wie se mans hul verlaat het. Daar is net 'n paar loontrekkers wie se inkomste „subekonomies" is, gemeet aan die baie lae inkomstebeperkings, naamlik £30 per maand, wat deur die Nasionale Behuisingskantoor vir dié huise vasgestel is.

Daar is 'n redelike groot aanvraag na drie- en vierslaapkamerhuise; en weens die klein aantal wat beskikbaar is, vind ons dit moeilik om baie van die groter en regtig behoeftige gesinne te help. Die bou van die ultralaekoste-huise waarna verwys is, behoort te help om verligting aan sodanige gesinne te bring.

5. ALLERLEI

(*a*) Diverse munisipale eiendomme

In die loop van die jaar het die Raad 27 huise in verband met die beoogde verkeers-, binnesingelpad- en ander munisipale ontwikkelingskemas aangekoop. Hulle is aan hierdie Afdeling oorgedra vir verhuur-, beheer-, en administratiewe doeleindes. Benewens al ons behuisingskemas beheer ons ook nou altesaam 177 winkels, huise en woonstelle. Hierdie huise en woonstelle stel ons in staat om 'n groot aantal gesinne in die middel- en hoërinkomstegroep aan huisvesting in verskeie gebiede van die stad te help.

(*b*) Groepsgebiedeontwikkeling

Eiendomme geleë in die Riverside- en Highlandsgebiede, buite die stad se munisipale grense, en eiendomme in die Claremontgebied binne die munisipale gebied, word tans deur die Raad aangekoop in verband met Groepsgebiedeontwikkeling. Hierdie gebiede is ingevolge 'n bepaling van die Wet op Groepsgebiede as gebiede vir toekomstige bewoning deur Blankes geklassifiseer. Aangesien die Raad die funksies van die Groepsgebiedeontwikkelings- raad oorgeneem het ten opsigte van sy eie en aangrensende gebiede, koop hy alle eiendomme in hierdie gebiede op wat daardeur geraak word. Waar die eiendomme in wonings geskik vir bewoning deur Blankes omgeskakel kan word, word hulle na behore ontsmet, herstel, hernieu en weer verhuur. Waar moontlik word die huise ook by 'n watertoevoerpyp ingeskakel voor daar toegelaat word dat hulle weer betrek word. Alle ander eiendomme word gesloop. Gedurende die jaar is die volgende eiendomme aangekoop:

Riverside	18
Highlands	15
Claremont	6
Totaal	39

Alle wonings en geboue op 15 van hierdie eiendomme is gesloop.

(*c*) Gemeenskapsentrum en openbare saal:

'n Begin is gemaak met die bou van 'n gemeenskapsaal in die verre westelike gebiede om die inwoners van Proclamation Hill, Danville en Wespark te bedien. Hulle is oorwegend „behuisingsdorpe".

Bevredigende vordering is met die bou van hierdie sentrum gemaak en daar word nou verwag dat daar vroeg in die nuwe jaar begin kan word met die groepsbedrywighede wat vir die sentrum in die vooruitsig gestel word.

(*d*) Nasionale Wechsler-Bellevue-standaardisasietoets

In antwoord op 'n versoek van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing het die Raad ingestem dat hierdie organisasie 'n opname maak van persone afkomstig uit die laerinkomstegroepe wat ingevolge die verskeie behuisingskemas gehuisves word. Die toetse het in November 1960 begin en is nog aan die gang. Die algemene uitslae van hierdie opname kan moontlik die Afdeling voorsien van algemene inligting oor die intelligensie, persoonlikheid en ander aspekte van huurders van huise ingevolge die behuisingskemas. Indiwiduele resultate sal nie beskikbaar wees nie aangesien die toetse vertroulik is.

6. ONTLEDING VAN GESINNE AAN WIE HUISVESTING GEBIED WORD

Die volgende is 'n ontleding van die tipe huisvesting wat aangebied word en die aantal „nuwe" gesinne wat gedurende die jaar ingevolge ons verskeie behuisingskemas gehuisves is:—

Subekonomiese huise	58
Omgeskakelde ekonomiese huise	29
Diverse munisipale eiendomme	90
Woonstelle by tentoonstellingsterrein	68
Diverse ekonomiese eiendomme	3
Nuwe Danvillese ekonomiese huise	11
Danvillese ekonomiese laekostehuise	9
Nuwe Herculese ekonomiese huise	8
Danville-woonstelle	12
Woonstelle vir ouderdomspensioentrekkers	1
Danvillese ekonomiese dubbelverdiepinghuise	10
	299

Benewens die bogenoemde is 92 huurders binne ons verskeie behuisingskemas oorgeplaas weens verandering in inkomste of gesinsgroottes, terwyl 27 huurders hul huise ontruim het sonder om die gebruiklike maand kennis te gee. Tien gesinne is uitgesit weens wanbetaling van huurgelde of paaiemente.

7. OPSOMMING VAN ALLE BESTAANDE BEHUISINGSKEMAS

A. Skema I.

Die Raad se eerste subekonomiese huise is in 1931 gebou.
Vyf-en-twintig huise is gebou, en die skema staan bekend as Skema I.
25 *Subekonomiese huise*:

Pretoria-Wes.	14
Nieu-Muckleneuk	11
	25

Hiervan is 4 met ingang van 1 Januarie 1955 in 'n ekonomiese skema omgeskakel en twee met ingang van 1 Januarie 1956, te wete:—

Pretoria-Wes.	3
Nieu-Muckleneuk	3
	6

Sub-ekonomiese huurgelde:

Tweeslaapkamer (skakeltipe)	£1/15/0
Tweeslaapkamer (enkel)	£2/ 5/0

Ekonomiese huurgelde:

	Subekonomiese huise	*Subekonomiese huise wat na ekonomiese huise omgeskakel is. Geen huise omgeskakel nie.*
Tweeslaapkamer (skakeltipe)	£5/13/0	Ongeveer £9/5/0
Tweeslaapkamer (enkel)	£6/ 6/0	

Die subekonomiese inkomsteperk is £30 per maand.

B. Skema II.

Die volgende skema, bestaande uit 100 subekonomiese huise, is in 1937 deur die Raad onderneem en staan bekend as Skema II.

100 *subekonomiese huise*:

Rietfontein	6
Wonderboomsuid en Villieria	21
Mayville	8
Nieu-Muckleneuk	15
Proclamation Hill	50
	100

Hiervan is 50 met ingang van 1 Januarie 1955 in 'n ekonomiese skema omgeskakel en 9 met ingang van 1 Januarie 1956, te wete:—

Mayville	1
Rietfontein	4
Wonderboomsuid en Villieria	18
Nieu-Muckleneuk	9
Proclamation Hill	27
	59

Subekonomiese huurgelde:

Eenslaapkamer	£2/ 8/6
Tweeslaapkamer	£2/14/6
Drieslaapkamer	£2/19/6

Ekonomiese huurgelde:

	Subekonomiese huise	*Subekonomiese huise wat na ekonomiese huise omgeskakel is ongeveer*
Eenslaapkamer	£6/8/0	£9/12/0
Tweeslaapkamer	£8/0/0	£9/17/10
Drieslaapkamer	£9/0/0	£11/2/0

Die subekonomiese inkomsteperk is £30 per maand.

C. Skema III.

Die volgende skema, bestaande uit 200 subekonomiese huise, is gedurende 1937–1938 na voltooiing van skema II onderneem en staan bekend as Skema III.

200 *Subekonomiese huise*:

Rietfontein	14
Wonderboomsuid	6
Villieria	10
Nieu-Muckleneuk	20
Proclamation Hill	150
	200

Hiervan is 64 met ingang van 1 Januarie 1955 in 'n ekonomiese skema omgeskakel en 36 met ingang van 1 Januarie 1956, te wete:

Rietfontein	5
Wonderboomsuid	2
Villieria	6
Nieu-Muckleneuk	11
Proclamation Hill	76
	100

Subekonomiese huurgelde:

Eenslaapkamer	£2/ 8/6
Tweeslaapkamer	£2/14/6
Drieslaapkamer	£2/19/6

Ekonomiese huurgelde:

	Subekonomiese huise	*Subekonomiese huise wat in ekonomiese huise omgeskakel is ongeveer*
Eenslaapkamer	£6/0/0	£9/ 3/6
Tweeslaapkamer	£7/0/0	£9/12/6
Drieslaapkamer	£8/0/0	£10/10/9

Die subekonomiese inkomsteperk is £30 per maand.

D. Danvillese Subekonomiese Behuisingskemas:

Die Raad het beoog om in 1944–1945 1,000 subekonomiese huise by die pas geproklameerde dorp Danville te bou.

Gedurende 1945–1947 is 500 subekonomiese huise gebou, en die bou van die orige 500 huise is gestaak. Van die oorspronklike 500 subekonomiese huise in dié dorp is:—

200 met ingang van 1 Januarie 1953 in 'n ekonomiese skema omgeskakel en
100 met ingang van 1 Januarie 1955 in 'n ekonomiese skema omgeskakel.

Subekonomiese huurgelde (differensiële huurgeldskema);

Dit het voorheen gewissel van 15/– per maand tot £4/17/6 per maand, ongeag die grootte van die huise en na gelang van die inkomste en grootte van die gesin.

In Desember 1951 is subekonomiese huurgelde verhoog, en dit wissel nou van 16/– tot £6/0/0 per maand, na gelang van die inkomste en grootte van die gesin.

Kortings van 5/– per maand is toegestaan ten opsigte van afhanklike kinders onder 17 jaar wanneer die belasbare inkomste van 'n gesin minder as £25 per maand is. 'n Verdere korting van 2/6d. per maand is toegestaan ten opsigte van elke tien sjielings wat die belasbare gesinsinkomste minder as £19/10/0d. per maand is. Vir die doel van die vasstel van huurgelde word 'n huurgeld van £4/7/6d. per maand as die basiese huurgeld vir 'n huis geneem ongeag sy grootte.

Ekonomiese huurgelde:

	Subekonomiese huise	*Omgeskakelde ekonomiese huise, ongeveer*
Eenslaapkamer	£6/16/6	£8/16/0
Tweeslaapkamer	£7/15/9	£9/14/0
Drieslaapkamer	£8/ 4/6	£10/ 5/0
Vierslaapkamer	£9/14/6	£11/14/0

Die subekonomiese inkomsteperk is £10 per week, dit wil sê, hoogstens £43/6/8 per maand.

E. Subekonomiese huise in Hercules

Sewe-en-vyftig subekonomiese huise is deur die munisipaliteit van Hercules gebou. Hierdie huise is deur die Raad oorgeneem toe Hercules ingelyf is.

Subekonomiese huurgelde:

Tweeslaapkamer	£1/ 4/0
	£1/ 8/4
	£1/17/0
Drieslaapkamer	£3/ 2/6
	£2/11/9

Ekonomiese huurgelde:

Tweeslaapkamer	£3/ 9/9
	£4/ 1/0
	£5/ 1/0
Drieslaapkamer	£10/13/0
	£12/ 0/0

Die subekonomiese inkomsteperk is £30 per maand.

F. Huisies vir ouderdomspensioentrekkers by Hercules:

Twaalf huisies, in die vorm van ses groepe skakelhuise, is deur die munisipaliteit van Hercules gebou en by inlywing deur die Raad oorgeneem.

Huurgeld: £1/10/0 per maand.

Slegs pensioentrekkers met 'n inkomste van hoogstens £20 per maand (gesamentlike waarde van pensioene) word gehuisves.

G. Nasionale Behuising (Huurskema): Hercules

Vier nasionale huise is deur die munisipaliteit van Hercules gebou en by inlywing deur die Raad oorgeneem.

Hierdie huise is met ingang van 1 Julie 1958 in 'n ekonomiese skema omgeskakel en te koop aangebied.

Ekonomiese huurgelde:

	Paaiemente na betaling van deposito en hereregte.
Twee teen £13/15/3 per maand elk	Twee teen £ 7/16/11 per maand elk
Een teen £15/17/10 per maand	Een teen £9/1/0/per maand
Een teen £19/17/6 per maand	Een teen £11/12/11 per maand

Die inkomsteperk is £70 per maand.

H. Woonstelle vir oues van dae by die Tentoonstellingsterrein:

Gedurende 1950/51 is tien militêre huthuise by die Tentoonstellingsterrein deur die Raad in dertig woonstelle vir oues van dae omgeskep.

Huurgeld: £2/15/0 per maand.

Inkomsteperk van toepassing soos in F.

Hoewel badfasiliteite gemeenskaplik is, het elke woonstel sy eie spoelkloset en wasbak.

I. Ekonomiese woonstelle by die Tentoonstellingsterrein:

Gedurende 1947 is militêre huthuise in 107 woonstelle van wisselende groottes omgeskep om gesinne te huisves wie se inkomstes die voorgeskrewe perke vir subekonomiese huise oorskry.

Huurgelde: Eenslaapkamerwoonstel	£4/12/6
Tweeslaapkamerwoonstel	£5/10/0
Drieslaapkamerwoonstel	£6/ 5/0

Geen bepaalde inkomsteperk is van toepassing nie. Bad- en latrinegeriewe is gemeenskaplik.

J. Ekonomiese winkel- en woonstelskema:

Hierdie skema, bestaande uit 18 tweekamerwoonstelle en 8 winkels, is gedurende 1949–1950 op 'n ekonomiese basis deur die Raad gebou.

Huurgelde: £8/10/0 per maand vir 2 woonstelle
£8/ 0/0 per maand vir 16 woonstelle.

Winkels word op 'n tienjaar-huurbasis deur die Raad verhuur.

K. Diverse woon- en ander eiendomme:

Woonhuise, woonstelle en winkels wat vir ontwikkelingsdoeleindes deur die Raad aangekoop is, d.w.s. verbreding van paaie, aanlê van parke, klinieke ens.

Daar is tans 114 huise, 37 woonstelle en 26 winkels en eiendomme wat vir ander dan woondoeleindes gebruik word.

In die loop van die jaar is 16 huise gesloop.

L. Ekonomiese behuisingskema: Hercules:

Hoewel daar oorspronklik beoog is om 100 van hierdie huise te bou, is slegs 57 in 1955 gebou. Die huise is vir ongeveer £2,150 verkoop, teen paaiemente van ongeveer £14/5/0 per maand.

M. Ekonomiese laekosteverkoopskema te Danville:

Honderd huise is gedurende 1953–1954 gebou en verkoop. Huise is teen ongeveer £1,950 elk verkoop, teen paaiemente van ongeveer £13 per maand.

N. Pretoriase ekonomiese verkoopskema (150 huise.):

Nege-en-dertig huise is in Nieu-Muckleneuk opgerig, en 11 in Capital Park.

Huise is vir ongeveer £2,850 tot £3,150 elk verkoop.

Paaiemente, na betaling van minimum deposito's van £60–£70 ,beloop ongeveer £20–£22 per maand.

Te wyte aan die feit dat die Raad nie genoeg grond kan kry nie en die hoë koste van hierdie huise, het die Raad besluit om nie voort te gaan met die bou van die orige 100 huise nie.

O. Nuwe Danvillese ekonomiese skema (100 huise):

Honderd huise is gedurende 1956 voltooi en verkoop.

Hierdie huise is as gevolg van 'n verbeterde ontwerp 'n bietjie duurder as die oorspronklike laekostehuise.

Hierdie huise se verkoopprys is ongeveer £2,150. Die eerste vyftig is verkoop op die basis van terugbetaling oor 'n tydperk van tien jaar van die deposito- en hereregtelening. Maandelikse paaiemente was ongeveer £14/10/0.

Die orige 50 is verkoop op die hersiene basis van „huur met die opsie om na drie jaar te koop", dit is, betaling van 'n ekonomiese huurgeld van ongeveer £18/10/0 per maand totdat die bedrag van die deposito en hereregte afbetaal is met behulp van krediet wat toegestaan word ten opsigte van voorsiening wat in die huurgeld gemaak word vir 'n reserwe vir slegte skulde en administrasie- en instandhoudingskoste.

P. Diverse ekonomiese Eiendomme:

Die beheer en administrasie van 135 ekonomiese huise wat in verskeie dele van die stad opgerig is, is van die Stadstesouriersafdeling oorgeneem.

In 38 van hierdie gevalle is die hele behuisingslening afbetaal, en die orige 97 gevalle is nog onder hierdie Afdeling se beheer.

Q. Ekonomiese dubbelverdiepinghuise te Danville (50 huise):

Boubedrywighede het in 1960 begin. In November 1960 is 12 voltooide huise deur die Afdeling oorgeneem en verkoop.

Die verkoopsprys van hierdie huise is ongeveer £2,450. Terugbetaling, na betaling van die minimum deposito van ongeveer £125 en hereregte van ongeveer £73, sal teen ongeveer £14/0/0 per maand geskied.

Verwag word dat hierdie skema in die loop van 1961 voltooi sal word.

BEHUISING VAN NIEBLANKES

OU SKEMAS

(1) Atteridgeville:

Atteridgeville is 475 morg groot en word as een van die beste Bantoedorpe in die Unie beskou. Dis in 1939 gestig. R819,724 is aan die oprigting van 1,532 wonings bestee en R494,178 aan die ontwikkeling van die terrein en die dienste.

Daar is twee-, drie-, vier- en vyfkamerhuise wat kragtens die nuwe beleid op 'n ekonomiese basis aan die inwoners verkoop is of verhuur word.

Benewens dienste soos spoelriolering en vuilgoedverwydering is daar 'n uitstekende kliniek met gekwalifiseerde dokters en opgeleide verpleegsters.

Die inwoners beskik oor uitstekende sportfasiliteite wat meeste sportsoorte insluit.

(2) Lady Selborne:

Dis 'n Bantoedorp met erfpagreg wat die Raad saam met die voormalige Herculese munisipaliteit ingelyf het. Die gebied is oorspronklik in 1903 of 1905 aangelê en het uit 800 erwe bestaan. As gevolg van Pretoria se ontwikkeling en uitbreiding is die erwe in so 'n mate onververdeel dat daar nou ongeveer 1,495 grondbesitters en 'n bevolking van omtrent 43,900 is.

Die Groepsgebiederaad het Lady Selborne as 'n toekomstige Blanke gebied verklaar. Verwag word dat die inwoners binne die volgende twee of drie jaar na Atteridgeville en Vlakfontein oorgeplaas sal word.

Die gebied is nie gerioleer nie en is ernstig oorbevolk. Daar is 'n aantal goedgeboude wonings tussen die groot aantal heeltemal onbevredigende hout-en-sink-bousels versprei.

Daar is 'n ontspanningsaal, kliniek en créche in die gebied, benewens 'n moderne kraaminrigting wat deur die Rooms-Katolieke Kerk bestuur word.

NUWE SKEMAS

(3) Vlakfontein:

Tot dusver is daar 7,861 huise in Vlakfontein-wes en Vlakfontein-oos opgerig. Daarbenewens is die volgende geboue opgerig:—

17 Skole, 70 winkels, gemeenskapsentrum, biersaal, poskantoor, administratiewe blok, crèche, kliniek, doktersspreekkamer, skrynwerkerswinkel, kraaminrigting en polisiestasie. 'n Sportterrein is aangelê en 'n pawiljoen gebou.

Twintig morg grond is vir 'n provinsiale algemene hospitaal uitgehou.

Die gebied ontwikkel gelykmatig en voorkeur word gegee aan elektrisiteitsverskaffing, padbou en vloedwaterdreinering.

Bevolking: 54,150.

(4) Atteridgeville/Saulsville:

Tot dusver is daar 6,887 vierkamerhuise in die Atteridgeville/Saulsville-gebied voltooi.

Benewens 'n biblioteek, créche, ontspanningsaal, kliniek en begrafnisondernemerslokaal is daar 16 skole en 74 winkels. Die gebied word volgens plan ontwikkel, met die klem op rioolbenetting, elektrisiteits- en waterdienste, padbou en vloedwaterdreinering.

Bevolking: ongeveer 47,829

(5) Enkelkwartiere (Hostel), Saulsville:

Daar is 399 hosteleenhede gebou wat onderdak vir 6,384 persone verskaf, en elektrisiteit is voorsien. Die gebied is gerioleer. Elke eenheid het gemeenskaplike warmwater-stortbaddens en kombuise met elektriese warmplate as kookgeriewe. Die maandelikse huur is R2.

Tans word daar 5,118 alleenlopende Bantoes gehuisves.

(6) Algemeen:

Die geëlektrifiseerde treindiens na die Atteridgeville/Saulsville- en die Vlakfontein-gebied werk nou bevredigend.

(7) Laudium:

Laudium is die nuwe gebied vir Asiate. Daar word tans 200 huise gebou en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Beraam word dat bogenoemde huise in die baie nabye toekoms voltooi en betrek sal word.

In die volgende geldjaar sal voorsiening vir die oprigting van administratiewe kantore en kliniek in die kapitaalbegroting gemaak word.

(8) Kleurlinggebied:

Ingevolge die Groepsgebiedewet is 'n gedeelte van die plaas Derdepoort 469 en 'n gedeelte van die bestaande dorpe Eersterust en Despatch, ongeveer 800 morg groot, as 'n gebied vir bewoning deur lede van die Kleurlinggroep geproklameer.

Daar word tans aan 200 huise gebou en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

'n Aantal gesinne word tans tydelik gehuisves in eiendomme wat deur die Raad oorgeneem is, 'n gemeenskapsaal is verskaf en 'n begraafplaas word tans aangelê.

Administratiewe kantore en 'n kliniek sal in die nabye toekoms opgerig word.

SUIWELSEKSIE

1. BESONDERHEDE VAN LISENSIES WAT BEHANDEL IS.

	Nuut	*Oorgedra*	*Gestaak*	*Geweier*	*Toe- of afname*
Produsente	40	7	74	—	—34
Produsent-verspreiders	—	—	—	—	
Verspreiders	16	9	15	2	+ 1
Melkwinkels	50	20	—	2	+50
Totale	106	36	89	4	+17

Gedurende die verslagtydperk het die aantal suiwelpersele met 17 toegeneem, maar die aantal produsente het met 34 verminder hoewel 40 nuwe produsente geregistreer is. Die produksiestaking van 34 produsente dui daarop dat die produksie van rou melk onder huidige toestande onekonomies is.

2. LIGGING VAN PERSELE:

Op 31 Desember 1960 was daar 790 suiwelpersele wat soos volg geleë is:

	In munisipale gebied	*Binne 10 myl*	11–25 myl	26–50 myl	51—75 myl	76–100 myl	101–150 myl	151–200 myl	*Verder as 200 myl*	*Totaal*
Produsente.	1	34	81	48	41	25	96	26	1	353
Produsent-verspreiders	2									2
Verspreiders	126									126
Melkwinkels	309									309
Totale.	438	34	81	48	41	25	96	26	1	790

3. MELKVOORRADE:

Aantal persele waar melk geproduseer word.....	355
Benaderde aantal koeie wat aangehou word (in melk).....	15,635
Benaderde aantal koeie wat aangehou word (droog).....	6,683
Benaderde aantal gellings wat daagliks geproduseer word.....	24,010

4. VERVOER VAN MELK

Melk word gewoonlik per spoor of padmotorvervoer vervoer. Verreweg die grootste hoeveelheid melk word deur motorvoertuie vervoer wat die melk op die plase of langs die hoofweë oplaai. Geen koelvervoer word gebruik nie behalwe die koeltrokke wat die Suid-Afrikaanse Spoorweë verskaf waar melk per spoor vervoer word. Die noodsaaklikheid van behoorlike koelvervoer van melk is van nasionale belang met die oog op die lang afstande, klimaatstoestande en verliese wat boere ly as gevolg van bederwing. In die stad geskied aflewering hoofsaaklik per motorvoertuig of per fiets. Geen koelvervoer word gebruik nie maar verspreiders probeer om melk met die mins moontlike vertraging te laat aflewer.

5. BERAAMDE TOTALE AANTAL GELLINGS WAT PER DAG GEBRUIK WORD SOOS OP 31 DESEMBER 1960

	gelling
Van produsente.....	23,670
Van produsent-verspreiders.....	340
Ingevoer (gedurende tye van skaarste).....	36
Totaal	24,046

Van die bogemelde daaglikse totaal is die verbruik soos volg:

Gepasteuriseerde melk.....	22,036 (of 91.9%)
Rou melk.....	2,010 (of 8.1%)

Alle industriële melk wat gedurende tye van skaarste ingevoer is, is voor verbruik gepasteuriseer. Sodanige invoer word slegs toegelaat nadat die toestand gedurende tye van seisoenskaarste sorgvuldig oorweeg is. 'n Totaal van 13,400 gelling is gedurende die maande Maart en April 1960 ingevoer.

Weens die aanneem van wetgewing vir die verpligte pasteurisasie van melk met ingang van 1 Januarie 1962 het 'n aansienlike aantal klein roumelkverspreidingsdepots hulle belange gedurende die jaar aan pasteurisasiefirmas verkoop, en gevolglik het die verkope en verbruik van gepasteuriseerde melk bo dié van die vorige jaar gestyg. 'n Ander faktor wat tot die toename in die verbruik van gepasteuriseerde melk gelei het, was die oprigting van 'n vyfde pasteuriseringsinstallasie in die stad.

6. SURPLUS-, AFGEROOMDE EN SUUR MELK.

Soos in die vorige jaar is 'n aansienlike hoeveelheid surplusmelk gedurende tye van seisoensurplus ontvang. Die beraamde totaal ontvang is 728,600 gelling. Dit is deur die vernaamste verspreiders (pasteurisasiefirmas) regstreeks na kaas-, melkpoeier-, kondensmelk- en sterilisasiefabrieke afgelei. 132,720 gelling surplusmelk is geskei, die room aan botterfabrieke verkoop en die melk verkoop, aan boere weggegee of sommer weggegooi as 'n geskikte afsetgebied of mark nie gevind kon word nie.

Boere het ook ernstige verliese gely weens die afkeuring van groot hoeveelhede melk as gevolg van suurword, bysmake of ander oorsake. 'n Totaal van 29,620 gelling is afgekeur.

7. DAAGLIKSE VERSPREIDING VAN MELK

	gelling
(*a*) Deur produsent-verspreiders.....	2,010
(*b*) Deur verspreiders, teekamers, ens.....	22,036
Totaal	23,046

8. PERSONEEL WERKSAAM IN DIE MELKBEDRYF

	Blankes	*Nieblankes*	*Totaal*
Produsente	370	1,658	2,028
Produsent-verspreiders	2	18	20
Verspreiders	255	701	956
Totaal	627	2,377	3,004

9. DIE TOETS VAN WERKNEMERS IN DIE MELKBEDRYF VIR TIFOÏDE.

	Totaal	*Negatief*	*Positief*
Blankes	11	11	—
Nieblankes	144	131	13
	155	142	13

Dit is te betreur dat die totale aantal werknemers wat vir tifoïdetoetse aangemeld is, slegs 'n klein persentasie (5.2%) uitmaak van die totaal wat in die melkbedryf werksaam is. Hierdie toestand kan egter nie verbeter word nie, te wyte aan die lang afstande van plase van die stad en die gedurige wisseling van suiwelwerknemers—veral Nieblankes. Werknemers wat in die verslagtydperk ondersoek is, is meesal afkomstig van produsente en produsent-verspreiders in die stad.

Almal wat positief reageer, word belet om in melkpersele, melkwinkels, waterwerke of enige voedselbedryf te werk. Geen uitbraak, deur melk versprei, van tifoïde of enige ander melkverspreide epidemie het gedurende die verslagtydperk voorgekom nie.

10. INSPEKSIES

Gereelde inspeksies van alle melkpersele en melkkuddes is deur die suiwelinspeksiepersoneel bestaande uit twee gekwalifiseerde veeartse en drie gekwalifiseerde gesondheidsinspekteurs uitgevoer. Daarbenewens word hulp ook deur ander lede van die gesondheidsinspeksiepersoneel verleen in verband met inspeksies van melkwinkels en verspreidingsdepots in die stad. Die produksie, hantering, verwerking en verspreiding van alle melk in die munisipale gebied word baie goed beheer en toesig oor gehou. Suksesvolle vervolgings is ingestel vir die invoer van melk sonder 'n lisensie en die ontvangs van melk uit ongelisensieerde bronne.

Die primêre doel en strewe van inspeksies is om produsente, produsentverspreiders, verspreiders en alle melkhanteerders te help, raad te gee en op te voed wat betref die produksie, hantering en benutting van skoon, veilige en voedsame melk. Die belangrikste sake wat bespreek en beklemtoon word, is die volgende:—

(*a*) Veesiektes.
(*b*) Die voeding en versorging van diere.
(*c*) Die bou en oprig van suiwelpersele.
(*d*) Skoonmaak en sterilisering van suiweltoerusting.
(*e*) Die verkoeling en vervoer van melk.
(*f*) Skeikundige ontleding van melk.
(*g*) Suiwelbakteriologie.
(*h*) Hantering, verbruik en voedingswaarde van melk.
(*i*) Algemene beginsels van higiëne.

Daarbenewens het lede van die suiwelinspeksiepersoneel die Regering gehelp met die opstel van spesifikasies en standaarde vir verskillende melkprodukte, en ook in gesamentlike komitees van verskillende plaaslike owerhede gedien wat met aangeleenthede verbonde aan melk en melkprodukte handel.

Besonderhede van uitgevoerde inspeksies is soos volg:—

A. Inspeksie van melkerye.

(*a*) Gedurende melktye	160
(*b*) Ander tye	1,262
Oortredings waarmee gehandel is	662

B. Inspeksies van melkdepots

(*a*) Vroeg in die môre	42
(*b*) Gedurende die dag	651
Oortredings waarmee gehandel is	140

C. Inspeksie van verspreiding, op straat, ens.

(*a*) Vroeg in die môre	37
(*b*) Gedurende die dag	69
Oortredings waarmee gehandel is	21

D. Ander inspeksies en navrae	255
E. Klagtes (openbare) waarmee gehandel is	35
F. Skriftelike kennisgewings bestel	100
G. Skriftelike kennisgewings waaraan voldoen is	63

H. Kudde-inspeksies deur veeartse.

Hierdie inspeksies is gedurende die melktye uitgevoer en koeie is veral ondersoek vir siektes wat die kwaliteit en veiligheid van melk nadelig kan beïnvloed. Daarbenewens is die boere raad gegee oor sake aangaande die behandeling, voorkoming en beheer van veesiektes, in- en uitwendige parasiete en soortgelyke sake. Merkwaardige resultate is in 'n aantal melkkuddes behaal met die beheer en uitwissing van mastitis deur die stelselmatige toetsing van kuddes en behandeling van positiewe gevalle.

Gedurende die verslagtydperk is 145 inspeksies van kuddes uitgevoer. Party van hierdie kuddes is meer as een keer geïnspekteer. Behalwe mastitis is gevind dat die volgende toestande en siektes meeste voorkom: ondervoeding, uit- en inwendige parasiete, rooiwater, galsiekte, bosluisvergiftiging, plantvergiftiging, spysverteringsmoeilikheid, onvrugbaarheid, brusellose en tuberkulose.

Die veeartse is ook verantwoordelik vir meeste van die laboratoriumwerk aan melk soos mikroskopiese tellings, fosfatasetoetse, coliformtoetse, kleurseltoetse ens., die resultate waarvan in hierdie verslag getabelleer is.

11. MELKTOETSE

(*a*) **Aantal mikroskopiese tellings (rou melk):**

Aantal monsters getoets	9,219
Aantal baie goeie monsters	5,363
Aantal goeie monsters	875
Aantal redelike monsters	281
Aantal onbevredigende monsters	2,700

(*b*) **Resazurintoetse (rou melk):**

Aantal monsters getoets	8,314
Aantal baie goeie monsters	192
Aantal goeie monsters	5,096
Aantal redelike monsters	2,095
Aantal onbevredigende monsters	931

(*c*) **Vermoedelike coliformtoetse (gepasteuriseerde melk. 48 uur teen 37°C).**

Aantal monsters getoets	4,201
Aantal positiewe monsters	333 (of 7.9%)
Aantal negatiewe monsters	3,868

(*d*) **Mastitistoetse:**

Gedurende mikroskopiese roetineondersoeke van 9,219 melkmonsters van produsente is daar 777 monsters gevind wat positief was vir Streptococcus agalactiae. Vir ander vorms van mastitis is geen statistiek beskikbaar nie hoewel 'n hoë persentasie gemengde besmetting van Streptokokkale en Stafilokokkale mastitis dikwels gedurende roetineondersoek van melkkuddes aangetref word. Die voorkomssyfer van chroniese mastitis, meestal te wyte aan Streptoccocus agalactiae, is egter veral onder verwaarloosde kuddes baie hoog.

(*e*) **Toets vir neerslag op skyf van sigbare vuil:**

Aantal monsters geneem	719
Aantal bevredigende monsters	617
Aantal onbevredigende monsters	102
Finale waarskuwings	102
Vervolgings	Geen

(*f*) **Fosfatasetoets vir gepasteuriseerde melk:**

Aantal monsters getoets	4,380
Aantal monsters doeltreffend gepasteuriseer	4,380
Aantal monsters wat effens te swak gepasteuriseer is	Geen
Aantal monsters wat heeltemal te swak gepasteuriseer is	Geen

(g) Plaattellings en vermoedelike B.coli-toetse.

(Gedoen ingevolge die Melkeryverordeninge wat 'n standaard van hoogstens 200,000 organismes per milliliter en geen B.coli in 0.01 milliliter vereis)

Aantal monsters getoets	302
Aantal wat aan wetlike standaarde voldoen	189
Aantal wat teveel mikro-organismes bevat—gewaarsku	66
Aantal wat teveel B.-coli bevat—gewaarsku	8
Aantal wat teveel mikro-organismes en B. coli bevat	39
Totale aantal waarskuwings	113
Totale aantal vervolgings	Geen

(h) Skeikundige ontleding van melk (Monsters ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels geneem.)

(1) Aantal monsters ontleed	419
Aantal bevredigende monsters	272
Aantal onbevredigende monsters	147
(i) Onvoldoende melkvet	4
(ii) Onvoldoende vaste melkstowwe (vet uitgesluit)	130
(iii) Water bygevoeg	13
(iv) Preserveermiddels	Geen

(2) Vervolgings:

Gedurende die jaar is daar gehandel met 20 oortredings ingevolge die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels en die Melkeryverordeninge. Een saak (water bygevoeg) is teruggetrek en 18 persone is gestraf vir oortredings soos volg:—

	Aantal vervolgings	*Boetes betaal*
(i) Melk sonder 'n lisensie ingevoer	2	£ 6/0/0
(ii) Water bygevoeg	12	£ 70/0/0
(iii) Ongelisensieerde melk ontvang	1	£ 10/0/0
(iv) Melk in straat oorgeplaas	1	£ 10/0/0
(v) Met melk gesmous	1	£ 10/0/0
(vi) Geen naam en adres op afleweringsvoertuig nie.	3	£ 5/10/0
Totaal	20	£111/10/0

Die groot aantal gevalle van „water bygevoeg" moet verduidelik word. Hoewel die boer vir sy melk verantwoordelik is, gebeur dit dikwels dat sy eie werknemers (Nieblankes) om een of ander rede water by die melk gooi—vermoedelik meesal omdat melk gesteel en die gesteelde melk dan deur water vervang word.

12. BIOLOGIESE TOETSE

Agtien (18) melkmonsters is biologies getoets (marmotinspuiting) vir die teenwoordigheid van beestuberkulose. Al die resultate was negatief.

13. SEROLOGIESE TOETSE

(a) Tuberkulose (Bees-).

Die volgende syfers weerspieël toetse (Binnehuidse Tuberkulien) wat deur die Veldseksie van die Afdeling Veeartsenykundige Dienste, Onderstepoort, op kuddes wat aan Pretoria melk lewer, uitgevoer is.

Aantal kuddes getoets	*Totale aantal diere*	*Negatief*	*Positief*	*Verdag*
9	1,122	1,060	45	17

Die resultate vir een besondere kudde wat getoets is, het aangedui dat uit die totaal van 74 koeie 40 positief en 3 verdag was. Die eienaar is aangeraai om die hele kudde te laat slag aangesien 35 koeie voor die toets aan verdagte tuberkulose dood is. Die kudde is toe by die plaaslike slagplaas geslag, 51 karkasse is weens verspreide tuberkulose afgekeur, 16 weens vermaering en die res is as Graad V gegradeer. 'n Hele aantal oop uierletsels is by nadoodse ondersoeke ontdek. Die hoë voorkomssyfer in hierdie kudde is te wyte aan swak bestuur, ondervoeding en die feit dat meeste van die diere by verskeie opruimingsuitverkopings gekoop is. Die feit dat party diere met oop letsels op die plaas aangekom het, was waarskynlik die faktor wat die ernstige verspreiding van tuberkulose in hierdie kudde aan die gang gesit het.

(*b*) **Besmetlike misgeboorte (Brusellose):**

Geen toetse is gedurende die verslagtydperk op melkmonsters uitgevoer nie aangesien „vals" resultate met die „ringtoets" behaal is. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die onoordeelkundige inenting van melkkuddes met die stam 19-entstof teen brusellose. Boere word gedurig raad gegee oor die korrekte inentingsmetode, maar dit het tot dusver nie baie doeltreffend geblyk nie. Die algemene neiging by boere is nog om alle vee in te ent, insluitende draers van die siekte.

14. ALGEMENE OPMERKINGS

(*a*) **Melkeryverordeninge:**

(i) Sekere veranderinge sal gemaak moet word aan die melkeryverordeninge wat op 3 Desember 1958 afgekondig is.
(ii) Verpligte pasteurisasie sal met ingang van 1 Januarie 1962 afgedwing word, sowel as sekere bepalings betreffende die verkoop van „gesertifiseerde rou melk."
(iii) Konsepregulasies is aangekondig in verband met 'n varsmelkbemarkingskema. Hulle is nie aanvaar nie, en daar word tans weer onderhandelinge gevoer om die skema afgekondig te kry.

(*b*) **Pasteuriseringsinstallasies:**

In die loop van die verslagjaar is 'n vyfde pasteuriseringsinstallasie opgerig en in gebruik geneem.

SKUTTE

Besonderhede van diere wat in die munisipale skut (Hercules) geskut is, is soos volg:—

Perde	*Muile*	*Donkies*	*Beeste*	*Skape & bokke*	*Varke*	*Honde*	*Skutgelde ingevorder*	*Met skutverkopings ingevorder*
101	146	58	56	—	—	—	£309.18.0	£76.0.0

Vier donkies, twee muile en een koei wat geskut en nie gelos is nie, is per openbare veiling verkoop.

Een muil is by sy aankoms doodgemaak weens ondervoeding, swak toestand and blindheid.

WATERTOEVOER

Soos voorheen verklaar is, het die wateraanvraag jaar na jaar geweldig toegeneem, soos in onderstaande tabel aangetoon word:—

	Miljoen gelling per dag
1929—1930	4.2
1934—1935	7.4
1939—1940	8.78
1945—1946	13.8
1946—1947	14.2
1947—1948	14.52
1948—1949	15.254
1949—1950	15.963
1950—1951	16.973
1951—1952	17.766
1952—1953	17.921
1953—1954	18.065
1954—1955	18.689
1955—1956	20.821
1956—1957	21.533
1957—1958	23.008
1958—1959	25.339
1959—1960	27.994

Die water is uit vyf bronne afkomstig; drie dolomietfonteine lewer regstreeks 'n gedeelte en Rietvlei en die Randse Waterraad verskaf die res. Gedurende die verslagtydperk is die volgende hoeveelhede water uit hierdie bronne verkry:—

	1960 Miljoen gelling
Randse Waterraad	6,454.340
Fonteinedalfonteine	1,594.922
Sterkfonteinfonteine	528.180
Rietvlei- en Erasmusfonteine	731.200
Rietvleifiltreerinstallasie	931.752

Die volgende hoeveelhede vuilgoed, ens. is verwyder:—

	Januarie—Desember 1960
Asblikdiens	272,138 kub. jt.
Spesiale en koepondiens	22,065 kub. jt.
Nagemmerdiens	4,307,088 gelling
Suigtenkdiens	15,041,820 gelling

RIOOLWATERSUIWERINGSWERKE EN SKEIKUNDIGE LABORATORIUMS

RIOOLWATERAFVOER:

Hier volg die maandelikse rioolwaterafvoer- en reënvalsyfers oor die jaar:—

1960	*Daspoort-rioolwaterwerke*		*Rooiwal-rioolwaterwerke*	
	Daaglikse gemiddelde afvoer Gelling	*Reënval Millimeter*	*Daaglikse gemiddelde afvoer Gelling*	*Reënval Millimeter*
Januarie	8,472,000	100.6	—	—
Februarie	8,722,000	30.6	—	—
Maart	8,693,000	51.9	2,922,000	80.3
April	8,371,000	70.4	2,835,000	65.1
Mei	7,703,000	9.8	3,440,000	6.8
Junie	6,904,000	2.0	4,035,000	1.2
Julie	6,734,000	4.6	3,801,000	0.0
Augustus	6,511,000	0.8	4,362,000	0.4
September	7,092,000	0.8	3,614,000	3.3
Oktober	7,252,000	57.2	3,802,000	49.6
November	8,861,000	156.9	4,330,000	171.8
Desember	7,990,000	92.8	4,038,000	179.2
Jaar 1960	7,775,000	578.4	3,718,000	—

Die daaglikse gemiddelde syfer vir die rioolwater wat by die twee werke behandel is, het 11½ miljoen gelling beloop. Die syfer vir die rioolwater wat by die Daspoortwerke behandel is, was dieselfde as vir 1959, nl. 'n gemiddelde van 7¾ miljoen gelling per dag.

UITVLOEISEL NA KRAGSTASIE:

Gemiddeld 2.6 miljoen gelling sandgefiltreerde en gechloreerde uitvloeisel per dag is na die Kragstasie gepomp vir gebruik as verkoelingswater. Besonderhede oor die werking van die snelvalsandfiltreerders gedurende 1960 word in tabel I aangegee.

VERTEERDE SLYK:

Gedurende die jaar is 9,080 vragte verteerde slyk per enkelspoorkipwa van die droogbeddings verwyder. Dit verteenwoordig 6,740 kubieke jaart rioolslyk wat gedurende die jaar gehanteer is.

SUIWERINGSWERKE BY ROOIWAL:

Die bou van die tweede eenheid vorder bevredigend en die besproeiingspompe sal eersdaags werk. Daar is al ver gevorder met die werk aan die stabiliseerdamme wat verkoelingswater moet verskaf vir die nuwe kragstasie wat in aanbou is.

Daar is nog 8,000 populierbome aangeplant wat nou goed vorder. Daar is ook 115,000 steggies ingelê wat in 1961 oorgeplant gaan word.

LABORATORIUMDIENSTE:

Gedurende die jaar is 3,468 monsters vir die onderskeie munisipale afdelings ontleed. Met die stabieler toestand van die stadswatertoevoer, was daar minder waterontledings nodig.

ONTLEDING VAN RIOOL- EN DAMWATER:

Verteenwoordigende monsters rioolwater en slyk asook rivier- en damwater is gereeld gedurende die jaar ontleed ten einde doeltreffende werking van die behandelingseenhede te verseker en enige besoedeling of veranderde toestande in die riviere en damme agter te kom.

TABEL 1.

SANDFILTRERING—UITVLOEISEL NA KRAGSTASIE, 1960

		Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.	Jaar
Volume afloop gefiltreer—miljoen gelling		80.45	72.95	82.66	77.60	83.05	79.88	85.25	85.23	76.38	79.03	75.75	73.47	951.7
Volume na kragstasie gepomp — miljoen gelling		77.79	70.32	80.11	75.42	80.59	77.58	82.84	82.02	74.15	77.15	74.06	72.45	924.48
Filtreringstempo—Gelling/vk. vt. /uur		197	197	189	198	181	163	164	166	168	166	163	212	180
Gelling per vk. vt. per skof gefiltreer		2,980	2,980	3,640	4,170	3,860	3,520	3,960	3,320	3,710	5,060	5,080	5,180	3,950
% Terugloop van volume wat gepomp is		3.4	3.7	3.2	2,8	2.8	2.9	2.9	3.9	2.8	2.4	2.3	1.4	3.5
Gesuspendeerde vaste stowwe volgens gewig: Dele per miljoen	Ongefiltreer	10.4	9.1	10.1	12.9	9.2	13.2	9.7	11.4	12.1	9.4	9.9	8.8	10.5
	Gefiltreer	4.6	4.8	5.9	6.8	4.8	5.9	5.5	6.5	4.7	2.3	2.6	4.5	4.9
Chloor: Dele per miljoen	Bygevoeg	3.5	3.5	3.4	3.6	3.5	3.4	3.3	3.3	3.6	3.6	3.7	3.7	3.5
	Oorblyfsel na ongeveer 1 uur	0.6	0.6	1.1	0.4	0.4	0.6	0.6	0.5	0.6	0.6	0.5	0.5	0.6

GENEESKUNDIGE DIENSTE VIR NIEBLANKES

A. KLINIESE DIENSTE:

Die tabel hieronder dui die aantal en die tipes klinieke aan wat elke week uitsluitlik vir Nieblankes in die stad en die lokasies gehou word.

	Atteridgeville.	*Kampong.*	*Vlakfontein*	*Kliniek vir spesiale Siektes*	*Lady Selborne*
Kindersorgklinieke.	2	3	2	—	—
Klinieke vir Veneriese Siektes.....	1	—	1	4	—
Voor- en Nageboortelike klinieke.....	1	2	1	—	—
Tuberkuloseklinieke	1	1	1	—	1
Algemene Buitepasiëntklinieke.....	2	—	2	—	—

Verdere besonderhede aangaande Kindersorg-, Veneriese siektes-, Tuberkulose-, Voorgeboortelike en Nageboortelike klinieke verskyn in 'n ander deel van hierdie verslag.

OPGAAF VAN BUITEPASIËNTKLINIEKE VAN 1.1.60—31.12.60

(Syfers vir 1959 tussen hakies).

	Kampong		*Atteridgeville*		*Vlakfontein*		*Totaal* 1960	1959
Aantal nuwe pasiënte..	469	(1,436)	8,790	(9,185)	8,102	(6,909)	17,361	(17,530)
Aantal herbesoeke	250	(672)	9,847	(8,332)	12,277	(10,616)	22,374	(19,620)
Aantal verbande aangebring.	778	(446)	13,201	(10,082)	11,362	(10,569)	25,341	(21,097)

Benewens die bostaande word buitepasiëntklinieke vir Nieblanke Munisipale werknemers elke oggend behalwe op Sondae en Openbare Vakansiedae gehou. In die loop van die jaar is 2,849 siek werknemers behandel en is 1,719 werknemers wat beserings opgedoen het, medies ondersoek en behandel.

TABEL 1.

GEBOORTES (ALLE RASSE) GEDURENDE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	BLANKES				BANTOES				ASIATE				KLEURLINGE			
	Egtelik		*Buitenegtelik*		*Egtelik*		*Buitenegtelik*		*Egtelik*		*Buitenegtelik*		*Egtelik*		*Buitenegtelik*	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Januarie	179	146	1	2	98	119	71	63	3	12	—	—	2	8	—	1
Februarie	164	159	3	5	132	141	102	87	15	7	—	—	5	5	1	1
Maart	190	177	5	1	192	184	127	99	9	8	—	—	5	5	2	1
April ..	178	184	—	5	141	125	95	106	10	5	—	—	6	1	—	1
Mei	156	160	2	3	93	84	51	55	8	5	—	—	3	4	—	—
Junie ..	150	164	2	4	96	90	52	62	10	8	—	—	5	5	—	—
Julie	169	176	1	1	120	108	106	86	14	11	1	—	6	6	—	1
Augustus	197	167	2	3	226	230	142	154	11	13	—	—	3	5	2	2
September	139	161	2	3	130	120	107	112	4	7	—	—	6	—	—	1
Oktober	158	156	1	1	156	159	101	112	3	6	—	—	3	4	—	—
November	204	186	—	1	73	95	56	60	8	8	—	1	9	9	—	1
Desember	197	148	—	—	346	339	235	241	5	7	—	—	1	2	—	1
TOTALE	2,081	1,984	19	29	1,803	1,794	1,245	1,237	100	97	1	1	54	54	5	10

	DOODGEBOORTES (PLAASLIKE INWONERS)				GEBOORTES (NIE-INWONERS)			
	BLANKES		NIEBLANKES		BLANKES		NIEBLANKES	
	M	V	M	V	M	V	M	V
Januarie	1	—	7	8	87	101	14	11
Februarie	1	1	7	3	94	75	35	29
Maart	1	2	—	—	95	102	39	46
April	5	2	—	—	89	116	26	24
Mei	1	1	10	4	68	81	21	24
Junie	1	2	11	8	70	80	26	34
Julie	3	2	6	4	78	86	28	31
Augustus	3	1	15	5	107	71	45	52
September	1	—	13	4	85	90	31	40
Oktober	1	—	10	6	90	74	27	32
November	3	3	9	6	106	93	30	30
Desember	—	1	7	2	95	84	73	55
TOTALE	21	15	95	50	1,064	1,053	359	408

TABEL 2.

STERFTE VAN KINDERS ONDER DIE OUDERDOM VAN 5 JAAR, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

BLANKES	24 uur en jonger		24 uur tot een week		Een week tot een maand		Een tot drie maande		Drie tot 6 maande		Ouer as 6 maar jonger as 12 maande		Totale suigeling-sterfte		Een tot twee jaar		Twee tot drie jaar		Drie tot vier jaar		Vier tot vyf jaar		Totale sterfte onder vyf jaar	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Difterie	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1
Tuberkulose (pulmonêre)	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—
Masels	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—
Poliomiëlitis	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	2	—
Masels	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Sweer binne skedel	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	1	—	—	—	—	—	—	—	2	—
Meningitis pneumokokkale	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
,, ander vorms	—	—	—	—	—	—	—	2	—	1	—	—	—	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	3
Hartspierontsteking	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—	—	—	2
Akute brongitis	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	1	—	—	—	1	1
Bronchopneumonie	1	—	—	2	2	—	2	3	1	1	1	—	7	6	2	1	1	1	—	1	1	—	11	9
Lobêre pneumonie	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Diarree en enteritis	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	2	1	4	1	—	—	—	1	—	—	—	—	4	2
Buikvliesontsteking	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Nefritis	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Aangebore waterhoof	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Aangebore misvorming	—	1	1	2	3	2	—	1	—	—	1	—	5	6	—	—	—	—	—	1	—	—	5	7
Voortydige geboorte	7	5	21	8	—	2	—	—	—	—	—	—	28	15	—	—	—	—	—	—	—	—	28	15
Besering by geboorte	—	—	3	2	—	—	1	—	—	—	—	—	4	2	—	—	—	—	—	—	—	—	4	2
Atelektase	3	1	2	2	—	2	—	—	—	—	—	—	5	5	—	—	—	—	—	—	—	—	5	5
Infeksie by pasgeborenes	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Neonatories melanie	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Ander siektes (eertse jaar)	1	—	2	—	—	1	—	1	—	—	—	—	3	2	—	—	—	—	—	—	—	—	3	2
Verdrinkongelukke	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	2	—
Ander ongelukke (nie aangedui nie)	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—
Ander onbekende oorsake	—	—	1	1	—	—	1	—	1	1	—	—	3	2	—	—	—	—	—	—	—	—	3	2
TOTAAL	12	7	37	17	6	9	6	9	4	4	5	1	64	47	3	2	2	3	3	3	5	0	77	55

TABEL 3.

STERFTE VAN KINDERS ONDER DIE OUDERDOM VAN 5 JAAR, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

BANTOES	24 uur en jonger		24 uur tot een week		Een week tot een maand		Een tot drie maande		Drie tot 6 maande		Ouer as 6 maar jonger as 12 maande		Totale suigeling-sterfte		Een tot twee jaar		Twee tot drie		Drie tot vier jaar		Vier tot vyf jaar		Totale sterfte onder vyf jaar	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Maagkoors	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Kinkhoes	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Difterie	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	2	1	—	—	1	1	—	3	3
Kaakklem	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Tuberkulose (pulmonêre)	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	1	1	—	2	—	—	—	—	1	—	2	3
Tuberkulose ander vorme	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	2	2	1	3	—	—	—	—	—	5	3
Etterende infeksie	—	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1
Aangebore sifilis	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Griep	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—	2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2
Masels	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	2	—	2	1	—	—	—	1	5
Longkanker	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Wanvoeding	—	—	—	—	—	—	1	—	7	5	5	4	13	9	19	19	3	11	1	2	—	—	36	41
Miksodeem en Kretinisme	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Pellagra	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	1	1
Bloedkwaal	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—
Meningitis ander vorme	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—	—	—	2	1	1	—	—	—	—	—	—	1	3
Stuipe	—	—	1	—	—	1	—	—	—	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1
Hartkwaal	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	
Bronchopneumonie	—	—	6	7	13	10	15	16	20	31	32	23	86	87	54	47	13	16	6	9	5	2	164	161
Strottehoofkwaal	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Akute brongitis	—	—	—	—	—	—	2	—	—	—	1	—	3	—	2	2	—	—	—	1	1	—	6	3
Keelholtekwaal	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1
Diarree en enteritis	—	—	—	5	4	4	11	20	41	18	39	46	95	93	70	70	9	9	6	2	1	2	181	176
Lewerkwaal	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Buikvliesontsteking	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Nierontsteking	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	1	—	—	—	1	1
Weefselontsteking	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Aangebore waterhoof	—	1	1	—	—	—	1	1	1	1	—	—	3	3	—	—	—	—	—	—	—	—	3	3
Aangebore hartkwaal	—	—	—	1	—	1	—	—	—	—	—	—	—	2	—	1	—	—	—	—	—	—	—	3
Aangebore swakheid	—	—	—	1	—	—	—	2	—	—	—	—	—	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	3
Voortydige geboorte	12	9	22	26	4	2	4	3	1	—	1	—	44	40	—	—	—	—	—	—	—	—	40	44
Besering by geboorte	5	1	14	4	—	—	—	—	—	—	1	—	20	5	—	—	—	—	—	—	—	—	20	5
Atelektase	2	2	2	5	—	2	—	—	—	—	2	—	6	9	—	—	—	—	—	—	—	—	6	9
Neonatoriese melanie	—	—	2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—
Ander kwale (eerste jaar)	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1
Ander ongelukke (motor)	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	1	—	1	1
Brandwondongelukke	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	1	1	1	1	—	4	2

TABEL 3.—*Vervolg*—STERFTE VAN KINDERS ONDER DIE OUDERDOM VAN 5 JAAR, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

BANTOES vervolg)	24 uur en jonger		24 uur tot een week		Een week tot een maand		Een tot drie maande		Drie tot 6 maande		Ouer as 6 6 maar jonger as 12 maande		Totale suigeling-sterfte		Een tot twee jaar		Twee tot drie jaar		Drie tot vier jaar		Vier tot vyf jaar		Totale sterfte onder vyf jaar	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Verstikkingsongelukke	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—
Ongelukke nie aangedui nie	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	—	1	1
Ander onbekende oorsake	1	1	8	—	5	2	7	7	11	6	14	7	46	23	16	20	8	4	1	2	3	—	74	49
TOTAAL	21	15	56	51	28	25	41	49	82	65	96	88	324	203	170	169	40	43	18	19	14	4	566	528
ASIATE																								
Wanvoeding	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—
Bronchopneumonie	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—	2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2
Diarree en enteritis	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Aangebore hart	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Aangebore swakheid	—	—	1	—	—	—	—	1	—	—	—	—	1	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1
Besering by geboorte	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Voortydige geboorte	1	2	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	3	—	—	—	—	—	—	—	—	1	3
Atelektase	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Ander kwale (eerste jaar)	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Vergiftigingsongelukke	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1
TOTAAL	2	3	1	2	—	1	—	2	—	2	—	—	3	10	—	1	1	—	—	—	—	—	4	11
KLEURLINGE																								
Besering by geboorte	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Meningitis, ander vorme	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Bronchopneumonie	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	1	—	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	3
Diarree en enteritis	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	2	1	2	1	—	—	—	—	—	—	—	2	2
Bloedstuwing in longe	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Dermverstopping	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Beenvliesontsteking	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Atelektase	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
Brandwondongelukke	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—
TOTAAL	1	—	2	1	—	—	—	2	2	1	—	3	5	7	2	—	—	—	—	—	—	—	7	7

TABEL 4.

STERFTES VAN BLANKES, VYF JAAR EN OUER, BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	5–10 jaar		10–15 jaar		15–20 jaar		20–25 jaar		25–30 jaar		30–40 jaar		40–50 jaar		50–60 jaar		60–70 jaar		70–80 jaar		Bo 80 jaar		TOTAAL	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Aansteeklike en parasitiese siektes	1	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	1	2	1	3	—	1	1	—	1	—	1	7	7
Kanker en ander gewasse	—	—	—	—	2	—	—	—	—	—	3	4	6	7	9	12	18	10	17	14	3	7	58	54
Voedingsiektes en kwale van buislose kliere	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	2	—	1	—	2	1	1	1	2	3	8
Bloedkwale en kwale van bloedvormende organe	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—	3	—	1	—	6	1
Kwale van senuweestelsel en sintuigorgane	—	—	1	—	—	—	1	2	1	—	—	1	4	1	6	8	13	11	13	16	13	15	52	54
Kwale van bloedsomloopstelsel	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	7	5	14	5	44	24	40	38	47	42	25	42	177	158
Kwale van asemhalingstelsel	1	1	—	—	—	—	3	1	—	—	3	1	4	1	12	7	11	10	12	11	26	18	72	50
Kwale van spysverteringstelsel	—	—	—	—	1	—	—	—	—	1	—	1	—	4	4	1	3	2	1	3	4	4	13	16
Nie-veneriese siektes van die urinestelsel en geslagsorgane	—	—	—	—	—	—	1	—	—	1	—	1	1	3	—	4	5	6	5	4	5	6	17	25
Velkwale	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	1	—	—		1	1	2
Seniliteit	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	5	1	6	7	11	9
Selfmoord	—	—	1	—	—	—	5	—	5	2	5	1	7	—	3	2	—	—	—	1	—	—	26	6
Manslag	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1
Ongelukke	3	—	1	2	7	3	13	2	2	—	8	2	6	2	5	3	4	—	4	3	5	4	58	21
Teregstelling	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Onbesliste bevinding	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Onbekende of ongespesifiseerde oorsake	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	1	—	2	1	2	2	2	2	1	2	1	7	9	15
TOTAAL	5	3	3	2	10	5	23	7	8	5	28	17	46	27	89	64	99	83	109	99	90	114	510	427

TABEL 5.

STERFTE VAN BANTOES, VYF JAAR EN OUER, BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	5–10 jaar		10–15 jaar		15–20 jaar		20–25 jaar		25–30 jaar		30–40 jaar		40–50 jaar		50–60 jaar		60–70 jaar		70–80 jaar		Bo 80 jaar		TOTAAL	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Aansteeklike en parasitiese siektes	1	3	2	1	1	2	2	5	1	2	3	5	6	1	5	—	4	2	—	—	—	—	25	21
Kanker en ander gewasse	1	1	—	—	—	—	1	—	1	1	5	2	8	4	13	6	6	3	1	—	—	—	36	17
Voedingsiektes en kwale van buislose kliere	—	3	—	—	1	—	—	—	1	—	2	—	1	—	4	1	1	1	—	—	—	—	10	5
Bloedkwale en kwale van bloedvormende organe	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	2	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	3	2
Kwale van senuweestelsel en sintuigorgane	—	2	—	—	—	—	1	1	2	2	4	—	8	7	10	7	1	4	1	3	1	3	28	24
Kwale van bloedsomloopstelsel	—	1	—	2	1	2	1	—	1	1	7	11	5	5	12	8	8	7	6	7	3	4	44	48
Kwale van asemhalingstelsel	8	9	2	3	5	3	7	8	5	3	20	9	19	3	20	13	23	7	7	6	9	6	125	70
Kwale van spysverteringstelsel	2	1	—	3	—	1	1	1	—	1	2	—	2	3	4	—	4	—	1	—	—	1	16	11
Nie-veneriese siektes van die urinestelsel en geslagsorgane	—	—	—	—	2	—	1	2	—	1	1	4	3	—	3	3	3	1	1	1	1	1	15	13
Siektes by swangerskap en kindergeboorte	—	—	—	—	—	—	—	4	—	3	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	8
Seniliteit	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	4	—	1	5	5	6
Selfmoord	—	—	—	—	—	—	—	1	2	—	1	—	—	—	—	—	3	—	1	—	—	—	7	1
Manslag	—	—	—	—	4	1	11	—	9	—	10	1	1	—	2	—	—	—	—	—	—	—	37	2
Ongelukke	3	2	8	—	4	—	9	1	10	1	10	1	11	—	9	1	3	—	1	—	1	—	69	6
Teregstelling	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	1	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	2	1
Onbesliste bevinding	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Onbekende of ongespesifiseerde oorsake	4	2	1	—	—	1	1	2	1	3	3	5	8	3	8	7	6	7	9	5	6	11	47	46
TOTAAL	19	24	13	9	18	10	35	25	35	19	70	40	72	26	91	41	62	34	32	22	22	31	469	281

TABEL 6.

KINDERSTERFTE: BLANKES: OORSAAK VAN DOOD EN STERFTESYFER VIR JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960.

	Atelektase		Wanvoeding		Aansteekelike siektes		Diarreesiektes		Brongitis en Pneumonie		Aangebore oorsake		Ander oorsake		Voortydigheid		Besering by geboorte		Totale sterfgevalle		Totale geboortes		Sterftesyfer per 1,000 lewendgeboortes		TOTAAL
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	
Sentrale gebied	1	2	—	—	—	—	—	—	1	3	1	1	2	1	2	3	—	—	8	10	191	227	41.88	44.05	43.06
Pretoria-Wes	—	—	—	—	—	—	1	1	—	2	1	1	—	1	1	—	1	1	4	6	307	298	13.03	20.13	16.53
Leprose- en sielsiekehospitale en Verdediging	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	1	—	—	1	1	8	6	125,00	166.67	142.86
Salvokop	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—	2	—	25	21	80.00	—	43.48
Voortrekkerhoogte	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	32	34	31.25	—	15.15
Oostelike voorstede	1	1	—	—	—	—	—	—	1	1	1	1	3	2	8	6	1	1	15	12	554	496	27.08	24.19	25.71
Noordelike voorstede	2	2	—	—	—	1	1	—	4	1	—	3	2	2	9	4	1	—	19	13	647	566	29.37	22.97	26.38
Hercules	1	—	—	—	—	—	2	—	2	—	1	1	1	3	6	1	1	—	14	5	336	365	41.67	13.70	27.10
TOTAAL M	5	—	—	—	—	—	4	—	8	—	5	—	10	—	28	—	4	—	63	—	2,100	—	30.48	—	—
TOTAAL V	—	5	—	—	—	1	—	1	—	7	—	7	—	9	—	15	—	2	—	47		2,013	—	23.35	26.99

TABEL 7.

KINDERSTERFTE: NIEBLANKE RASSE: DISTRIKSVOORKOMS VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	Atelektase		Aansteeklike siektes		Diarreesiektes		Brongitis en pneumonie		Aangebore oorsake		Ander oorsake		Voortydigheid		Besering by geboortes		Wanvoeding		Totale sterfgevalle		Totale geboortes		Sterftesyfer per 1,000 lewendgeboortes		TOTAAL
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	
BANTOES																									
Vlakfontein	—	3	1	4	45	50	26	28	—	2	37	18	17	16	5	1	2	2	133	124	842	834	157.96	148.68	153.34
Atteridgeville	3	3	—	3	21	17	18	35	—	4	9	4	9	9	7	—	2	3	69	78	768	778	89.84	100.26	95.08
Hercules	2	1	—	2	25	25	39	23	3	—	3	7	15	8	7	2	8	4	102	72	1,269	1,230	80.38	68.54	68.63
Stad	1	2	1	—	4	1	6	1	—	2	2	4	4	7	1	2	1	—	20	19	169	189	118.34	100.53	108.94
TOTAAL	6	9	2	9	95	93	89	87	3	8	51	33	45	40	20	5	13	9	324	293	3,048	3,031	106.28	96.67	101.50
ASIATE																									
Lokasie	—	—	—	—	—	—	—	2	1	—	—	1	1	2	—	1	—	—	2	6	63	61	32.70	98.36	64.50
Hercules	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	21	26	—	76.92	39.09
Stad	1	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	1	—	—	—	—	1	2	17	11	58.82	181.82	107.15
TOTAAL	1	—	—	—	—	1	—	2	1	2	—	1	1	3	—	1	—	—	3	10	101	98	28.71	102.04	65.30
KLEURLINGE																									
Lokasie	—	—	—	—	1	1	—	2	—	—	3	1	—	—	—		—	—	4	4	35	32	114.28	125.00	119.40
Hercules	1	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	1	3	24	28	41.67	107.14	76.92
Stad	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	4	—	—	—
TOTAAL	1	—	—	—	1	2	—	3	—	—	3	1	—	—	—	1	—	—	5	7	59	64	84.75	109.39	97.56
ALLE NIE-BLANKES																									
Lokasie	3	6	1	7	67	68	44	67	1	6	49	24	27	27	12	2	4	5	208	212	1,708	1,705	121.80	124.34	123.08
Hercules	3	1	—	2	25	27	39	24	3	1	3	7	15	8	7	3	8	4	103	77	1,314	1,284	79.39	59.97	69.21
Stad	2	2	1	—	4	1	6	1	—	3	2	4	4	8	1	2	1	—	21	21	186	204	112.90	102.94	107.69
TOTAAL	8	9	2	9	96	96	89	92	4	10	54	35	46	43	20	7	13	9	332	310	3,208	3,193	103.49	97.09	100.14

TABEL 8.

STERFTE IN INRIGTINGS VAN PERSONE WAT NIE IN PRETORIA WOONAGTIG IS NIE, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	0–1 jaar		1–5 jaar		5–10 jaar		10–20 jaar		20–40 jaar		Bo 40 jaar		Totaal Blankes		Totaal nie-blankes	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
PRETORIASE EN ANDER HOSPITALE:																
Blankes	47	27	5	8	9	1	12	10	48	23	290	208	411	286	—	—
Nie-blankes	112	109	103	90	13	18	26	25	115	57	210	104	—	—	579	403
SIELSIEKEHOSPITAAL																
Blankes	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	14	20	15	20	—	—
Nie-blankes	—	—	—	—	—	—	—	—	1	2	8	—	—	—	9	2
LEPROSE-INRIGTING:																
Blankes	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	—	—	—
Nie-blankes	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	3	1	—	—	3	1
GEVANGENISSE:																
Blankes	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	2	—	3	—	—	—
Nie-blankes	—	—	—	—	—	—	1	—	42	—	20	1	—	—	63	1
BESOEKERS:																
Blankes	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	4	5	4	5	—	—
Nie-blankes	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	1	1
TOTAAL: BLANKES	47	27	5	8	9	1	12	10	50	32	311	233	434	311	—	—
Nie-blankes	113	109	103	90	13	18	27	25	158	59	241	107	—	—	655	408

TABEL 9.

AANMELDING VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES: PLAASLIKE GEVALLE: ALLE RASSE: JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	0–1 jaar		1–5 jaar		5–10 jaar		10–20 jaar		20–40 jaar		Bo 40 jaar		TOTAAL	
BLANKES	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Tifoïde	—	—	2	—	—	1	—	—	—	1	1	—	3	2
Skarlakenkoors	—	2	8	8	19	22	3	16	—	1	—	—	30	49
Difterie	—	1	5	2	2	6	1	4	1	—	—	—	9	13
Poliomiëlitis	—	1	9	2	—	2	—	1	—	2	—	—	9	8
Tuberkulose	—	—	—	—	—	—	—	1	2	4	7	6	9	11
Belroos	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1
Meningokokkus-meningitis	—	—	1	1	—	—	1	—	—	—	1	—	3	1
Letargiese enkefalitis	1	1	3	2	—	1	1	—	—	—	1	—	6	4
Fluoriedvergiftinging	—	—	—	—	—	—	—	—	1	1	—	—	1	1
NIE-BLANKES														
Tifoïde	1	—	1	—	2	3	1	1	3	2	2	1	10	7
Difterie	—	—	12	14	5	20	—	7	—	3	—	—	17	44
Tuberkulose	11	12	44	41	18	28	19	21	101	69	121	32	314	203
Poliomiëlitis	—	1	5	4	—	—	—	—	—	—	—	—	5	5
Menigokokkus-meningitis	—	—	—	—	—	—	2	1	2	—	1	—	5	1
Letargiese enkefalitis	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Leprose	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Trachoma	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—

TABEL 10.

AANMELDING VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES: INGEVOERDE GEVALLE: ALLE RASSE: JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

	0–1 jaar		1–5 jaar		5–10 jaar		10–20 jaar		20–40 jaar		Bo 40 jaar		TOTAAL	
	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
BLANKES														
Tifoïde	—	—	—	—	—	1	3	1	2	2	1	1	6	5
Skarlakenkoors	—	1	1	—	—	1	—	1	—	—	—	—	1	3
Difterie	—	—	6	3	—	3	2	4	—	—	—	—	8	10
Poliomiëlitis	1	—	7	5	4	1	1	1	—	2	—	—	13	9
Tuberkulose	—	—	1	1	1	—	—	—	6	3	2	1	10	5
Malaria	—	—	—	—	—	—	—	2	—	—	—	—	—	2
Meningokokkus-meningitis	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	1	1	2	1
Letargiese enkefalitis	—	2	—	—	1	1	1	1	—	—	—	—	2	4
NIE-BLANKES														
Tifoïde	—	—	2	2	5	4	16	5	9	8	1	1	33	20
Difterie	1	—	13	23	15	16	3	8	1	—	—	—	33	47
Tuberkulose	—	1	8	11	4	4	7	11	27	41	39	8	85	76
Poliomiëlitis	—	—	5	7	1	2	1	—	—	—	—	—	7	9
Meningokokkus-meningitis	—	—	—	—	2	—	—	—	—	—	—	—	2	—
Letargiese enkefalitis	—	—	—	—	1	—	—	1	—	—	—	—	1	1

TABEL 11.

DISTRIKSVERSPREIDING VAN AANGEMELDE AANSTEEKLIKE SIEKTES, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

		Aansteeklike enkefalitis		Serebrospinale meningitis		Tuberkulose		Trachoom		Neonatoriese oftalmie		Kraambedkoors		Melaatsheid		Tifoïde		Malaria		Difterie		Fluoriedvergiftiging		Skarlakenkoors		Belroos		Poliomiëlitis	
		M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Sentrale Gebied	Blks.	1	—	—	1	1	2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	1	—	7	6	—	—	—	2
	N-blks	—	—	—	—	5	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	2	—	—	—	—	—	—	—	—
Pretoria-Wes	Blks.	1	1	—	—	2	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—	—	2	4	—	—	1	2
	N-blks.	—	—	—	—	11	7	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Leprose-inrigting, sielsiekehospitaal, gevangenis- en verdedigingsterrein	Blks.	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—	—	—	—
	N-blks.	—	—	—	—	2	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Voortrekkerhoogte	Blks.	1	1	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
	N-blks.	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	2	—	—	—	—	—	—	—	—
Salvokop	Blks.	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—
	N-blks.	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Oostelike voorstede	Blks.	1	1	1	—	1	3	—	—	—	—	—	—	—	—	1	2	—	—	—	1	—		13	17	—	—	1	—
	N-blks.	—	—	1	—	5	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Noordelike voorstede	Blks.	2	1	—	—	2	2	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	2	1	—	1	6	16	—	—	1	2
	N-blks.	—	—	—	—	5	4	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
Hercules	Blks.	—	—	2	—	3	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	7	7	—	—	2	4	—	1	5	2
	N-blks.	—	—	2	1	89	64	—	—	—	—	—	—	—	—	4	4	—	—	5	17	—	—	—	—	—	—	—	3
Vlakfontein	N-blks.	—	—	—	—	91	68	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—	—	—	3	14	—	—	—	—	—	—	2	1
Atteridgeville	N-blks.	—	—	—	—	85	46	—	—	—	—	—	—	—	—	3	3	—	—	8	9	—	—	—	—	—	—	—	1
Asiatebuurt	N-blks.	—	—	—	—	3	2	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	2	—
Kleurlinglokasie	N-blks.	—	—	1	—	18	5	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	1	—

TABEL 12.

VOORKOMS VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES, VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1960

		Tifoïde	Malaria	Skarlakenkoors	Difterie	Melaatsheid	Belroos	Poliomëlitis	Aansteeklike Enkefalitis	Serebrospinale meningitis	Trachoom	Fluoried-vergiftiging	Tuberkulose
Januarie—													
Blankes	Inwoners	—	—	8	4	—	—	1	—	1		—	1
	Ingevoer	2	1	—	—	—	—	2	—	—		—	1
Nie-Blankes ...	Inwoners	2	—	—	8	—	—	2	—	—		—	41
	Ingevoer	—	—	—	3	—	—	1	—	—		—	11
Februarie—													
Blankes	Inwoners	1	—	6	2	—	—	5	2	—		2	2
	Ingevoer	5	—	—	1	—	—	3	—	—		—	2
Nieblankes	Inwoners	4	—	—	5	—	—	1	—	—		—	55
	Ingevoer	26	—	—	26	—	—	3	—	—		—	12
Maart—													
Blankes	Inwoners	3	—	8	3	—	—	2	—	—		—	2
	Ingevoer	1	—	2	3	—	—	5	—	—		—	3
Nieblankes	Inwoners	—	—	—	14	—	—	3	—	—		—	47
	Ingevoer	6	—	—	23	—	—	5	1	—		—	17
April—													
Blankes	Inwoners	—	—	6	3	—	—	1	—	—		—	1
	Ingevoer	—	—	1	5	—	—	2	—	—		—	1
Nieblankes	Inwoners	1	—	—	6	—	—	3	—	—		—	29
	Ingevoer	3	—	—	3	—	—	3	—	—		—	9
Mei—													
Blankes	Inwoners	—	—	9	—	—	—	3	—	—		—	1
	Ingevoer	—	1	—	3	—	—	2	—	—		—	2
Nieblankes	Inwoners	3	—	—	5	—	—	—	—	—		—	34
	Ingevoer	2	—	—	3	—	—	1	—	—		—	15
Junie—													
Blankes	Inwoners	—	—	10	3	—	—	1	2	—		—	4
	Ingevoer	1	—	—	1	—	—	—	—	2		—	1
Nieblankes	Inwoners	1	—	—	3	—	—	1	—	1		—	57
	Ingevoer	4	—	—	3	—	—	—	—	—		—	14
Julie—													
Blankes	Inwoners	—	—	4	1	—	1	1	2	—		—	3
	Ingevoer	1	—	—	3	—	—	—	2	1		—	—
Nieblankes	Inwoners	—	—	—	4	—	—	—	—	3		—	38
	Ingevoer	1	—	—	—	—	—	—	1	—		—	11
Augustus—													
Blankes	Inwoners	—	—	5	1	—	—	1	1	—		—	4
	Ingevoer												2
Nieblankes	Inwoners	—	—	—	4	—	—	1	—	2		—	47
	Ingevoer	—	—	—	7	—	—	1	—	—		—	16
September—													
Blankes	Inwoners	—	—	9	—	—	—	—	—	1		—	1
	Ingevoer	—	—	—	1	—	—	2	1	—		—	1
Nieblankes	Inwoners	—	—	—	—	—	—	—	—	—		—	52
	Ingevoer	2	—	—	1	—	—	—	—	—		—	14
Oktober—													
Blankes	Inwoners	—	—	8	4	—	—	—	1	2		—	—
	Ingevoer	—	—	—	—	—	—	1	1	—		—	—
Nieblankes	Inwoners	—	—	—	3	—	—	—	—	—		—	38
	Ingevoer	3	—	—	2	—	—	—	—	1		—	12
November—													
Blankes	Inwoners	1	—	5	—	—	—	1	1	—		—	1
	Ingevoer	—	—	1	1	—	—	4	—	—		—	2
Nieblankes	Inwoners	—	—	—	4	—	—	—	—	—		—	46
	Ingevoer	1	—	—	6	—	—	—	—	—		—	18
Desember—													
Blankes	Inwoners	—	—	1	1	—	—	1	1	—		—	—
	Ingevoer	1	—	—	—	—	—	1	2	—		—	—
Nieblankes	Inwoners	6	—	—	5	—	—	—	—	—		—	33
	Ingevoer	5	—	—	3	—	—	2	—	—		1	12

STADSRAAD VAN PRETORIA

SEWE-EN-VYFTIGSTE

JAARVERSLAG

VAN DIE

Stadsgesondheidshoof

VIR DIE

JAAR EINDIGENDE 31/12/60